# HOOFSTUK 4

# C. M. SMIT

## 4.1 LEWENSKETS

### 4.1.1 INLEIDING

Die bespreking van die bydraes wat deur C. M. Smit gelewer is tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika kan slegs tot sy reg kom indien dit gesien word teen die agtergrond van Smit se lewensverloop. Die verrekening van die omstandighede waarin Smit sy opleiding moes ontvang sowel as die milieu waarin hy moes arbei, lei tot 'n beter begrip van die omvang en gehalte van die bydraes wat deur hom gelewer is. Vir meerdere begrip is kennis oor Smit self ook nodig, insluitende aspekte soos sekere karaktertrekke en persoonlikheidseienskappe.

Om die nodige insig te kry oor Smit se lewensverloop word die volgende aspekte uitgelig: sy jeugjare, sy opleiding, sy beroepsjare en ten slotte opmerkings oor Smit as persoon.

### 4.1.2 JEUGJARE EN BASIESE OPLEIDING

Claude Michael Smit is op 10 Maart 1908 te Malmesbury gebore. Hy was skraal gebou en tengerig vir sy ouderdom. In standerd nege moes hy die skool tydelik verlaat met 'n longaandoening. Op hierdie stadium het

die gesinsdokter aan Smit 'n boekie oor liggaamsoefeninge en sonbaddens gegee en "... hom so op die pad gesit wat later sy beroep sou word" (Smit, 1980:1).

Nadat hy aan die einde van 1926 aan die Hoërskool Malmesbury gematrikuleer het, is hy na die Universiteit van Kaapstad waar hy die B.A.-graad met Nederlands-Afrikaans en Duits as hoofvakke in 1930 behaal het (Smit, 1980:1). Prof. dr. J. Prinz (1946:1) professor in Duitse taal en literatuur aan die Universiteit van Kaapstad het die volgende aangaande Smit gemeld:

> "Mr. Smit has always been a very good student of this Department. During all the time of his attendance he has done his work most conscientiously, and has displayed a keen interest in linguistic and literary studies."

In 1931 is sy vader oorlede en moes hy vir 'n tydperk van een jaar sy besigheid ('n bakkery te Malmesbury) waarneem. Dit het egter gou geblyk dat hy nie vir die sakewêreld in die wieg gelê is nie en in 1932 is hy terug na die Universiteit van Kaapstad om sy tweetalige sekondêre onderwysdiploma aan die einde van 1932 te behaal (Smit, 1980:1). Een van sy dosente, A. C. S. Scrimgeour (1946:1) het die volgende opmerking oor Smit gemaak:

> "Mr. C. Smit possesses very many of the qualities that make for success in the profession he has chosen. He has the gift of managing boys through force of personality and his influence will be elevating and lasting."

Gedurende sy studentejare het Smit, vanaf 1928, by 'n privaat inrigting nl. die Radiant Health Institute aangesluit en sistematies te werk gegaan om homself liggaamlik op te bou (Anon., 1973a:61). Daar het hy die volgende aktiwiteite beoefen: vrye oefeninge, oefeninge met gewigte, oefeninge met gimnastiekballe asook boks en stoei. Hy het gereeld vyf middae per week geoefen en hom sodanig gerehabiliteer dat hy eventueel vir die Universiteit kon boks (Anon., 1973b). Hy het ook aktief aan ander sportsoorte aan die Universiteit deelgeneem. Vir die tydperk

1930-32 het hy 'n instrukteurskursus in liggaamskultuur aan die Radiant Health Institute onder kaptein Ronald Miller, wat dr. E. Jokl vir 'n kwartaal aan die Universiteit van Stellenbosch afgelos het, gevolg (Smit, 1980:1).

Dit was tydens hierdie periode wat die oortuiging by hom posgevat het van die noodsaaklikheid van liggaamlike opvoeding vir die skoolgaande kind (Smit, 1980:1). Verskeie professore was beïndruk deur die droom van hierdie student, maar daar was destyds geen inrigting in Suid-Afrika waar hy hom in die vak kon bekwaam nie. Om dié rede het prof. Theo le Roux (hoogleraar in Latyn en 'n sportentoesias) dr. Gie (die sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement) genader om die jong aspirant-onderwyser in staat te stel om hom in die buiteland te kwalifiseer. Ongelukkig was die land in die greep van die wêreldwye depressie en is alle beurse gekanselleer (Anon., 1973b).

Tydens sy S.O.D.-jaar by die Universiteit van Kaapstad het Smit ontpop as 'n gebore onderwyser, want vir 'n groot deel van 1932 was hy aan die Kaapse Onderwysdepartement gesekondeer om onderwysers in die Kaapse skiereiland vir twee of meer dae af te los. Na voltooiing van sy studies was daar egter geen betrekking te vind nie as gevolg van die depressie. Op aanbevelings van sekere professore is hy vir 'n pos in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Rondebosch se Seuns Hoërskool aanbeveel. Weens sy gebrek aan erkende Liggaamlike Opvoedkundige kwalifikasies kon hy egter nie vir die betrekking kwalifiseer nie (Smit, 1980:2). Dit was gedurende hierdie tydperk wat Smit vertoë tot die Kaapse Departement van Onderwys gerig het om Liggaamlike Opvoedkunde verpligtend in die skole te maak, "... want hoe anders sou sy eie skoolloopbaan nie gewees het as hy liggaamlik beter en gouer kon ontwikkel het nie" (Smit, 1972:2). Daar het egter niks van gekom nie.

### 4.1.3 BEROEPE EN VERDERE OPLEIDING : 1933-1939

Vanaf Maart 1933 tot Julie 1933 is Smit tydelik aangestel as onderwyser aan die Hoër Seunskool, Malmesbury, waar hy onder meer verantwoordelik was vir liggaamsoefeninge, boks, stoei en kadette.

Vanaf Julie 1933 tot Maart 1934 het Smit, weens die depressie, privaatklasse in gimnastiek waargeneem. Hy was instrukteur by die Malmesbury Physical Culture Club wat die volgende ten doel gehad het (Anon., 1934):

> "We aim at a healthy and symmetrical developed body useful for all the purposes of every day life, and capable of standing any sudden strain, or any sudden call on the reserves of strength, without breaking up."

Smit het besondere moeite gedoen om die gemeenskap te begeester met sy entoesiasme vir Liggaamlike Opvoedkunde. So byvoorbeeld het hy 'n vertoning gereël wat in 1933 deur die Malmesbury Physical Culture Club met groot sukses aangebied is (Anon., 1933b).

Gedurende hierdie tydperk was Smit ook behulpsaam met die Cape Times Fresh Air kampe vir behoeftige kinders met die doel om 'n gesonde leefwyse aan te kweek.

Eers in April 1934 het Smit se aansoek geslaag om 'n permanente aanstelling as taalonderwyser (Duits, Engels en Afrikaans) te kry aan die Vryburgse Hoërskool, waar hy ook verantwoordelik was vir liggaamsoefeninge, boks, stoei en kadette. Smit was 'n entoesiastiese onderwyser en het weer eens uit sy pad gegaan om die leerlinge geïnteresseerd te kry in Liggaamlike Opvoedkunde onder andere deur die reël van vertonings.

Tydens die herdenkingsfees van die Stellaland Republiek, het Smit die geleentheid gekry om die superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, dr. W. de Vos Malan, te beïndruk met sy gimnastiekvertoning.

Hy is genooi om dr. de Vos Malan in Kaapstad te kom spreek, maar die onderhandelinge het weer in 'n doodloopstraat geëindig. (Smit, 1980:2).

Intussen is uitlanders aan die opleidingskollege te Paarl en aan die Universiteit van Stellenbosch vir Liggaamlike Opvoedkunde aangestel (kyk 2.3) en Smit besluit in April 1935 om 'n betrekking aan die Hoërskool Windhoek te aanvaar, waar hy Engels, Afrikaans, Duits en Aardrykskunde onderrig het. Hier was hy ook verantwoordelik vir liggaamsoefeninge, boks, stoei en kadette. Met sy dinamiese persoonlikheid het hy gou 'n plek in die samelewing verower. Sy buitemuurse bedrywighede het hoofsaaklik die bevordering van musiek en musiekwaardering, letterkunde, asook liggaamsopvoeding by die leerlinge behels. Om hierdie redes het hy 'n klasbiblioteek ingestel, twee orkeste begin, musiekaande gereël en vrywillige gimnastiekklesse smiddae gereël. Hy was ook onder andere 'n erelid van die Deutsche Turnverein (Smit, 1980:2).

Op 17 Desember 1935 is hy in die huwelik bevestig met Dendalina Fredericka Nel van Barkly-Wes.

In 1937 het Smit die Duitse prestige stipendium van die Alexander von Humboldtstigting ontvang. Die stigting het toekennings aan buitelandse studente gemaak om hul in staat te stel om verder in Wes-Duitsland te studeer. In Oktober 1937 het Smit en sy gade na die buiteland vertrek om sy ideaal te verwesenlik naamlik om hom in die Liggaamlike Opvoedkunde aan die Reichsakademie für Leibeserziehung in Berlyn te bekwaam. Mev. Smit het vir 'n dergelike diploma aan die Sport Hochschule van die Universiteit van Berlyn ingeskryf (Anon., 1973a:61).

Die kursus aan die Reichsakademie was 'n gekonsentreerde kursus wat daarop ingestel was om die tekort aan leerkragte binne die kortste tydsbestek aan te vul en gevolglik was die keuring uiters streng. Uit 200 sportlui van nasionale en internasionale gehalte was slegs 60 tot die kursus toegelaat (Anon., 1973b). Tydens sy verblyf in die buiteland het Smit ook 'n spesiale kursus vir gekwalifiseerde liggaamlike opvoedkundiges aan die Niels Bukh Kollege te Ollerup, Denemarke

bygewoon en besoeke aan verskillende Liggaamlike Opvoedkundige inrigtings in ander Europese lande gebring.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika aan die einde van 1938 het Smit sy vorige betrekking aan die Hoërskool Windhoek hervat vir die tydperk Januarie tot Maart 1939. Gedurende hierdie tydperk was hy verantwoordelik vir:

1. Die opstel van 'n leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir gebruik in die Suidwes-Afrikaanse skole.

2. Die hou van 'n spesiale kursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir onderwysers in Windhoek.

Op 1 April 1939 het Smit die pos aanvaar as organiseerder vir Liggaamlike Opvoeding in die Unie-Onderwysdepartement te Pretoria. Dat die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika hoë waardering gehad het vir die werk wat Smit in Suidwes-Afrika gelewer het, blyk uit 'n skrywe van die Direkteur van Onderwys, W. H. Orban (1946:1) aan Smit waarin hy hom gelukwens met sy nuwe benoeming en bevordering en verder sy opregte dank betuig vir "... die uitstekende dienste, wat u as onderwyser aan die hoërskool, die jeug van Suidwes-Afrika bewys het en vernaamlik vir die ywer en geesdrif wat steeds al u pogings gekenmerk het."

### 4.1.4 UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT : 1939-1946

Op 1 April 1939 is C. M. Smit aangestel as die eerste organiseerder vir Liggaamlike Opvoedkunde in die Unie-Onderwysdepartement, Pretoria, waar hy verantwoordelik was vir die Liggaamlike Opvoedkundige beleid van alle departementele inrigtings.

Die skole, onder andere industriële-, spesiale-, handels-, landbou- en huishoudskole sowel as die tegniese kolleges wat onder sy sorg geplaas

is, was oor die hele land versprei. Op daardie stadium was daar nog geen sprake van georganiseerde, sistematiese Liggaamlike Opvoedkunde by bogenoemde inrigtings nie. By die seunskole is hoofsaaklik militêre dril en kadetoefeninge gedoen terwyl sport, veral atletiek as buitemuurse aktiwiteit beoefen is. By die meisieskole is driloefeninge (meestal een of ander vorm van Sweedse dril) en sport beoefen. Daar het dus 'n reuse taak op Smit gewag. Hy moes Liggaamlike Opvoedkunde in die skole invoer, onderwysers in diens oplei asook sportfasiliteite en -toerusting beplan (Smit, 1980:3).

Benewens sy gewone departementele pligte was Smit ook verantwoordelik vir 'n groot verskeidenheid take wat aan hom opgedra is deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding. (Kyk 2.3). Vanaf April 1939 tot Desember 1940 het hy as organiseerder van Liggaamlike Opvoeding vir die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO) opgetree. Hy was onder andere verantwoordelik vir die inspeksie van klubs en ander liggame (wat in diens van die publiek gestaan het) en oor die lengte en breedte van die land bestaan het. Mev. Smit is aangestel om hom in hierdie reuse taak by te staan en om hom op sy reise te vergesel (Smit, 1980:3).

Vanaf 1940-1943 het Smit in medewerking met 'n kommissie gewerk aan die opstel van nasionale leerplanne vir Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika - 'n taak wat deur NARLO geïnisieer is.

Gedurende sy dienstydperk aan die Unie-Onderwysdepartement was Smit betrokke by die aanbied van 'n groot verskeidenheid kursusse wat die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde ten doel gehad het. So was hy byvoorbeeld in beheer van die volgende kursusse:

- Julie 1940 : 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir onderwysers te Johannesburg onder beskerming van die NARLO.
- September 1940 : 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Windhoek vir die Suidwes-Afrika Onderwysdepartement.
- September 1941 : 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Windhoek vir die Suidwes-Afrika Onderwysdepartement.

- Julie 1942 : 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Bloemfontein vir onderwysers van die Unie-Onderwysdepartement.
- September 1942 : 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Bloemfontein vir gekwalifiseerde onderwysers van die OVS Onderwysdepartement.
- Julie 1945 : Die eerste vakansiekursus vir atletiekafrigters te Bloemfontein onder die beskerming van die OVS-Onderwysdepartement en Atletiekbond (Smit, 1946a:3).

Gedurende 1944 tot 1946 het die Transvaalse Onderwysdepartement, omdat dit geen bevoegde persoon vir die pos van Opsiener van Liggaamlike Opvoedkunde kon vind nie, van die dienste van Smit gebruik gemaak. Hy het skole en kolleges van die Transvaalse Onderwysdepartement geïnspekteer en gehelp met die formulering van hul beleid (Smit, 1980:3). Hy het ook as inspekteur en eksaminator vir die Liggaamlike Opleidingsbataljon (LOB) onder D. H. Craven opgetree. (Kyk 2.3).

Vir die tydperk 1939 tot 1946 het Smit op verskillende komitees van die NARLO en die Unie-Onderwysdepartement gedien. Die meeste van hierd0e komitees het baanbrekerswerk gedoen. Hy was onder andere op die volgende komitees:

- Komitee vir die samestelling van terme i.v.m. Liggaamlike Opvoeding
- Komitee vir die standaardisering van gimnastiekapparaat
- Komitee vir die standaardisering van swembaddens en gimnastieksale
- Komitee vir die standaardisering van sportgronde
- Leerplankomitee
- Liggaamlike Opvoedkundige Publisiteitskomitee
- Komitee van ondersoek na die bedrywighede van die Liggaamlike Opleidingsbataljon te Kimberley (Smit, 1980:4).

Dat Smit 'n baie bedrywige man was tydens sy dienstydperk aan die Unie-Onderwysdepartement, blyk uit 'n skrywe van hom aan die Sekretaris van die NARLO in Oktober 1940 (Smit, 1940a:1). Hy meld dat hy baie bedrywig was met die nasionale leerplanne vir die tydperk 10 Februarie tot 30 Junie 1940. Hy skryf verder:

"Gedurende genoemde periode moes ek nog my gewone kantoorwerk afhandel en het ek die volgende inrigtings gaan inspekteer waaroor rapporte ingelewer is:

**3-13 April:**

- Middelburgse Ambagskool en die Middelburgse Vrywillige Organisasie

**10-18 Mei:**

- Vyf klubs van die Transvaalse Vereniging van Meisieklubs te Johannesburg
- Sowat tien klubs van die Transvaalse Vereniging van Seunsklubs te Johannesburg

**18-24 Mei:**

- Ambagskool, Potchefstroom
- Handelskool, Potchefstroom
- Liggaamskultuurklub, Potchefstroom

Op hierdie reise het ek die werk van die nasionale sillabuskomitee saamgeneem. 30 Junie is die komitee uiteen en het ek gedurende die Juliemaand by 'n vakansiekursus in liggaamsopvoeding aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege te Johannesburg instruksies en lesings gegee.
Vir die tydperk 3 Augustus tot 5 Oktober was ek op inspeksie en gedurende die hele tydperk moes ek my vryetyd wy aan die nasionale leerplan. Selfs gedurende my vakansie het ek steeds stukke van Hoofkantoor ontvang wat inderhaas afgehandel moes word.
Tot dusver het ek nog byna g'n tyd gehad om my departementele werk (rapporte ensovoorts) af te handel nie. Daar kom daagliks lêers en rekwisisies in wat my onverdeelde aandag moet geniet" (Smit, 1940a:1).

Hierdie besige en vol tydperk in Smit se lewe is in Augustus 1946 beëindig. In September 1946 is hy aangestel as Professor in Liggaamlike Opvoedkunde en Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding aan die Universiteit van Pretoria (Anon., 1973a:61).

### 4.1.5 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA : 1947-1973

In Mei 1946 het die Raad van die Universiteit van Pretoria besluit om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde in te stel en op 27 Junie 1946 is die status en doelstellings daarvan finaal omskrywe. Dit sou as 'n selfstandige departement onder die Fakulteit van Opvoedkunde ressorteer en die hoof sou 'n professor wees wat tegelyk ook Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding sou wees (Anon., 1960a:125). Met ingang Augustus 1946 is C. M. Smit in hierdie pos aangestel en moes hy die Departement akademies en andersins van meet af aan opbou - beginnende met 'n Liggaamlike Opvoedkundegebou, sportgronde en toerusting (Smit, 1980:4). As Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding was dit verder sy taak "... om die sportaktiwiteite van alle studenteverenigings te koördineer en om uiteindelik met die verloop van tyd vir die liggaamlike welsyn van die student verantwoordelik te wees" (Smit, 1947b).

Smit het tydens sy dienstydperk van bykans 26 jaar aan die Universiteit van Pretoria baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde en sport, hetsy deur die instelling van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde, deur navorsing, deur die verbetering van fasiliteite, deur die bevordering van sport sowel as deur dienslewering in komitees en verenigings van die Universiteit en buite die Universiteit.

Al bogenoemde aspekte sal breedvoerig behandel word onder die opskrif: Smit se bydrae ten opsigte van die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en Sport aan die Universiteit van Pretoria (Kyk 4.4).

Met sy aftrede op 30 Junie 1973 het die Senaat en die Raad van die Universiteit hul dank en waardering uitgespreek vir die waardevolle, getroue en ywerige wyse waarop Smit sy pligte vervul het en vir die bydrae wat hy gelewer het tot die uitbouing en vooruitgang van die Universiteit van Pretoria. Die Registrateur het onder andere die volgende geskryf:

> "U aandeel in die vestiging en uitbouing van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde en die bevordering van sportbeoefening aan die Universiteit, verdien besondere vermelding" (UP, 1973b:1).

Uit waardering vir dit wat hy vir die Universiteit gedoen het, het die Raad besluit dat hy as Emeritus Professor van die Universiteit kwalifiseer (UP, 1973:1). Hierdie toekenning is "... met 'n warm gloed om die hart" deur Smit aanvaar (Smit, 1973b:1).

Na sy aftrede het Smit besluit om sy oudag op sy plasie van 10 morge digby Pretoria te gaan slyt (Anon., 1973a:61).

### 4.1.6 SMIT AS PERSOON

Smit het sekere karaktereienskappe besit wat daartoe bygedra het dat hy soveel sukses behaal het met dit wat hy aangepak het; eienskappe soos spontaniteit, eerlikheid, opregtheid, entoesiasme, opgewektheid en 'n besondere humorsin en liefde vir sy medemens.

Hy was 'n joviale mens met 'n besondere liefde vir mense. Hiermee saam hang die feit dat hy 'n verbasende mensekennis gehad het (Botha, 1983). Volgens Botha (1983) het hy die vermoë gehad om mense vinnig op te som en hul egtheid of onegtheid te bepaal.

Smit self was eerlik en opreg. In sy optrede was hy reguit en op die man af, sonder om doekies om te draai. Mev. Smit (1983) meld die volgende ten opsigte van bogenoemde:

"He called a spade a shovel and sometimes a "bloody" shovel".

Bogenoemde eienskap het tot gevolg gehad dat Smit nie altyd 'n diplomaat was nie en dat hy miskien "... nie die populêrste man op aarde was nie" (Botha, 1983).

Smit self was bewus van hierdie eienskap van hom, want in 'n persoonlike skrywe aan J. J. Op't Hof (Smit, 1940c:2) het hy die volgende geskrywe:

> " ... soos gewoonlik het ek weer baie reguit gepraat (miskien ook taktloos) en ek vertrou dat jy dit in die regte gees sal opneem. Die tyd vir diplomatiese doekiesomdraaiing is lankal verby as ons vir ons land iets wil uitvoer".

Volgens Botha (1983) het Smit glad nie na posisies en eer gestreef nie. Vir hom was sy Departement en sy vak sy liefde.

Smit het geleef vir sy vak Liggaamlike Opvoedkunde. Schrecker, 'n kollega wat Smit seker beter geken het as enige ander Liggaamlike Opvoedkundige in Suid-Afrika, het die volgende aangaande die wyse waarop Smit hom vir die vak beywer het, gemeld:

> "Prof. Smit always had the cause of Physical Education at heart and he constantly stood for it at the risk of harming his personal career, in this respect he differed from most of the other physical educationists with whom he had to do" (Schrecker, 1983:4).

Smit het die gawe gehad om dit wat hy aangepak het met entoesiasme uit te voer. Reeds as onderwyser het sy entoesiastiese optrede 'n groot invloed gehad op dié wat saam met hom gewerk het. Die prinsipale van die verskillende skole waar hy onderwys gegee het, meld die volgende aangaande Smit:

- **Gernecke - Hoërskool Vryburg**

"He introduced physical culture classes here and owing to his natural gift of inspiring, these were very popular .... His pupils were so enthusiastic that ....." (Gernecke, 1935:1).

- Anderson - Hoërskool Windhoek

"He came to us with a reputation for enthusiasm and energy in everything pertaining to school work, which has been well maintained during his stay here..... He has the ability of enfusing into his classes an interest in, and enthusiasm for the work" (Anderson, 1936:1).

Dieselfde Anderson het in 'n gemoedelike bui die volgende te sê gehad oor Smit se entoesiasme:

"Ek het dikwels gewens dat ek van mnr. Smit ontslae kan raak. Hy het altyd oorgeloop van entoesiasme en wou dan hê andere moes die onmoontlike doen. Hy sou somar een more kom en sê hy wou die volgende more 'n tennisbaan hê" (Anon., 1940b).

Smit se entoesiasme het geensins afgeneem tydens sy aanstelling as organiseerder van Liggaamlike Opvoekunde vir die Unie-Onderwysdepartement nie. In 'n brief van luitenant-kolonel C. M. Smuts aan Smit gedurende hierdie tydperk skryf hy soos volg:

"I'm glad to hear your enthusiasm hasn't cooled off - in fact, if anything, you sound more keen than ever before. Well, it's comforting to hear that such enthusiasm has had its reward" (Smuts, 1945:1).

Smit het sy werk aan die Universiteit van Pretoria met dieselfde entoesiasme - wat so eie aan hom was - voortgesit.

In 'n artikel oor Liggaamlike Opvoedkunde en prof. Claude Smit se opinie daaroor meld The Pretoria News die volgende:

"But prof. Smit is an enthusiast and he fired his staff with the same spirit that has enabled him to achieve so much at the University" (Anon., 1951).

Met sy aftrede het die Senaat en die Raad van die Universiteit hom bedank vir die "ywerige wyse" waarop hy sy pligte vervul het (UP, 1973b:1).

Met sy afsterwe in 1978 het die Rektor van die Universiteit in 'n brief van medelye onder andere die volgende aan mev. D. Smit geskryf:

"Ons herinner prof. Smit nog altyd vir sy opgewektheid, sy entoesiasme en sy humorsin. Dit sal ons altyd onthou" (UP, 1978:1).

Soos uit bogenoemde aanhaling blyk het Smit 'n besondere sin vir humor gehad. Hiermee het hy 'n plek in menige harte verower. Sy toesprake was oor die algemeen deurspek met kwinkslae en gevatte opmerkings. In sy afskeidstoespraak voor studente en personeel van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria het hy byvoorbeeld afgesluit deur te sê:

"Dames en here, iemand het gesê : There are two kinds of cleverness. One consists of thinking of a bright remark in time to say it. The other consists of thinking of it in time not to say it.

Ek wil hierdie raad volg en afsluit ..... " (Smit, 1973a).

Smit was 'n persoon wat die Engelse spreuk: "Practice what you preach" uitgeleef het ten opsigte van sy eie sportbeoefening. Nadat hy as jongman die waarde van oefening ontdek het, het hy aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelgeneem soos byvoorbeeld oefen met gewigte, stoei, boks, tennisspeel, pluimbalspeel en draf. Nadat hy in 1966 sy een long moes laat verwyder - die een long wat agtergebly het was volgens hom die beloning van veertig jaar se oefening (Smit, 1972:6) - het hy steeds bly pluimbal speel, gehardloop en met gewigte geoefen.

Benewens Smit se belangstelling in Liggaamlike Opvoedkunde en sport het hy ook 'n besondere belangstelling in die natuur en buitelewe gehad. Verder het hy ook uitstaande musiektalent gehad en kon hy die viool en tromme bespeel. Hy het verskeie orkeste afgerig en self in 'n paar gespeel soos onder andere die Collegians Orchestra te Malmesbury. Smit het verder 'n besondere liefde vir lees gehad en het vele ure daaraan bestee (Smit, 1983).

Smit is op 17 Desember 1935 in die huwelik bevestig met Dendalina Fredericka Nel. Uit hierdie huwelik is 'n dogter, Lynette en 'n seun, Dennis gebore. Mev. Smit het haar man in alles wat hy onderneem het, bygestaan. Sy het hom in 1938 na Duitsland vir sy studies aldaar vergesel en self verdere studies deurloop. Sy het hom bygestaan tydens sy verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement en gesamentlik het hul vele take en projekte in diens van Liggaamlike Opvoedkunde voltooi. Sy het verder ook saam met hom klas gegee aan die Universiteit van Pretoria waar Smit hoof was van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde. Volgens Botha (1983) was hierdie pad wat C. M. Smit en sy eggenote saamgeloop het, uniek. Van mev. Smit meld Botha (1983) die volgende:

> "Sy het vir Claude Smit bygestaan tot aan die einde met sy werk. Sy was vir hom 'n groot bron van inspirasie."

Die man, Claude Smit, is dus in sy lewensloop bygestaan en ondersteun deur sy eggenote, Denna Smit. Dit was dan ook onder andere deur haar inspirasie dat Smit so 'n groot bydrae kon lewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Hierdie merkwaardige man is op 9 Augustus 1978 op sy plasie "Laastekoedoe" oorlede.

## 4.2 SMIT SE BESKOUINGS TEN OPSIGTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT

### 4.2.1 INLEIDING

Wat Smit betref, blyk dit dat daar 'n merkbare ontwikkeling plaasgevind het in sy beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde vanaf die tydperk wat hy as Physical Culture Consultant sy mening daaroor uitgespreek het (Smit, 1933) tot die tydperk wat hy 'n professoraat in Liggaamlike Opvoedkunde beklee het. Die ontwikkeling was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n verbreding in sy beskouings wat plaasgevind het nadat hy die kursus in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Reichsakademie te Berlyn in 1938 deurloop het. By die bespreking van Smit se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde en sport sal daar hoofsaaklik gekonsentreer word op sy sienswyses na 1938 omdat dit hoofsaaklik hierdie beskouings is wat Smit in die toepassing van sy vak uitgeleef het.

Verder sal daar gekonsentreer word op uitstaande aspekte rakende sy beskouings. Benewens die feit dat dit 'n baie omvangryke taak sou wees om al sy beskouings ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde en sport te bespreek, sou dit ook oorbodig gewees het vir hierdie studie. Omdat hierdie studie poog om Smit se bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan te dui, sal daar dus gekonsentreer word op dié uitstaande aspekte rakende sy beskouings wat 'n invloed kon hê op die betrokke bydraes wat deur hom gelewer is.

### 4.2.2 DIE TERM "LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE"

In die begin veertigerjare was daar nog baie onkunde oor die vak Liggaamlike Opvoedkunde en het artikels hieroor dikwels (volgens Smit,

1943b:2) gewemel van " ... ondiskriminerende en ergerlike verkeerde gebruik van tegniese terminologie".

Bogenoemde aspek het Smit genoodsaak om sy beskouings aangaande die ontwikkeling van die term Liggaamsopvoeding duidelik uit te spel (Smit, 1943b:2). Volgens hom was die terme Liggaamskultuur en Liggaamsopvoeding nie sinoniem nie maar het dit eerder op die evolusie van 'n begrip en sy konnotasie gedui. Die begrippe was aanduidings van die vooruitgang in wetenskaplike kennis wat aanleiding gegee het tot nuwe filosofieë, beginsels, oogmerke, opmerkings, leerplanne en metodes (Smit, 1943b:3).

Volgens Smit (1943b:4) het die term Liggaamskultuur populêr geword teen die middel van die neëntiende eeu en is dit geadverteer as "kursusse" wat geneem kon word om verskeie kure te bewerkstellig - in die vorme van gesondheid, krag en skoonheid. Gekommersialiseer deur vereringsdwepers het Liggaamsopvoeding in Ligaamskultuurkringe 'n betekenis gekry wat volgens Smit (1943b:4) nie benydenswaardig was nie. Die enigste verband was terminologies van aard.

Smit was van mening dat die term Liggaamsoefeninge op die voorgrond gekom het gedurende die periode " ... toe die program van liggaamsopvoeding-aktiwiteite hoofsaaklik op die geaardheid van sierlikheidsgimnastiek en gimnastiek was, en toe dit onder die invloed van sogenaamde gimnastieksisteme was" (Smit, 1943:5). Hy (Smit, 1943b:67) het liggaamsoefeninge beskou as 'n fisiologies-gebaseerde stelsel van oefeninge met spesifieke oogmerke in oorlogtye.

Wat die term Liggaamsopvoeding betref, het Smit (1943:67) gemeld dat hy dit as deel van die skoolprogram beskou. Volgens hom moes die belangrikheid van die fisiologiese aspek gedurigdeur in ag geneem word, maar was die opvoedkundige oogmerke die vernaamste (Smit, 1943b:67).

Dit moet in ag geneem word dat die term Liggaamsoefening in die dertiger- en veertigerjare - die tydperk waartydens Smit bogenoemde opinie uitgespreek het - algemeen in Suid-Afrika in gebruik was. Uit hierdie

term het die terme **Liggaamlike Opvoeding** en **Liggaamlike Opvoedkunde** voortgevloei.

Met bogenoemde uiteensetting het Smit gepoog om aan leke, vir wie die terme wat in omloop was (gedurende die veertigerjare) nog hoofbrekens besorg het, duidelikheid te verskaf (Smit, 1943b:5). Wat die term **Liggaamlike Opvoeding** betref, is die volgende definisie van Liggaamlike Opvoeding deur Smit onderskryf: "Liggaamlike Opvoeding is 'n integrale deel van die algemene opvoeding wat bykans uitsluitlik geskied deur middel van spesiaal geselekteerde psigo-motoriese grootspier-aktiwiteite en verwante ervarings vir die ontwikkeling van veral liggaamlike, maar ook wel geestelike-emosioneel- en sosiaal geskikte burgers" (Smit, 1970b:2). Daar was volgens Smit (1970b:2) niks verkeerd met die benaming **Liggaamlike Opvoeding** nie as in gedagte gehou is dat dit in hoofsaak opvoeding deur middel van die liggaam beteken het nie.

Hy was van mening dat Liggaamlike Opvoeding dit was wat op skool beoefen was en dat Liggaamlike Opvoedkunde die wetenskap van eersgenoemde was (Smit, 1985). Om hierdie rede het hy daarop aangedring dat die nuutgestigte Departement aan die Universiteit van Pretoria, in 1947, as die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde bekend sou staan. Smit was dus 'n ondersteuner van Postma (kyk 3.2.2) sowel as Smith (kyk 5.2.2) se beredenering dat Liggaamlike Opvoedkunde besliste erkenning moes geniet as 'n nuwe en outonome tak van die wetenskap.

### 4.2.3 DIE BEGINSELS VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

Volgens Smit (1970:1) was die kenmerk van 'n professie sy afhanklikheid van wetenskaplike feite wat, op hul beurt, die basis gevorm het vir die formulering van wetenskaplike metodes en prosedures. Omdat Liggaamlike Opvoedkundiges hul vir 'n professionele loopbaan voorberei het, was **beginsels** belangrik, want goed gevestigde beginsels het as 'n werkkode ter verwesenliking van doelwitte gedien. Smit (1970a:1) het beginsels

omskrywe as "... verklarings of veralgemenings, gebaseer op korrekte wetenskaplike en proefondervindelike gegewens, wat beskikbaar is en wat tot effektiewe handeling lei".

Smit (1970a:2) het Liggaamlike Opvoeding beskou as 'n integrale deel van die algemene opvoeding, "... wat bykans uitsluitlik plaasgevind het deur middel van spesiaal geselekteerde psigo-motoriese grootspieraktiwiteite en verwante ervarings vir die ontwikkeling van veral liggaamlike, maar ook wel geestelike-emosioneel- en sosiaal geskikte burgers". Dit was vir hom van besondere belang dat die woord **burgers** beklemtoon sou word, want hy het hom sterk uitgespreek teen die opvatting dat Liggaamlike Opvoedkunde hom dit ten doel sou stel om slegs sportpresteerders op te lewer (Smit, 1970a:2).

Smit het opvoeding in die algemeen as onskeibaar van Liggaamlike Opvoedkunde beskou. Hy het dit beskou as een fase en veral een benadering, wat altyd in samewerking met sowel die intellektuele as die estetiese en geestelike opvoeding moes geskied. Hy kon dit daarom nie genoeg beklemtoon dat Liggaamlike Opvoedkundiges opvoedkundig georiënteerd moes wees nie. Volgens hom (1970a:2) was Liggaamlike Opvoedkundiges nie kwasi-medici of kwasi-fisioloë nie, behalwe wanneer hul gevorderde akademiese opleiding in daardie besondere rigting voltooi het, in welke geval daar van sportartse en sportfisioloë gepraat sou word.

Dit was vir Smit belangrik dat 'n deeglike studie van die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde gedoen moes word om die beginsels van die vak tot hul reg te laat kom, want "... ons moet die verlede ken om die hede te begryp en die toekoms te kan beplan" (Smit, 1970a:4). Volgens hom sou hierdie beplanning nooit ophou nie, want die komende geslag sou voortdurend nuwe aanpassings moes maak om tred te hou met nuwe kennis en ontwikkeling.

Smit was van mening dat daar geen sprake van Liggaamlike Opvoedkunde kon wees sonder die opvatting van die organiese eenheid van die mens nie, dit wil sê die opvoeding van die mens as onskeibare geheel; liggaam, gees en siel. Hierdie opvatting oor die opvoeding van die kind in sy

geheel het volgens Smit (1949:10) die voorskrif geword van al die moderne opvoedkundige gebruike.

Omdat die Liggaamlike Opvoedkundige primêr 'n opvoeder was, het Smit dit noodsaaklik geag dat hy kennis van filosofie sou hê (Smit, 1970a:5). ('n Volledige bespreking van Smit se beskouings oor die filosofiese grondslae van Liggaamlike Opvoedkunde volg onder 4.2.4). Smit was verder oortuig daarvan dat studies in Liggaamlike Opvoedkunde 'n afdeling oor die wysgerig-filosofiese beskouings ten opsigte van die vak moes insluit, aangesien dit onder andere 'n invloed op die formulering van die strewe en doelstellings van Liggaamlike Opvoedkunde sou hê (Smit, 1969a:108).

Smit het die formulering van die strewe van Liggaamlike Opvoedkunde beskou as 'n belangrike samevatting van wat bedoel word en waarheen daar gestrewe word met die hoop om dit uiteindelik te verwesenlik. Hy was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde, as 'n fase van die algemene opvoeding dieselfde uiteindelike strewe het wat onder andere die term "goeie lewe" kan insluit (Smit, 1970a:6). Liggaamlike Opvoedkunde verskil dus nie soseer van die ander soorte opvoeding met betrekking tot sy strewe nie, maar eerder ten opsigte van sy eie spesiale doelstellings wat beklemtoon word in die soorte aktiwiteite wat sy program bevat. Volgens Smit (1970a:7) kon daar net een strewe wees maar 'n hele aantal doelstellings. 'n Doelstelling was slegs geldig indien dit 'n unieke bydrae gemaak het. Smit het tussen verliggende en nabyliggende doelstellings onderskei. Voorbeelde van eersgenoemde in Liggaamlike Opvoedkunde was gesondheid, rekreasie en karaktervorming. Die nabyliggende doelstellings, wat soms ook programdoelstellings genoem is, kan soos volg opgesom word:

- Die aankweek van gesondheidsgewoontes
- Die stimulering van liggaamlike ontwikkeling
- Die verwerwing van basiese liggaamlike fiksheid
- Die bemeestering van liggaamlike rekreatiewe bedrywighede vir vryetydsbesteding
- Die aankweek van 'n veiligheidsin

- Die ontwikkeling van gewenste karaktertrekke en eienskappe vir die ontwikkeling van 'n geïntegreerde persoonlikheid
- Die bevordering van geestesgesondheid (Smit, 1970a:7).

### 4.2.4 DIE FILOSOFIESE GRONDSLAG VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

Smit se beskouings oor die filosofiese grondslag van Liggaamlike Opvoedkunde word afsonderlik bespreek omdat hy hierdie aspek van die vak besonder hoog aangeslaan het, soos reeds geblyk het uit die bespreking van sy beskouings oor die beginsels van die vak.

Soos in vorige paragrawe gemeld, het Smit dit noodsaaklik geag dat die Liggaamlike Opvoedkundige kennis van filosofie sou hê (Smit, 1970a:5).

Smit het Windelband se definisie van filosofie onderskryf, naamlik:

> "Philosophy means the scientific treatment of the general questions pertaining to world view ("Weltanschauung" - theoretical) and life conception ("Lebensauffassung" - practical)" (Smit, s.a. d:4).

Indien bogenoemde aanvaar sou word, sou dit beteken dat die filosofie van Liggaamlike Opvoedkunde sou wees: eie wetenskaplike behandeling van algemene vraagstukke betreffende wêreldbeskouing en lewensopvatting vir sover hul betrekking het op Liggaamlike Opvoedkunde (Smit, s.a. d:8). Volgens Smit (s.a. d:8) behoort ons onsself die vraag te vra of die algemene vraagstukke in Liggaamlike Opvoedkunde van so 'n aard was en of hul inhoud wesenlik genoeg was om 'n eie omvattende filosofie te hê. Volgens hom was die antwoord nee. Hy was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde maar net 'n deel van Algemene Opvoedkunde was. Opvoedkunde was 'n baie wyer begrip as Liggaamlike Opvoedkunde en kon beslis in verband gebring word met lewensbegrippe. Smit het om hierdie rede gevoel dat 'n mens eerder van 'n beperkte stel filosofiese grondslae van Liggaamlike Opvoedkunde moes praat.

Volgens Smit was die belangrikste vraagstukke waarmee Liggaamlike Opvoedkunde te doen gehad het die volgende:

- Wat is die mens?
- Wat is Liggaamlike Opvoedkunde? En hoe moet dit wees om die mens te beïnvloed? (Smit, s.a. d:10)

Op die vraag wat die mens was, het daar by Smit geen twyfel bestaan dat die mens se gees en sy liggaam 'n totale eenheid gevorm het nie. In hierdie eenheid (substansie) het nóg die gees nóg die liggaam oorheers, maar was dit deur **energie** onderlê. Smit (s.a. d:21) was van mening dat as energie die substansie ten grondslag gehad het en dit aanvaar was dat die lewende organisme (d.w.s. ligaam en gees) die substansie was, 'n mens tot die slotsom moes kom dat die lewende organisme energie was.

Namate energie geleidelik al hoe meer bewustelik raak sou die van **wilsuiting** al hoe meer ter sprake gekom het (Smit, s.a. d:25). Die wesenlike bestanddeel van die gees was wilsuiting aangesien ook denke en gevoel dit op een of ander manier veronderstel het. 'n Opmerklike wilsuiting, veral in morele opsigte, is wat as karakter bekend staan. Dit het behels beide 'n onderdanigheid aan stelreëls wat geskik was om leiding te gee aan ons handelinge en genoeg energie om hulle tot uitvoering te bring.

Hoe sou al bogenoemde aspekte op die opvoeding toegepas kan word? Smit het dit soos volg uiteengesit:

> "Education means a desirable influence intentionally and consistently exerted upon a person's will (volition).
>
> 1. Desirable means in conformity with values such as honesty, charity, etc.
> 2. Intentionally means with an aim.
> 3. Consistently means to follow up.
> 4. Will means conscious volition" (Smit, s.a. d:36).

Opvoeding het dus beteken dat die kind so beïnvloed moes word dat hy dinge self kon doen. Opvoeding moes dus oorgaan tot selfopvoeding. Volgens Smit (s.a. d:36) het dit geïmpliseer dat die jong persoon bewus gemaak moes word van etiese waardes asook die verskaffing van wilskrag om te verseker dat alle opvoeding, in die laaste instansie, morele opvoeding sou wees. Dit het beteken dat nóg liggaamlike nóg intellektuele opvoeding apart kon staan maar deel was van die geheel.

Die doel van opvoeding volgens Smit (s.a. d:37) kon uiteengesit word in twee kategorieë naamlik:

1. Individuele doelstellings tot voordeel van die individu soos hardheid jeens homself, moed en wakkerheid, en
2. maatskaplike doelstellings tot voordeel van die gemeenskap soos gemeenskapsgees en hulpvaardigheid.

Die prosedure om bogenoemde doelstellings te bereik, kan skematies soos volg uiteengesit word:

## OPVOEDINGSPROSEDURE

| Onderrig | Wilsbeheer | Wilsversterking | Inoefening |
|---|---|---|---|
| Meedeel van kennis onder andere | Inspirasie | Deur beoefening van sport onder andere | Versekering van fiksheid |
| Geskiedenis en Bybelse literatuur | | Gimnastiek en sport | |
| Geestelike Opvoedkunde | | Liggaamlike Opvoedkunde | |

Alhoewel Opvoedkunde te doen gehad het met wilsuiting, het wilsuiting homself as liggaam en gees openbaar. Opvoedkunde sou dus beide onderrig en inoefening (training) moes gebruik vir geestelike en liggaamlike opvoeding en om morele opvoeding (wilskrag) te ontwikkel (Smit, s.a. d:38).

Aangesien die wilsuiting uit twee aspekte bestaan het, naamlik rigting en omvang, moes dit moreel gelei en versterk word deur middel van inspirasie en poging. Met ander woorde die persoon moes daarvan bewus geraak het dat hy moreel moes optree.

1. Die rigting van wilsuiting is verkry deur:
    - die voorbeeld van ouers, broers en susters en vriende (onderwysers), veral in die geval van kinders: en
    - te hoor en te leer van edele persoonlikhede.
2. Versterking van die wil is verkry deur 'n vermoeiende opdrag uit te voer deur byvoorbeeld harde werk, 'n wiskundige probleem of liggaamlike oefening te voltooi (Smit, s.a. d:39).

Volgens Smit (s.a. d:39) was die belangrikste waarde van die spelsituasie in sport nie noodwendig die verkryging van 'n goeie karakter nie omdat die moontlikheid bestaan het dat 'n kind òf geïnspireerd òf teleurgesteld kon wees.

Ten opsigte van die versterking van die wil kon geen arbeid volgens Smit (s.a. d:39) méér daartoe bydra as liggaamlike oefening nie omdat gewone arbeid slegs verrig is vir die voltooiing van 'n spesifieke taak, terwyl oefening daarenteen 'n aktiwiteit was wat uitgevoer is vir die deelnemer se onthalwe en volgens sy behoeftes.

Smit was van mening dat indien Liggaamlike Opvoedkunde beoefen sou word as 'n middel tot 'n doel, dit logies sou voortvloei dat geen persoon die reg sou hê om homself onherstelbaar uit te put nie. Inoefening moes die verbetering van energie en versterking van die bewuste wil ten doel gehad het. Om dieselfde rede moes oordrewe spesialisasie in moderne tye afgekeur word. Die liggaamlike opvoedkundige moes hierteen waak en 'n alomvattende ontwikkeling beklemtoon (Smit, s.a. d:40).

### 4.2.5 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN NASIONALISME

Smit het reeds vroeg in sy lewe besef dat Liggaamlike Opvoedkunde belangrik is vir die volk. As jong onderwyser en ook as instrukteur by 'n liggaamskultuurklub het hy menige jong seun/man en dogter/dame geïnspireer tot aktiewe deelname aan oefeninge.

Die Zwartlander, Malmesbury het in 1933 berig:

> "Mr. Smit is to be congratulated for his initiative in recently establishing a gymnasium in our midst, and the progress he has already made, as is evidenced by his many and enthusiastic pupils, who are unstinted in their appreciation of the great benefits they are deriving from the exercises" (Anon., 1933b).

Net voor Smit se vertrek na Duitsland vir verdere studies in Liggaamlike Opvoedkunde in 1937 het hy die volgende mening in die plaaslike koerant te Windhoek uitgespreek:

> "Oor die algemeen word daar veels te min aandag aan die liggaamlike ontwikkeling van die jeug in ons skole bestee. By al ons geleerdheid en soorte van Opvoedkunde ly ons gebrek aan liggaamsoefeninge. Ons het nie net 'n geleerde volk nodig nie, maar ook 'n liggaamlike sterk volk" (Smit, 1937).

Dieselfde gedagte het hy uitgespreek in 'n toespraak voor studente in Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch op 19 April 1939. Hy het aan hulle gesê:

> "As u nie besield is met die idee om u volk op liggaamlike gebied te verbeter nie dan behoort u nie hierdie kursus te loop nie - en glo my ons volk het oefening nodig" (Smit, 1939b:1).

Nadat Smit by die Universiteit van Pretoria aangestel is, het The Star in 1947 'n onderhoud met hom gevoer waarin Smit (Anon., 1947a) "... the importance of the health of the nation" beklemtoon het en daarop gewys het in welke mate Liggaamlike Opvoedkunde 'n bydrae daartoe kon lewer. Volgens Smit het die oorbevolking in stede en die spanningsvolle lewenstyl van die moderne tyd verskeie probleme tot gevolg gehad - waarvan een die gesondheid van die volk was. Hy was van mening dat dit juis op hierdie gebied was wat Liggaamlike Opvoedkunde van onmisbare en onskatbare, alhoewel beperkte, waarde kon wees (Anon., 1947a).

Smit het verder beweer dat die instelling van kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aan universiteite 'n groot leemte sou vul in die opvoedingstelsel van die destydse Unie van Suid-Afrika, mits leerkragte met die hoogste moontlike kwalifikasies, sowel akademies as professioneel, aangestel sou word: " ... the appointment of physical educationists with the widest possible academical and professional qualifications would meet the needs of the Union" (Anon., 1947a).

Smit was dus 'n groot voorstaander daarvoor dat Liggaamlike Opvoedkunde aangewend moes word om nie net die jeug nie, maar die hele volk in 'n goeie gesondheids- en fiksheidstoestand te hou. Hy het dit egter gedurigdeur beklemtoon dat nasionale fiksheid nie verkry kon word deur die beoefening van Liggaamlike Opvoedkunde deur 'n paar

uitgesoekte sportsterre nie. Dit moes in gedagte gehou word dat Liggaamlike Opvoedkunde en sportafrigting nie sinoniem was nie. Hy het gesê:

> "Die afrigter is nie noodwendig 'n opvoeder nie, want vir hom is sportprestasie die einddoel en die atlete die middel tot daardie doel. Die opvoeder, daarenteen, wend sport aan saam met ander aktiwiteite slegs as 'n middel tot 'n doel. Die einddoel van die opvoeder is die mens wat hy voortbring" (Smit, 1969:110).

Hy het hierop uitgebrei en gesê:

> "Die maatstaf behoort altyd te wees: Watter soort man en vrou en, ten slotte, watter soort volk bring ons voort" (Smit, 1969:110).

As nasionalis was Smit baie uitgesproke oor wat die pligte van 'n landsburger sou wees. Volgens hom was dit een van die basiese pligte van 'n landsburger om "... liggaamlik en geestelik weerbaar te wees, asook om met opregte vaderlandsliefde, trots en lojaliteit besield te wees" (Smit, 1969a:112). Smit het beweer dat Liggaamlike Opvoedkunde in hierdie verband 'n magtige bydrae kon maak, maar dan moes daar egter uit een mond gepraat word en moes basiese beginsels op nasionale vlak toegepas word (Smit, 1969a:117).

Smit was lief om die volgende woorde wat Socrates aan 'n seun met 'n onontwikkelde liggaamsbou gerig het, aan te haal om op die belangrikheid van Liggaamlike Opvoedkunde vir goeie burgerskap te wys:

> "No citizen has any right to be an amateur in the matter of physical training. It is part of his profession as a citizen to keep himself in good condition, ready to serve his state at a moments notice. For how helpless is the state of the ill-trained youth in war or in danger. Finally, what a disgrace it is for a man to grow old without ever seeing the beauty and strength of which his body is capable" (Anon., 1945a).

Smit se mening dat Liggaamlike Opvoedkunde 'n bydrae kon lewer tot die liggaamlike en geestelike fiksheid van sy volk, het baie nou saam gehang met sy strewe na 'n eenvormige stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde vir Suid-Afrika. Sy beskouings hieroor word in die volgende paragraaf volledig bespreek.

### 4.2.6 'N EENVORMIGE STELSEL VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE VIR SUID-AFRIKA

Soos verskeie ander Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika was Smit ook 'n groot voorstaander daarvoor dat die land 'n eie Liggaamlike Opvoedkundestelsel moes hê. Hierdie strewe na 'n eenvormige stelsel was veral merkbaar in die dertigerjare, maar 'n "... lack of co-operation prevented the realisation of this ideal" (Smit, 1939a:1).

Die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO) het egter in 1939 die inisiatief in hierdie verband geneem. Omdat Smit op hierdie stadium as organiseerder van Liggaamlike Opvoeding vir die NARLO opgetree het, is hy gevra om 'n memorandum op te stel insake 'n eenvormige stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde vir Suid-Afrika (Smit, 1940b).

Uit hierdie memorandum het dit geblyk dat Smit (1940:1) van mening was dat 'n eenvormige stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde, of eerder 'n eenvormige metode, wat by Suid-Afrika se omstandighede sou pas, 'n absolute noodsaaklikheid was en wel om die volgende redes:

- Om oorvleueling te voorkom
- Om ongesonde mededinging/naywer uit te sluit
- Om die vinnigste resultate te bekom
- Om ekonomiese redes

Smit was van mening dat dit onmoontlik was om slegs een stelsel, byvoorbeeld die Deense, Sweedse, Duitse of Engelse stelsel, te neem en

dit net so in Suid-Afrika toe te pas. Hy het onder andere die volgende gesê aangaande die verskillende oefenvorme wat in bogenoemde stelsels gevind is:

> "What must be bourne in mind is that all these forms of physical education (gymnastics, athletics, swimming and games) are complementary to each other, no one form is sufficient in itself, and a sound scheme of physical education should include all forms of physical activity" (Smit, 1939a:3).

Hy was dus 'n voorstaander daarvan dat 'n eklektiese stelsel gebruik sou word om 'n gebalanseerde skema, wat die harmonieuse ontwikkeling van die kind ten doel het, daar te stel.

Indien die doelstelling van harmonieuse ontwikkeling as basis gebruik sou word by die saamstelling van 'n skema, moes so 'n skema die volgende vertakkinge insluit, aldus Smit (1940b:1):

1. Oefeninge :
   - 1.1 Vrystaande oefeninge
   - 1.2 Ratsheidsoefeninge
   - 1.3 Apparaatgimnastiek
     - 1.3.1 met kleinapparaat
     - 1.3.2 op grootapparaat
   - 1.4 Euritmiese oefeninge
   - 1.5 Volksdanse

2. Sport :
   - 2.1 Atletiekitems
   - 2.2 Swem en Duik
   - 2.3 Boks, Stoei en Joejitsoe

3. Spele :
   - 3.1 Hoofspele
   - 3.2 Kleinere Spele
   - 3.3 Gimnastiekspele

Smit was verder van mening dat die verskillende terreine van Liggaamlike Opvoedkunde (soos deur verskeie departemente en instansies beoefen is),

duidelik afgebaken moes word om oorvleueling te voorkom. Van die departemente en instansies wat Liggaamlike Opvoedkunde beoefen het, was:

1. Die Departement van Verdediging
2. Normaal- en Opleidingskolleges en Universiteite
3. Onderwysdepartemente
4. Klubs en Vrywillige Organisasies (Smit, 1940b:1).

As gevolg van die feit dat Smit op die Leerplankomitee wat deur die NARLO aangewys is om 'n nasionale leerplan vir Suid-Afrika saam te stel, gedien het, kon hy baie van sy beskouings oor 'n eie stelsel vir Suid-Afrika hierin realiseer. So byvoorbeeld het Smit in 1942 die volgende aan die Sekretaris van die NARLO geskryf:

> "Hoe langer ek aan die leerplan werksaam is, hoe meer voel ek dat dit alleenlik as 'n grondslag vir 'n toekomstige Suid-Afrikaanse skema beskou moet word" (Smit, 1942:1).

Aangesien Smit se beskouings oor 'n eenvormige stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde vir Suid-Afrika in 'n groot mate gerealiseer het in die leerplanne wat vir baie jare in skole in Suid-Afrika toegepas is, is dit wenslik dat Smit se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde in skole in die volgende gedeelte van naderby beskou sal word.

## 4.2.7 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE IN DIE SKOOLSITUASIE

Alhoewel al die onderwysdepartemente in Suid-Afrika in 1942 die beleid soos uiteengesit in die leerplanne van die NARLO, aanvaar het, het daar nie veel van tereg gekom nie. Oor die algemeen was die toestande ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in die meeste skole uiters onbevredigend (SAVGLO & O, 1953:5). (Vergelyk 2.3).

Smit het as vegter en voorstaander vir die regte en die plek van Liggaamlike Opvoedkunde in skole, hom sterk uitgespreek teen die wyse waarop Liggaamlike Opvoedkunde in skole afgeskeep is. So byvoorbeeld het The Pretoria News (Anon., 1951) soos volg berig:

> "Prof. Smit was most outspoken about the lack of support for physical education. Such support was almost entirely missing at schools ...."

Smit was van mening dat die hedendaagse kind nie voldoende geleentheid gekry het om te beweeg nie omdat hy ure op die skoolbanke moes sit ... en daarna weer in bioskope en ander plekke" (Anon., 1946a). Liggaamlike afwykings wat kon voorkom as gevolg van hierdie sittende lewe kon deur Liggaamlike Opvoedkunde op skool voorkom en herstel word. Hieroor het Smit die volgende gesê:

> "Die doel van formele Liggaamsopvoeding is dus eerstens voorbehoedend van aard. Die kind se liggaam moet reg en gesond ontwikkel. Alle liggaamlike gebreke moet herstel of verbeter word solank die kind se liggaam plooibaar is" (Anon., 1946a).

Smit het die algemene doelstellings van Liggaamlike Opvoedkunde ten opsigte van die jeug in en buitekant die klaskamer soos volg uiteengesit:

1. "Die aankweek van gesondheidsgewoontes.
2. Die opbou van organiese geskiktheid deur middel van bedrywighede wat spesiaal uitgekies is om snelheid, krag en uithouvermoë te ontwikkel.
3. Die ontwikkeling van beheer oor die senuwees en spiere deur middel van talryke en uiteenlopende bedrywighede wat behendigheid ontwikkel.
4. Die aankweek van ontspanningsgewoontes en belangstellings by kinders wat hulle nog sal beoefen in hul stokperdjies en beroepe as volwassenes.
5. Die ontwikkeling van wenslike maatskaplike houdings (burgerskap) en gedragsnorms (karakter) deur sportiewe gedrag" (Smit, 1949:10).

Die toepassing van Liggaamlike Opvoedkunde op skool moes volgens Smit (1969a:113) in die volgende skoolstruktuur geskied:

1. **Kleuterskole.** Kleuterskole moes nie privaatinstellings wees nie, maar moes by die bestaande onderwysopset geïntegreer gewees het. Liggaamlike aktiwiteite moes bestaan uit nabootsoefeninge, storielesse, toneelspeletjies, aktiwiteitslesse, sang- en ritmiese spele asook korrektiewe gimnastiek.

2. **Kindertuin.** Liggaamlike Opvoedkunde in die grade en standerd een moes deur die klasonderwyser/es waargeneem word. Die beoefening van vaardighede moes ook op hierdie stadium spelenderwys geskied.

3. **Laerskole.** Die Liggaamlike Opvoedkundige program vanaf standerd twee tot en met standerd vyf moes aan 'n Liggaamlike Opvoedkundige wat in die vak spesialiseer toevertrou word. Die leerlinge moes in basiese vaardighede onderlê word en daar moes nog geen sprake van spesialisering wees nie.

4. **Hoërskole.** Liggaamlike Opvoedkunde in die sekondêre skool moes uitsluitlik deur universiteitsopgeleide onderwysers waargeneem word. Spesialisering ten opsigte van die verskillende vaardighede moes nou geleidelik in werking tree.

Smit het op die ad hoc-komitee, wat in 1953 deur die SAVGLO & O aangewys is om 'n memorandum op te stel oor die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrikaanse skole, gedien. Hierdie komitee was dit eens dat die minimum tyd wat aan die liggaamlike ontwikkeling van die skoolkind spandeer moes word, drie periodes per week behoort te wees (SAVGLO & O, 1953:5). Vir Smit was dit 'n ernstige knelpunt dat die gemiddelde tydstoekenning aan Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole slegs twee periodes van 35 tot 40 minute elk was (Smit, 1969a:115). Volgens hom sou dit die ideale toestand gewees het indien daar 'n daaglikse periode van minstens een uur per klas aan Liggaamlike Opvoedkunde gewy kon word. Hy het dit selfs gewaag om 'n moontlike oplossing hiervoor aan die hand te doen deur die volgende aan te beveel:

"Bes moontlik sal die skooldag en skoolweek verleng moet word en baie dooie hout sal uit die bestaande akademiese leerplanne gesny moet word (Smit, 1969a:115).

Indien die term gimnastiek in sy wydste moontlike betekenis gebruik sou word, dit wil sê om alle vorms van liggaamsoefening (met en sonder gimnastiekapparaat) asook euritmiek, in te sluit, dan sou die ideale Liggaamlike Opvoedkundeprogram, volgens Smit (1952:24), uit die volgende bestaan het:

Vanaf die ouderdom van tien jaar moes 'n daaglikse periode van sestig minute vir kinders ingesluit word waarin formele gimnastiek onderrig word. In die algemene bedrywigheidsafdeling van die gimnastiektabelle moes voorsiening gemaak word vir die onderrig van verskillende behendighede deur middel van formele tegniese instruksie. Daarbenewens moes hulle aan spesiaal uitgesoekte spele (ingeslote atletiek en groottereinspele) deelneem. In die somerseisoen moes hul swemonderrig ontvang gedurende party van die gimnastiekperiodes. Smit was van mening dat "... alle kinders moes leer om te hardloop, te spring, te gooi en te swem" (Smit, 1952:24).

Bogenoemde moes aangevul word met 'n "deelnameperiode" - twee middae per week waarin dit verpligtend moes wees vir alle kinders om deel te neem aan minstens een somer- en een winterspel of -sportsoort. Saterdae en openbare vakansiedae moes gebruik word vir kompetisiewedstryde. Smit het die opinie gehuldig dat dit nie net die voortreflike leerlinge is wat in die verskillende ligas moes meeding nie maar dat dit "... veral diegene wat liggaamlik minder begaafd was en wat nie vir ligawedstryde kon kwalifiseer nie, wat die aandag van die instrukteur moes geniet" (Smit, 1952:24).

Smit het besef dat skoolhoofde probleme gehad het met die opstel van skoolroosters. Hy het dit egter ten sterkste afgekeur dat dit toegelaat is dat die hele skool gelyktydig Liggaamlike Opvoedkunde beoefen. By die meeste skole was fasiliteite beperk en kon die apparaat net deur 'n paar groepe gebruik word terwyl 'n verdere probleem die beperkte oefenruimte was. Op hierdie wyse sou Liggaamlike Opvoedkunde nooit

tot sy reg kom nie. Dit is ook nie aanbeveel dat twee klasse van gemiddelde grootte saamgevoeg sou word vir 'n les nie. Groepe moes nie groter as 'n normale klas, dit wil sê dertig leerlinge, wees nie en die relatiewe leeftydsverskil tussen leerlinge moes nie meer as twee jaar wees nie (SAVGLO & O, 1953:6).

Saam met die res van die lede van die ad hoc-komitee van die SAVGLO & O oor die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in die Suid-Afrikaanse skole, het Smit die volgende beskouings gehad oor sowel die fasiliteite as die leerplanne (SAVGLO & O, 1953:5):

Fasiliteite: Die komitee was van opinie dat die minimum vereistes ten opsigte van fasiliteite by skole moes wees:

1. 'n Saal of beskutte oordekte ruimte met geskikte kleedkamers en, indien moontlik, bad- en stortgeriewe.
2. 'n Terrein waarop sport en spele beoefen kan word.
3. Voldoende apparaat om aan die vereistes wat deur die leerplanne daargestel is, te voldoen. Dit het 'n geskikte stoorplek vir die apparaat ingesluit.

Leerplanne: Om te verseker dat die werk sistematies gedoen word, moes kwartaalprogramme vanuit die leerplanne opgestel word. Afskrifte van hierdie programme moes aan die onderwysdepartemente gestuur word. Op hierdie wyse kon inspekteurs beter beheer uitoefen en sou dit hul in staat stel om omvangryker advies aan die onderwysers te verskaf.

Smit het benewens sy beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde in die skoolsituasie ook sekere menings gehuldig oor die opleiding van onderwysers in die rigting. Hierdie beskouings sowel as sy opinie oor die Liggaamlike Opvoedkunde-onderwyser se rol in die samelewing, word volledig bespreek in die afdelings van hierdie hoofstuk wat handel oor Smit se bydrae tot die opleiding van onderwysers (kyk 4.4).

### 4.2.8 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT

Smit was van mening dat sport 'n behoefte van die mens vervul en dat dit 'n noodsaaklike vereiste vir 'n gebalanseerde lewe was. Hy het op bogenoemde stelling uitgebrei deur die volgende te skryf:

> "Behalwe dat die oefening (by die beoefening van sport) noodsaaklik is, is die kompetisiegees stimulerend en die gees van samehorigheid en eenheid met die span (indien van toepassing) van groot sekondêre vormende waarde" (Smit, 1957a:12).

Volgens Smit het sportdeelname op skool al hoe gewilder geraak "... because it was being realised that sport played an important part in personal health" (Anon., 1945a). Hy was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde alleen op skool nie voldoende liggaamlike oefening aan die kind verskaf nie en dat aanvullende aktiwiteit buite die skool baie meer aandag moes geniet. Hy het gesê:

> "Every child should be compelled to take part in some form of sport outside the school ..." (Anon., 1945c).

Sportdeelname was vir Smit egter nie net van belang vir die skoolkind nie, maar ook vir die volwassene. Omdat die werkende mens ook ontspanning nodig het na 'n dag se harde arbeid kon sportbeoefening in 'n groot mate in hierdie behoefte voorsien (Anon., 1945c).

Vir Smit was dit van groter belang dat 'n groot gedeelte van die bevolking sport sou beoefen as dat net 'n paar uitgesoekte sportsterre dit sou doen. Hy het gesê:

> "Instead of producing only a few outstanding athletes we should aim at the building of a nation of athletes who are sportsmen in the true sense of the word" (Anon., 1945a).

Dit was vir Smit belangrik dat deeglik onderskei moes word tussen Liggaamlike Opvoedkunde en sportafrigting. Volgens Smit (1969a:110)

was die afrigter nie noodwendig 'n opvoeder nie, want vir hom was sportprestasie die einddoel en die atlete die middel tot daardie doel. Die opvoeder, daarenteen, het sport saam met ander aktiwiteite slegs as 'n middel tot 'n doel aangewend. Die einddoel van die opvoeder, was volgens Smit (1969a:110), die mens wat hy voortgebring het.

Smit het die mening uitgespreek dat die doelstellings van Liggaamlike Opvoedkunde deur die doelstellings van prestasiesport verkrag kan word. Hieroor het hy die volgende gesê:

> "Die strewe na die bereiking van hoër en hoër prestasies hou selfs 'n groot gevaar in vir die liggaamsopvoeder, naamlik dat hy onder druk sy opvoedkundige taak verkrag. Nie net oorsee nie maar ook reeds hier te lande word die sportprogramme nie meer by die behoeftes van die kind aangepas nie. Van kleinsaf moet hy in swem, gimnastiek en dies Oeer ingespan word om eendag wêreldkampioen te kan word" (Smit, 1969a:110).

Smit het 'n verdere bedreiging vir Liggaamlike Opvoedkunde daarin gesien dat "...die belangrikheid van sport as politieke wapen en internasionale prestige oorbeklemtoon word" (Smit, 1969a:107). Ten spyte van Suid-Afrika se beheptheid met prestasiesport was daar volgens Smit (1969a:107) op daardie stadium 'n groot tekort aan deeglik opgeleide en ervare sportadministrateurs en -afrigters van wêreldformaat in Suid-Afrika. As gevolg van hierdie tekort is " ... die liggaamsopvoeder gelok om sy Liggaamlike Opvoedkundige taak te verwaarloos en om sy waardevolle tyd aan die meer reklamegewende sportaktiwiteite te wy" (Smit, 1969a:107).

Smit was uitgesproke oor amateurisme en professionalisme in sport. Hy was van mening dat amateur- en prestasiesport (professionele sport) geskei moes word. Hy het dieselfde mening as Juri Vasov gehuldig, naamlik:

> "Prestasiesport is 'n beroep. Vroeër of later sal dit van die gewone sport en van die Liggaamlike Opvoedkunde geskei moet word" (Smit, 1969a:111).

Smit het die hoop uitgespreek dat meer sportmanne en sportadministrateurs hierdie siening sou deel, want dit was vir hom 'n knelpunt dat so vele nie die vermoë gehad het om te onderskei tussen amateurisme en professionalisme nie (Smit, 1969a:110).

Smit het die volgende idees gehuldig ten opsigte van kompetisie en sport. Volgens hom (Smit, 1970c:1) het kompetisie in sport plaasgevind wanneer een of meer individue met mekaar meeding of iemand teen 'n telling of standaard gestry het. Om hierdie rede was alle sport en spele uiteraard wedywerend. Kompetisie was dus, volgens Smit (1970c:1) die hart en siel van sport en daarsonder sou sport slegs 'n kwynende bestaan kon voer.

Smit het beklemtoon dat daar 'n gevaar in kompetisie skuil indien dit nie in die regte gees geskied nie. Hy het geskryf:

> "Kompetisie is net soos die elemente water en vuur; wanneer dit onder beheer is, is dit 'n goeie dienskneg van die maatskappy, maar onbeheersd is dit 'n gevaarlike meester" (Smit, 1970c:1).

Smit was van mening dat daar in alle sportsoorte en spelvorme die moontlikheid vir die ontwikkeling van óf goeie óf slegte eienskappe geskuil het, want 'n speler kon 'n onselfsugtige en eerlike spel speel, maar ook die omgekeerde. Volgens hom was dit veral die misbruik óf valse óf oorbeklemtoning van die kompetisie-element wat hierdie gevaar meegebring het (Smit, 1970c:4). Hy het geskryf:

> "Ons behoef nie minder beklemtoning van sport en spele soos baie gesaghebbende persone beweer nie, maar meer van die "regte" soort, nie minder kompetisies nie, maar meer van die regte soort" (Smit, 1970c:7).

Smit het ook sekere beskouings oor die sportafrigter gehad. Hy was van mening dat die atleet nie langer kon vertrou op "... toevallige opmerking, geluk of natuurlike bekwaamheid nie" (Anon., 1946b). Die intensiteit van nasionale en internasionale kompetisies het dit gebiedend noodsaaklik vir die atleet - wat hom wou onderskei - gemaak om 'n deeglike studie

van die tegniek van die besondere nommer waarin hy wou deelneem, te maak (Smit, 1945a:8).

Op daardie stadium was afrigtingswerk in Suid-Afrika meestal verrig deur vrywilligers wat in die meeste gevalle, volgens Smit (1945a:8) ontoereikende kennis en ondervinding gehad het en bowendien nooit enige mag of status gehad het waardeur hul hul afrigtingsmetodes kon toepas nie. Smit het dit bepleit dat 'n afrigtingskema, wat deur die staat gesubsidieer sou word, vir alle vertakkinge van sport in Suid-Afrika - wat finansieel nie daartoe in staat was om die dienste van professionele afrigters van internasionale reputasie te bekom nie - ingestel moes word (Anon., 1961). Hy het dit verder bepleit dat erkenning gegee moes word aan uitstaande amateurafrigters wat vir jare waardevolle diens gelewer het (Anon., 1961).

Volgens Smit (Anon., 1946b) moes 'n bekwame afrigter die volgende eienskappe besit. Die eerste en die vernaamste was dat hy moes belangstel in sy werk. Hy moes gewillig wees om van ander te leer en om sy kennis weer onselfsugtig aan ander oor te dra. Hy moes proefnemings maak en soveel moontlik goeie atlete in aksie sien. Om sy kennis verder aan te vul moes die afrigter baie lees en bowenal moes hy iemand met invloed wees en moes hy orde kon handhaaf.

Ten slotte 'n paar opmerkings oor Smit se beskouings ten opsigte van die vrou en sport. Gedurende die begin van die twintigste eeu was hierdie onderwerp 'n twisvraag en verskeie medici het hul uitgespreek teen die deelname van die vrou aan sport, terwyl ander die deelname wou beperk. Volgens Smit (1971:1) was daar medies gesproke geen rede waarom enige beperkinge op die vrou gelê moes word ten opsigte van haar deelname aan sport nie. Smit sou boks, stoei, sokker, rugby en afstandlope langer as 1000 meter as moontlike uitsonderings beskou. Dit was vir hom belangrik dat oorspanning by vrouesport vermy moes word en dat daar gedurig mediese beheer uitgeoefen moes word. Volgens hom was dit dus nie "... so seer wat beoefen word nie, maar hoe dit beoefen word wat van belang was (Smit, 1971:1).

### 4.2.9 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN FIKSHEID

In hierdie gedeelte word die bespreking van Smit se bekouings oor fiksheid beperk tot die liggaamlike aspekte van fiksheid - wat volgens Smit (1952:20) slegs **een** faset van **totale fiksheid** was.

Smit het liggaamlike fiksheid soos volg omskryf:

> "Liggaamlike fiksheid is daardie optimale toestand van die individu wat dit moontlik maak om sonder uitermatige vemoeidheid of uitputting geïntegreerde en volgehoue prestasie te lewer waarvoor krag, uithouvermoë, spoed, soepelheid, behendigheid en algemene motoriese vermoë nodig is" (Smit, 1952:20).

Smit het liggaamlike fiksheid as 'n belangrike doelstelling van Liggaamlike Opvoedkunde beskou. Hy het die volgende hieroor geskryf:

> "Liggaamlike fiksheid is die enigste doelstelling wat bereik kan word uitsluitlik deur die stelselmatige toepassing van 'n goed gebalanseerde program van liggaamlike opvoeding" (Smit, 1952:20).

Hy was van mening dat die regte soort liggaamlike opvoedingsprogram altyd 'n liggaamlike fiksheidsprogram moes wees. So 'n program sou gevolglik 'n groot verskeidenheid uitgesoekte aktiwiteite moes insluit (Smit, 1952:23). Ofskoon daar ook behoorlik voorsiening gemaak moes word vir alle vorms van ontspanningsport en -spele vir vryetydsgebruik, moes die klem val op aktiwiteite wat die grootspiergroepe kragtig oefen omdat "... dit noodsaaklik was vir die ontwikkeling van meer krag en uithouvermoë" (Smit, 1952:23). Smit het daarop gewys dat slegs 'n paar sportsoorte alsydige ontwikkeling van krag en uithouvermoë in die hand werk en dat die meeste sportsoorte wel bydra tot die ontwikkeling van uithouvermoë en beenkrag maar min geleentheid bied vir die ontwikkeling van maag-, arm- en skouerkrag (Smit, 1952:23). Op grond van bogenoemde het hy tot die volgende slotsom geraak:

> "Al hierdie feite help om te bewys dat 'n liggaamlike opleidingsprogram wat hoofsaaklik of uitsluitlik bestaan uit òf gimnastiek òf sport en spele 'n wanbegrip is" (Smit, 1952:23).

Smit het ook sy mening uitgespreek oor die vraagstuk rakende fiksheid en gesondheid. Volgens Smit (1952:16) het die oorlogsituasie dit moeiliker gemaak om die verband tussen liggaamlike fiksheid en gesondheid te evalueer omdat daar so 'n verskeidenheid van menings was oor wat fiksheid beteken en oor wat gesondheid beteken. (Oorlogsfiksheid hoef byvoorbeeld nie die alfa en omega van fiksheid te wees nie. Dieselfde het gegeld in die debat oor die doel van fiksheid.) Smit self het sy bedenkinge uitgespreek oor die presiese betekenis (definiëring) van elkeen. Wat liggaamlike fiksheid betref was hy egter van mening dat die beste beskikbare mediese behandeling alleen nie 'n persoon kon fiks maak nie. Volgens hom (Smit, 1952:20) sou 'n mens onder ideale toestande gesondheid en liggaamlike fiksheid saam kon aantref, ofskoon 'n mens in 'n mediese sin gesond kon wees, d.w.s. vry van siekte, en tog nie fiks genoeg sou wees om om 'n blok huise in 'n stad te hardloop nie. Omgekeerd sou 'n mens ook persone kan vind wat fiks is, maar tog nie gesond nie (Smit, 1952:20).

Smit was 'n groot voorstaander van fiksheid vir die hele bevolking van Suid-Afrika. Hy het dit gedurigdeur beklemtoon dat nasionale fiksheid nie verkry kan word deur die toepassing daarvan op slegs 'n paar uitgesoekte "sportsterre" nie (Smit, 1969a:109). Hieroor het hy onder andere die volgende gesê:

> "Instead of producing only a few outstanding athletes we should aim at the building of a nation of athletes ..." (Anon., 1945a:8).

Hy was van mening dat die owerhede en die publiek opgevoed moes word om die noodsaaklikheid van Liggaamlike Opvoedkunde en liggaamlike fiksheid in hierdie ruimte-eeu te besef (Smit, 1969a:115). Daarvoor moes die Departement van Sport en Ontspanning met behulp van die Departement van Inligting, die radio en dies meer, ingespan word om 'n daadwerklike kampanje oor 'n tydperk van vyf jaar van stapel te stuur. Hierdie kampanje moes gepaard gaan met 'n liggaamlike fiksheidskema om

almal, oud en jonk, man en vrou, seun en dogter fiksheidsbewus te maak (Smit, 1969a:115).

Dat daar wel deeglik van Smit se beskouings oor liggaamlike opvoeding en fiksheid kennis geneem is deur kollegas, blyk uit die feit dat hy deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie in 1959 op 'n komitee aangestel is om 'n nasionale fiksheidskonferensie - die eerste van sy soort in Suid-Afrika - voor te berei (Anon., 1960b:48).

### 4.2.10 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN ENKELE SPORTHIGIëNIESE ASPEKTE

#### 4.2.10.1 Inleiding

Smit het duidelike riglyne daargestel ten opsigte van verskeie aspekte rakende sporthigiëne. Hy het sporthigiëne omskrywe as "... die kennis van die gesondheidswetenskap vir die voorkoming van enige benadeling van die gesondheid by die beoefening van sport" (Smit, 1968a:2).

In hierdie gedeelte sal slegs enkele van die belangrikste beskouings wat Smit oor Liggaamlike Opvoedkunde en sporthigiëne gehad het, bespreek word, naamlik sport en voeding, die probleem van massavermindering, kompetisie en sport, sonbaddens en geesteshigiëne.

#### 4.2.10.2 Sport en voeding

Smit was van mening dat die prestasievermoë van die atleet uitsluitlik deur inoefening (training) moontlik was. Alhoewel voeding belangrik

was, was dit slegs 'n middel om die menslike liggaam te help om sy optimale prestasie te bereik (Smit, s.a. f:1). Alhoewel daar oor die algemeen sekere spesiale kwaliteite aan besondere voedselsoorte toegeskryf is, was Smit van mening dat indien hierdie voedsels onder wetenskaplik gekontroleerde omstandighede getoets sou word, wat alle moontlikhede van motivasie, behendigheid of koördinasie sou uitskakel, die bevinding sou wees dat die effek hoofsaaklik sielkundig van aard was (Smit, s.a. f:1). Volgens Smit was 'n gebalanseerde dieet van vitale belang vir die atleet en moes hul voeding basies volgens dieselfde dieetkundige beginsels saamgestel word as vir die gewone mens. Die dieetbalans sou egter ietwat wissel volgens die sportsoort: vir kragsportsoorte was die volgende nodig: 16% proteïene, 40% vet en 44% koolhidrate en vir uithouvermoësportsoorte: 12% proteïene, 37% vet en 51% koolhidrate (Smit, s.a. f:17).

#### 4.2.10.3 Die probleem van massavermindering

Smit was van mening dat 'n groot aantal mense - veral middeljariges - aan vetsug ly. Hy het die nadele verbonde aan oormassa as volg opgesom:

1. Ongerief
2. Mismaaktheid
3. Onbekwaamheid
4. Vatbaarheid vir funksionele kwale van die bloedsomloopstelsel, die niere en die alvleesklier (suikersiekte)
5. Verminderde kanse om langer te lewe as gevolg van (4). (Smit, 1944a:12).

Op die vraag wat die begrip oormassa beteken en of die verskillende tabelle wat beskikbaar was om aan te dui wat 'n persoon se korrekte massa moes wees, korrek was, het Smit die volgende mening uitgespreek:

> "Baie soorte gewigstabelle word vandag aangebied, maar nie een van hulle is volmaak nie, omdat dit onmoontlik is om sulke tabelle op te stel wat vir alle persone van toepassing kan wees" (Smit, 1944a:13).

Hy was van mening dat die verskillende tipes liggaamsbou in ag geneem moet word (omdat massa deels afhang van liggaamsbou) om te bepaal of 'n persoon oormassa is. Dit sou dus 'n invloed hê op die samestelling van oefentabelle.

Vir Smit (1944a:16) was die mees algemene oorsake van oormassa die volgende:

- Ooreet
- Onaktiwiteit
- Abnormaliteit van die buislose kliere

Hy was van mening dat daar geen maklike manier was om massa te verloor nie en het hom sterk uitgespreek teen "gewetenlose sakemanne en fabrikante" wat duisende slagoffers jaarliks om die bos lei deur verskillende "maklike" - maar totaal vrugtelose - maniere en middels vir massavermindering aan te bied (Smit, 1944a:17).

Volgens Smit (1944a:22) was daar maar een fisiologiese manier om massa te verloor, naamlik deur die verbruik van meer liggaamsenergie as wat in die vorm van voedsel ingeneem word. Hieroor het hy die volgende geskryf:

> "Alhoewel óf oefening óf 'n dieet op sigself gewigsvermindering mag teweegbring, is die enigste veilige, verstandige en doeltreffende metode 'n kombinasie van die twee" (Smit, 1944a:22).

Hy het aanbeveel dat die volgende aktiwiteite beoefen kan word om die massa te verminder:

1. Daaglikse vrystaande oefeninge wat by die individu aanpas en wat 'n groot aantal maagoefeninge insluit.

2. Stapaktiwiteite soos byvoorbeeld 'n flinke wandeling van 4-6 kilometer per dag en een of ander vorm van ontspanning soos tennis, gholf of swem volgens eie voorkeur (Smit, 1944a:28).

#### 4.2.10.4 Kompetisie en sport

Smit se beskouing oor kompetisie en sport is reeds bespreek in die afdeling : Liggaamlike Opvoedkunde en sport. (Kyk 4.2.8). By die genoemde bespreking het die klem egter hoofsaaklik geval op die plek wat kompetisie inneem by die beoefening van sport en in die Liggaamlike Opvoedkundeprogram. In hierdie paragraaf word Smit se beskouing oor kompetisie en sport benader vanuit 'n sporthigiëniese oogpunt.

Smit was van mening dat kompetisie die hart en siel van sport was en dat sport daarsonder 'n kwynende bestaan sou voer. Hy het egter gedurigdeur gewaarsku teen die nadele en gevare wat die "... valse en verkeerde beklemtoning en aanwending van kompetisies mag meebring" (Smit, 1970c:4). Hy het die volgende voorbeelde aangehaal:

1. Die deelnemer (en selfs die toeskouers) kon ongewenste response aankweek as gevolg van 'n afrigter wat sy spelers aanhits om vennynig teenoor hul opponente op te tree.
2. Wanorganisasie, wat Smit beskou het as daardie verkeerde idee dat die eer van 'n skool, klub of provinsie belanriker was as die liggaamlike welsyn van die speler.
3. Die ongesondheid daarvan dat 'n deelnemer gedurig aan buitengewone spanning onderhewig was.
4. Te veel lof en publisiteit (wenners) sowel as te min daarvan (verloorders) kon 'n ongewenste effek op die deelnemer se persoonlikheid hê.
5. Buitensporige publisiteit kon veroorsaak dat die uitstaande speler valse waardes ontwikkel oor sy belangrikheid.
6. Die persoon wat al sy aandag aan een besondere sportsoort wy kon belangriker aktiwiteite soos sy werk of studies verwaarloos.

7. Afrigters kon geneig wees om al hul aandag aan die buitengewone talentvolle atlete te bestee ten koste van die minder begaafdes.

Alhoewel Smit bogenoemde gevare van wedywerende sport uitwys, benadruk hy dit dat hy nie 'n voorstaander is van minder beklemtoning van sport en spele nie, maar egter net meer van die "regte soort"; nie minder kompetisies nie, maar meer van die regte soort. Hieroor het hy die volgende geskryf:

> "Ons het dit nie eintlik teen kompitisie nie, maar maak net beswaar teen die wyse waarop dit in die praktyk toegepas word" (Smit, 1970c:7).

#### 4.2.10.5 Sonbaddens

Omdat Smit in sy jeugjare soveel baat gevind het by die beoefening van sonbaddens, het hy hom jare later nog steeds positief daaroor uitgelaat.

Volgens hom (Smit, s.a. e:9) was sonbaddens - as dit wyslik geneem was - 'n voortreflike en onoortreflike geneesmiddel vir algemene swakheid, rachitis en sekere soorte tering. Dit was ook 'n uitstekende kiemverswakker, sowel as 'n kiemdoder. Volgens hom (Smit, s.a. e:9) sou sekere vetsoorte wat onder die vel aanwesig is in vitamien D omgesit word by die neem van sonbaddens. Sonbaddens, wat sorgvuldig en op die regte manier geneem was, sou algemene gesondheid onmiddellik verbeter het : geestelike wakkerheid sou verbeter, rusteloosheid en slaaploosheid sou verminder, die eetlus sou verbeter, die spiere sou ontwikkel, nagtelike sweet sou ophou en die weerstandsvermoë teen kiemaanvalle sou toeneem. Smit het egter gewaarsku dat dit noodsaaklik was om uiters versigtig te wees in warm lande soos Suid-Afrika omdat daar 'n groot gevaar bestaan het dat buitensporige blootstelling aan sonlig die vel sou laat verouder en rimpels sou laat ontstaan. Dan was daar ook die gevaar van velkanker. Volgens Smit sou dit dalk beter wees om nie in die son te lê en bak nie, maar om in die son te beweeg soos spele

te speel, te swem, ens. en om sodoende terselfdertyd die voordele van sonlig te geniet (Smit, s.a. e:9).

#### 4.2.10.6 Geesteshigiëne

Volgens Smit (1970b:1) het die wêreldgesondheidsorganisasie gesondheid gedefinieer "... as daardie staat van algehele liggaamlik, geestelike en sosiale welgesteldheid (welsyn) en nie slegs die afwesigheid van siekte en gebreke nie". Geestesgesondheid was met ander woorde beskou as 'n aspek van gesondheid. Smit was van mening dat liggaamlike en geestesgesondheid as onafskeibare dele van higiëne beskou moes word en as 'n eenheid behandel moes word (Smit, 1970b:1).

Dit was vir Smit belangrik dat die onderwyser en die Liggaamlike Opvoedkundige oor 'n grondige kennis van geesteshigiëne moes beskik omdat die onderwyser se houding en persoonlikheid so 'n besliste invloed op die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid gehad het (Smit, 1970b:2).

Smit het afwykings ten opsigte van geestesgesondheid toegeskryf aan die spanning waaronder die moderne mens verkeer het (Smit, 1970b:5). Hy het dr. Hans Kraus se veg-of-vlug-teorie onderskryf. Hieroor het hy die volgende geskryf:

> "Wanneer die moderne mens onder spanning verkeer, vind daar 'n hele aantal fisiologiese veranderinge plaas, naamlik, adrenalien word in die sisteem afgeskei, die hart klop vinniger, daar word vinniger asem gehaal, die bloeddruk styg en die spiere span. Al hierdie dinge het die primitiewe mens gehelp om óf te veg óf te vlug. Maar alhoewel die beskaafde mens ook graag een van hierdie twee weë sou wil volg, doen hy niks daaromtrent nie ...." (Smit, 1970c:17).

Hierdie gedurige onderdrukking van spanning, sou volgens Smit (1970b:6) 'n "... onnatuurlike lading op die organisme plaas". Dit was veral gevaarlik waar mense, wat 'n bestaan sonder oefening gevoer het, nie die geleentheid kon kry om deur middel van liggaamlike aktiwiteite van hul spanning ontslae te raak nie.

Smit was van mening dat liggaamlike aktiwiteit 'n besliste rol kon speel vir die behoud en bevordering van geestesgesondheid. Die beoefening van sport en ander liggaamlike aktiwiteite kon as welkome afwisseling dien vir die gejaagdheid en aanhoudende arbeid van die moderne mens se lewe. Deur middel van die beoefening van hierdie aktiwiteite vir vryetydsbesteding kon spanning doeltreffend verlig word (Smit, 1970c:13).

Voortvloeiend uit die laaste opmerking in die vorige paragraaf wat handel oor vryetydsbesteding spruit Smit se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde en ontspanning wat in die volgende paragraaf meer volledig bespreek sal word.

### 4.2.11 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN ONTSPANNING

Dit was vir Smit van belang dat daar voldoende geleentheid vir die publiek, maar veral vir die jeug, geskep sou word om aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem. Indien die ontspanningsaktiwiteite in die vorm van spel beoefen sou word en daar meer speelterreine en sportgronde beskikbaar sou wees, sou daar volgens hom, minder misdaad in Suid-Afrika plaasgevind het. Hieroor het hy byvoorbeeld die volgende geskryf:

> "Meer ontspanning, minder misdaad; meer speelterreine, minder tronke; meer spelleiers, minder konstabels" (Anon., 1945b).

Smit (Anon., 1945b) was van mening dat meer kinderparke aangelê moes word vir alle dele van die samelewing - ook vir die minderbevoorregte voorstede. Hy het ook sterk pleidooie daarvoor gelewer dat daar 'n modelsportterein in elke stad van die destydse Unie van Suid-Afrika opgerig moes word. Meer speelgereedskap moes beskikbaar wees soos byvoorbeeld klimrame terwyl vrywillige of besoldigde spelleiers die kinderspele moes organiseer. Dit was vir Smit belangrik dat bogenoemde fasiliteite reeds op 'n vroeë tydperk in die kind se lewe beskikbaar moes wees. Hieroor het hy die volgende gesê:

> "Die moderne kind leer sy natuurlike drang tot spel baie vroeg in sy lewe aan. Miskenning daarvan kan lei tot nadeel van sy geestelike en liggaamlike ontwikkeling" (Anon., 1945b).

Smit het sy besorgheid uitgepsreek oor die gebruik van speeltyd by die skole. Volgens hom (Smit, 1950a:27) was daar gedurende sy skooljare in die skoolrooster voorsiening gemaak vir 'n sogenaamde speeltyd (pouse) waartydens daar speletjies soos informele sokker, bok-bok, flaai, tolgooi, kennetjie en albaster gespeel is. Hy het bevind dat die term "speeltyd" in die vyftigerjare na "pouse" verander het. Hieroor het hy geskryf:

> "Die verandering van die naam is net so opvallend as die aktiwiteite wat gedurende daardie periode plaasvind, want in die meeste hoërskole en veral in stedelike skole, word daar weinig gespeel" (Smit, 1950a:27).

Volgens Smit (1950a:27) is die kind, as gevolg van die moderne industriële beskouing, reeds van kleinsaf deur omstandighede gedwing om die meer aktiewe liggaamlike (Liggaamlike Opvoedkundige) bedrywighede van vroeër te vervang met meer sittende vermaak. Omdat die situasie ten opsigte van liggaamlike opvoeding op skole op daardie stadium nie na wense was nie (kyk 2.3) en die aktiwiteitspeil van die gemiddelde leerling oor die algemeen baie laag was, het Smit die volgende vraag gevra:

"Kan die teepouse nie in 'n werklike speeltyd of ontspanningsperiode omgeskep word nie?" (Smit, 1950a:27).

Om bogenoemde gedagte prakties implementeerbaar te maak het hy die volgende wenk aan die hand gedoen: daar moes 'n aantal spelleiers gekies word. Belangstelling in die projek moes by hierdie seuns en dogters gewek word. Die reëls, tegniek en taktiek van die gekose rekreatiewe spanspele moes tydens spesiale klasse na skoolure aangeleer word. Hierdie opgeleide leiers was dan daarvoor verantwoordelik gehou om gedurende die teepouse of speeltyd die seuns en dogters te organiseer om eers vrywillig en later miskien op 'n georganiseerde grondslag deel te neem aan spele soos bok-bok, flaai en ruiterbal (in die geval van seuns) en wisselvorme van klippiehink (hopscotch), Abdol, ensovoorts in die geval van meisies. Indien leerlinge bogenoemde spele ouderwets sou vind kon die volgende alternatief gevolg word: met die prinsipaal se ondersteuning en met behulp van die spelleiers moes die Liggaamlike Opvoedkundige op die speelterrein permanente bane aanlê vir ringtennis, vlugbal, medisynbaltennis, skuifbord, ringgooi asook 'n sement- of houttafel vir tafeltennis. 'n Groot sementdambord kan ook aangebou word. Aan die begin van elke speeltyd kon die onderwyser die uitrusting aan die spelleiers uitreik en elkeen kon vir een spel vir 'n tydperk van een week verantwoordelik wees (Smit, 1940:27).

Smit het ontspanning so belangrik geag dat hy 'n publikasie laat verskyn het met die titel: Ontspanningspele vir spanne. In die inleiding tot die publikasie het Smit die volgende geskryf:

"Die moderne samelewing het deur middel van die tallose arbeids- en tydsbesparingsmiddels 'n nuwe neweproduk - vryetyd - voortgebring. Vir die eerste keer in die geskiedenis het die gewone man ook die geleentheid om aan een of ander vorm van ontspanning deel te neem om sodoende sy moeë gees en liggaam te verfris.

Spele is natuurlik gestandaardiseerde vorms van aktiwiteite wat verligting verskaf van emosionele spanning en is daarby ook 'n

uitlaatklep vir aggressiewe neigings in 'n vorm wat deur die sosiale norme goedgekeur is (Smit, s.a. c).

Die doel van die boekie was om spele in 'n vereenvoudigde vorm te giet sodat dit oral, in skole, op strande, op speelgronde, tuis, op uitstappies, ens. deur klein of groot groepe sonder moeite gespeel kon word (Smit, s.a. c). In die voorwoord van Smit se boekie (deur prof. dr. D.H. Craven geskryf), het Craven Smit gelukgewens met die "... vindingryke wyse waarop hy ontspanningspele binne die bereik van elkeen gebring het" (Smit, s.a. c).

Smit het besef dat sy beskouings oor die waarde van Liggaamlike Opvoedkunde en ontspanning slegs verwesenlik kon word indien genoeg leiers opgelei kon word om dit toe te pas en uit te bou. Om hierdie rede het hy by die tweede Suid-Afrikaanse kongres vir Liggaamlike Opvoeding wat vanaf 10-12 Januarie 1950 te Kaapstad - Stellenbosch plaasgevind het, voorgestel dat universiteite versoek moes word om ontspanningskursusse in te stel vir studente vir B.A. Sosiale Werk. Die voorstel is deur die kongres aanvaar (Anon., 1950a:G2).

### 4.2.12 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN INOEFENING

Smit se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde en inoefening (training) blyk duidelik uit sy lesings oor Toegepaste Fisiologie wat hy aan die Liggaamlike Opvoedkunde studente van die Universiteit van Pretoria gegee het, sowel as uit artikels wat hy in die verband geskryf het.

By die bestudering van die lesings oor Toegepaste Fisiologie wat Smit aan sy studente gegee het, blyk dit dat hy dr. W. Hollmann (Direkteur van die Institute for Recreation in Circulation and Sport te Keulen) dikwels aangehaal het. Ten opsigte van 'n definisie van inoefening, het Smit dan ook Hollmann se beskouing ondersteun, naamlik:

> "By training we understand all such strains imposed upon the body as are systematically repeated in relatively short intervals, are carried out for the purpose of an enhancement of physical performance, and lead to morphological changes in the organism" (Smit, s.a. b:1).

Smit was van mening dat moderne inoefening in 'n wetenskap ontwikkel het wat 'n deeglike kennis van die bou en die werking van die liggaam sowel as van die reaksies van spanning op die menslike liggaam, vereis het. Hy het inoefening in twee komponente verdeel naamlik kondisionering en afrigting (Smit, 1954). Volgens hom het kondisionering bestaan uit die progressiewe voorbereiding en ontwikkeling van die hoogs moontlike graad van krag, spoed, uithouvermoë, doeltreffendheid en weerstand deur middel van 'n goedbeplande oefenprogram. Hierbenewens was daar ook gespesialiseerde inoefening, dit wil sê die ontwikkeling van neuromuskulêre koördinasies wat essensieel was vir die verkryging van vaardigheid.

Inoefening was volgens Smit (1954) opgevolg deur afrigting wat gewoonlik verdeel was in tegniese en taktiese oefeninge. Die tegniese inoefening het bestaan uit die bemeestering van die individuele vaardighede van 'n spel terwyl die taktiese inoefening die toepassing van die tegniek in die spelsituasie self was.

Uit die groot verskeidenheid aspekte wat in 'n goeie inoefeningsprogram ingesluit moes word, het Smit die volgende as die belangrikste geag:

1. Inoefening van krag
2. Inoefening van spoed
3. Inoefening van uithouvermoë:

3.1 Spieruithouvermoë

3.2 Totale uithouvermoë (Smit, s.a.d:1)

'n Kort bespreking oor Smit se beskouings ten opsigte van bogenoemde aspekte sal in die volgende paragrawe gedoen word.

**Inoefening van krag**

Smit (1965:8) het krag as een van die belangrikste komponente van liggaamlike fiksheid beskou. Kragontwikkeling moes dus 'n prominente rol speel in enige basiese inoefeningsprogram. Volgens hom was die oorheersende faktor in kragontwikkeling die oorladingsbeginsel ("overload principle"). Hy het die volgende in die verband geskryf:

> "Although most modern sports and games demand strength for successful participation, few overload the muscle and, therefore, do not build muscular strength. Hence the importance of strengthening exercises" (Smit, 1965:8).

Volgens hom was daar baie soorte oefeninge vir kragontwikkeling, waarna in daardie jare verwys is as progressiewe weerstandsoefeninge ("progressive resistance exercises"). Smit het kritiek op die meeste versterkende oefeninge van destyds gehad. Hy was ten gunste van die geleidelike en sistematiese toepassing van die oorladingsbeginsel of die metode van progressiewe weerstand. Om hierdie rede was hy 'n sterk voorstander van oefeninge met gewigte as die mees effektiewe metode om algehele kragontwikkeling te verkry. As rede het hy die volgende gemeld:

> "It has the advantage that the overload for any muscle group can be controlled and gradually increased during a training session or from one work-out to another, to strengthen all the major muscle groups of the body or if necessary, to concentrate on one muscle group exclusively" (Smit, 1965:8).

**Toepassing van spoed**

Smit was van mening dat van die drie soorte energie (nl. krag, spoed, uithouvermoë) spoed die minste beïnvloedbaar was deur inoefening omdat aangebore talent so 'n groot bepalende faktor was in hierdie verband (Smit, s.a. b:3). Basiese spoed het in besonder afgehang van die volgende faktore:

1. Die snelheid van spiersametrekking
2. Spierkrag

3. Koördinasie van die spiergroepe
4. Viskositeit van spiervesels
5. Snelheid van reaksie
6. Hefboomwerking ten opsigte van die romp en bene

Volgens Smit (s.a. d:3) kon slegs koördinasie en spierkrag van al bogenoemde faktore verbeter word; eersgenoemde deur oefeninge en laasgenoemde deur die inoefening van krag.

**Inoefening van uithouvermoë**

Smit het onderskei tussen lokale spieruithouvermoë en totale uithouvermoë. Volgens hom (Smit, s.a. d.:4) kon lokale spieruithouvermoë verkry word deur enige inoefening wat onafgebroke volgehou is vir langer as 3-5 minute, wat 'n belading gehad het wat meer as 'n derde van maksimale kapasiteit is en wat betrekking gehad het op minder as 'n sesde van die totale spiere van die liggaam. Met lokale spieruithouvermoë is dus bedoel die uithouvermoë van 'n beperkte, relatief klein spiergroep. Totale uithouvermoë kon volgens Smit verkry word indien 'n uithouvermoë-inoefening betrekking gehad het op meer as 'n sesde van die totale spiere van die liggaam. 'n Voorbeeld hiervan was onder andere alle hardloopitems wat langer as 3 minute geduur het.

Alhoewel daar verskeie inoefeningsmetodes was om uithouvermoë te bekom, was Smit 'n sterk voorstaander van die intervalmetode van inoefening ("interval training"). Hieroor het Smit die volgende geskryf:

> "The principles of Interval Training today form the basis of all speed and endurance training" (Smit, 1962:5).

**Inoefening van die jeug**

Dit was vir Smit belangrik dat die groei en ontwikkeling van die kind, liggaamlik en geestelik, deeglik in aanmerking geneem moes word by die inoefening van die jeug (Smit, s.a. a:1). Hy het hom veral op die toegepaste fisiologie verlaat om riglyne daar te stel aangaande die korrekte inoefeningsmetodes wat sou aanpas by die kind se vermoëns.

Hy was egter van mening dat alhoewel daar algemene riglyne daargestel kon word ten opsigte van watter sport vanaf watter leeftyd sonder gevaar beoefen kon word, daar steeds individuele verskille bestaan het as gevolg van die verskil tussen kronologiese en biologiese leeftye (Smit, s.a. a:8).

Smit was nie 'n voorstaander daarvan dat die jeug op 'n te vroeë leeftyd ingeoefen moes word vir deelname aan prestasiesport nie. Hy het die volgende mening uitgespreek:

> "As 'n mens die behoeftes van die jeugdige organismes in ag neem en hulle nie aan hoogsprestasie (sic) laat deelneem nie, maar wel aan 'n verstandige aangepaste belasting wat die ingebore potensialiteit ontwikkel, is daar niks wat van groter belang is vir die jeugdiges as Liggaamlike Opvoedkunde nie" (Smit, s.a. a:9).

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit weereens dat Smit altyd terug gekeer het na Liggaamlike Opvoedkunde as basis vir alle beweging, hetsy ontspanningspele, prestasiesport of die inoefening daarvoor. Hy het vir sy vak Liggaamlike Opvoedkunde gelewe. Dit behoort dus gepas te wees om Smit se beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde af te sluit met 'n paar van sy beskouings oor die lamsakgees (defaitisme) wat dikwels in die Liggaamlike Opvoedkundekringe aangetref is.

### 4.2.13 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN DEFAITISME

Alhoewel Smit oor die algemeen 'n positiewe beskouing oor die toekoms van die vak gehad het en hom entoesiasties beywer het vir die bevordering daarvan, het hy met tye self half "moedelose" uitlatings oor Liggaamlike Opvoedkunde gemaak. Hierdie uitlatings het hoofsaaklik na vore gekom in 'n lesing wat hy tydens die dertiende kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie in 1969 te Pretoria gegee het. Die lesing het gehandel oor Knelpunte in die Liggaamlike Opvoeding (Smit, 1969a:106).

Volgens hom was daar op daardie stadium 'n skreiende gebrek aan vertroue en geloof in die vak. Dit wou hom soms voorkom of sommiges skaam was om te erken dat hulle Liggaamlike Opvoeders was. Hy het onder andere die volgende gesê:

> "Maar wie kan nou die liggaamsopvoeder blameer vir die "defaitisme"? Liggaamlike Opvoedkunde het nie eers 'n huisvesting nie!" (Smit, 1969a:107).

Bogenoemde stelling is deur Smit gemaak omdat die vak in 1938 nog deur die invloedryke NARLO gerugsteun was, maar in 1969 (tydens sy referaat) het dit nie eers onder die Departement van Nasionale Opvoeding of die Departement van Sport en Ontspanning geressorteer nie. Al wat nog oorgebly het was die vereniging die SAVLOR en volgens Smit het dié 'n kwynende bestaan gevoer.

Benewens bogenoemde het Smit ook sy misnoeë uitgespreek oor die feit dat prestasiesport oorbeklemtoon is ten koste van Liggaamlike Opvoedkunde. Volgens hom was die belangrikheid van sport as politieke wapen en internasionale prestige gedurig beklemtoon en wel in so 'n mate dat Liggaamlike Opvoedkundiges 'n stadium bereik het dat "... hul nie meer vir hulself gedink het nie" (Smit, 1969a:107). Smit het dié toestand soos volg beskryf:

> "Die liggaamsopvoeders is nie meer "master of our faith and captain of our soul" nie. Ons blaf saam met halwe waarhede" (Smit, 1969a:107).

Smit het ook sy moedeloosheid uitgespreek oor die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in die skole. Hy wou weet of die Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika in alle eerlikheid kan verklaar dat hulle daarin kon slaag om oor 'n tydperk van dertig jaar (vanaf 1939) die besef allerweë kon laat posvat dat Liggaamlike Opvoedkunde essensieel en onmisbaar was in skole omdat dit die enigste vak was wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die liggaam (Smit, 1969a:106). Verder wou hy weet in hoeveel skole die vak nog sou voortbestaan indien die keuse aan skole gegee sou word om daarmee weg te doen. Hy wou ook weet

watter vak, algemeen gesproke, die swakste daaraan toe was wat geriewe en toerusting betref. Verder wou hy weet:

> "Watter persentasie van ons liggaamlike opvoeders word nie na enkele jare tot neerslagtigheid gedryf nie en neem nie hul toevlug tot ander vakke nie" (Smit, 1969a:106).

Volgens Smit het 'n te groot persentasie Liggaamlike Opvoedkundiges uit die professie getree of oorgeslaan na die doseer van ander akademiese vakke.

Ten spyte van die defaitisme wat daar geheers het ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde, het Smit steeds positief gebly en geloof in die vak behou. Hy het gesê:

> "My leuse was nog altyd: "As iets gedaan kan word, kan kennis dit doen. As iets egter nie gedoen kan word nie, kan net geloof dit doen" (Smit, 1969a:106).

Hiermee samehangend het hy Schrecker (Smit, 1969a:106) aangehaal:

> "To do your work well, you need belief in your cause and that faith you will find only in tackling your job."

Laasgenoemde aanhaling is veral toepaslik op Smit self en die wyse waarop hy gearbei het ter bevordering van sy vak. Dié bydrae, voortspruitend uit hierdie arbeid, word in die volgende paragrawe breedvoerig bespreek.

## 4.3 SMIT SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE IN SKOLE EN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE ORGANISASIES

### 4.3.1 INLEIDING

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en die sogenaamde **Liggaamskultuurklubs** sowel as ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies van destyds word onder dieselfde opskrif bespreek omdat Smit se invloed op albei instansies in baie opsigte ooreenstem. Gedurende die tydperk wat Smit onderwyser was (1933-1939) het hy ook by tye as instrukteur by Liggaamskultuurklubs opgetree. Toe Smit in 1939 as organiseerder van Liggaamlike Opvoeding aangestel is, was hy verantwoordelik vir die Liggaamlike Opvoedkundige beleid van alle inrigtings van die Unie-Onderwysdepartement. Gesamentlik hiermee moes hy ook in opdrag van die NARLO, klubs en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies (wat in diens van die publiek gestaan het) besoek. Die indiensopleiding wat hy aan onderwysers van skole sowel as instrukteurs van klubs verskaf het, het baie ooreengekom.

Verskeie ander aspekte rakende die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole sowel as organisasies is gesamentlik deur Smit hanteer gedurende die tydperk 1939-1946. Om hierdie rede word Smit se bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies gesamentlik onder die volgende hoofde bespreek:

1. Vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies
2. Opleidingskursusse
3. Bydrae deur middel van administratiewe aspekte
4. Leerplanne vir Liggaamlike Opvoeding

Dit word wel besef dat Smit ook 'n invloed op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde op skole kon hê as gevolg van die gehalte

onderwyser wat hy opgelei het tydens sy verbondenheid aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie aspek sal egter onder die soeklig geplaas word by die bespreking van Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit van Pretoria (kyk 4.4).

## 4.3.2 VESTIGING EN UITBOUING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE IN SKOLE EN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE ORGANISASIES

### 4.3.2.1 Inleiding

Smit het in sy hoedanigheid as onderwyser (skole) en instrukteur (klubs) sowel as in sy hoedanigheid as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement en die NARLO, die geleentheid gehad om 'n pertinente rol te speel ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en klubs. Dit was dan ook veral tydens sy inspeksiebesoeke aan skole en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies waar hy 'n definitiewe invloed laat geld het.

### 4.3.2.2 Bydrae as onderwyser en instrukteur in Liggaamlike Opvoedkunde

**Onderwyser**

Smit het vanaf 1933 tot 1939 onderwys gegee by die volgende skole: Hoër Seunskool Malmesbury, Vryburgse Hoërskool en die Hoërskool Windhoek. By al drie die inrigtings was hy, benewens ander akademiese vakke, verantwoordelik vir die onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde. Die

toestand ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde op skole het gedurende hierdie tyd veel te wense oorgelaat (vergelyk met 2.2 en 3.2). Daar was geen amptelike skema vir Liggaamlike Opvoedkunde op skole nie (Jokl, 1941) en indien 'n skool wel een of ander vorm van liggaamlike aktiwiteit beoefen het, was dit in die vorm van driloefeninge (meestal een of ander vorm van Sweedse dril), kadetoefeninge (vir seuns) en buitemuurse sportbeoefening.

Smit was 'n gebore onderwyser. Een van die lektore wat verbonde was aan die Universiteit van Kaapstad, waar Smit sy Onderwysdiploma verwerf het, A. C. S. Scrimgeour, het reeds so vroeg as 1932 Smit se besondere kwaliteite as onderwyser opgemerk (Scrimgeour, 1932:1). Hy het die volgende aangaande Smit geskryf:

> "He has the gift of managing boys through force of personality and his influence will be elevating and lasting."

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole as onderwyser, het dus grootliks daarin gelê dat hy die vak op so 'n wyse aangebied het dat hy almal rondom beïnvloed en begeester het. Hierdie invloed was volgens Scrimgeour (1932:1) opheffend en blywend van aard.

Hierdie vermoë van Smit om, as onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde die vak met entoesiasme aan te bied en sodoende daarin te slaag om die leerlinge se belangstelling te wen, het dwarsdeur sy onderwysloopbaan 'n belangrike rol gespeel. Hieroor het die hoofde van die drie skole waaraan hy verbonde was die volgende geskryf:

- F. V. Hanekom (Hoër Seunskool, Malmesbury):

  > "He is an energetic and painstaking teacher with high ideals. He is well qualified to give instruction in Physical Culture, and has succeeded in getting the pupils take a keen interest in it" (Hanekom, 1933:1).

- C. D. Gernecke (Hoërskool Vryburg):

"He introduced physical culture classes here and owing to his natural gift of inspiring, these were very popular and highly commented upon by the public and the press. His pupils were so enthusiastic that he was able to do all this type of work after school hours. I may here add that he does not belong to the class of 5 hour a day teacher" (Gernecke, 1935:1).

- W. J. G. Anderson (Hoërskool Windhoek):

  "He came to us with a reputation for enthusiasm and energy in everything pertaining to school work, which has been well maintained during his stay here. He has the ability of enfusing into his classes an interest in, and enthusiasm for work" (Anderson, 1936:1).

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dus duidelik dat Smit as gevolg van die entoesiastiese wyse van aanbieding van Ligaamlike Opvoedkunde in skole en die blywende invloed daarvan op die leerlinge 'n besondere bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika.

Instrukteur

As instrukteur by die sogenaamde Liggaamskultuurklubs van destyds het Smit met dieselfde entoesiasme opgetree as wat hy as onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde gedoen het. Hy het vanaf Julie 1933 tot Maart 1934 klasse in gimnastiek gegee by die Malmesbury Physical Culture Club. Met sy energieke en dinamiese persoonlikheid het hy onder andere 'n vertoning gereël wat deur bogenoemde klub aangebied is. De Zwartlander, Malmesbury (Anon., 1933b) het die volgende aangaande die vertoning en Smit se bydrae daartoe, berig:

"Mr. Claude Smit gave a fine exhibition of boxing and skipping, but what he should really be complimented upon is the efficiency and thoroughness of his methods as evidenced by the high degree of efficiency acquired by his pupils in so short a time, and the splendid organisation of the display generally. It has been said "actions speak louder than words", and this maxim cannot be ap-

plied with more truth than to the display so ably arranged and successfully executed by him and the pupils of his gymnasium."

As instrukteur het Smit dus die gemeenskap van Malmesbury begeester met sy entoesiasme vir Liggaamlike Opvoedkunde. So byvoorbeeld het ene R. P. Malan (1933) aan die redakteur van De Zwartlander, Malmesbury geskryf dat dit hom veel vreugde verskaf om te sien hoe aktief die jeug van Malmesbury deelgeneem het aan die aktiwiteite van die Malmesbury Physical Culture Club. Hy het die hoop uitgespreek dat ouer persone ook aan die aktiwiteite van die klub sou deelneem deur te skryf:

"May too, the more advanced in years heed to the call" (Malan, 1933).

Smit het sy dienste ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde nie net beperk tot die skool en sy klub nie, maar ook in wyer kringe diens gelewer. So byvoorbeeld het hy in 1933 opgetree as instrukteur in Liggaamlike Opvoedkunde by een van die Cape Times se Fresh Air-kampe wat ten behoewe van behoeftige kinders gehou is met die doel om hul te leer om 'n gesonde leefwyse aan te kweek (Anon., 1933a). Die Cape Times het die volgende berig oor Smit se aandeel by hierdie kamp:

"Mr. Claude Smit returned last Saturday from the Children's Fresh Air Camp at Jonkershoek, where he was instructor of the rising boys and girls, to the number of about 300, in Physical Culture, and general supervisor of all sporting activities, to the delight and appreciation of his pupils ....." (Anon., 1933a).

As jong onderwyser en as deeltydse instrukteur by klubs en kampe het Smit dus as gevolg van sy dinamiese persoonlikheid en entoesiastiese aanbieding van die vak 'n besliste invloed uitgeoefen op die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in onder andere skole en klubs. Dit is egter moeilik om presies te bepaal hoe groot hierdie invloed was en watter bydrae dit spesifiek gelewer het tot die ontwikkeling van die vak aangesien die wyse van evaluering hoofsaaklik subjektief van aard is. Die feit dat daar egter geen teenstrydige kommentaar gevind kon word om die beweerde positiewe invloed wat Smit op die beoefenaars van

Liggaamlike Opvoedkunde gehad het te weerspreek nie - sowel as die feit dat gunstige kommentaar gelewer is deur gesaghebbende persone - moes die bewering dat Smit 'n besliste bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika - deur dit wat hy as onderwyser en instrukteur van klubs vermag het - onderskryf.

Dit sal dus gepas wees om af te sluit met die woorde wat die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika aan Smit gerig het, toe Smit as onderwyser bedank en diens by die Unie-Onderwysdepartement aanvaar het:

> "Die Departement wil u sy opregte dank betuig vir die uitstekende werk wat u as onderwyser aan die Hoërskool, die jeug van Suidwes-Afrika bewys het en vernaamlik vir die ywer en geesdrif wat steeds al u pogings gekenmerk het" (Orban, 1939:1).

#### 4.3.2.3 Bydrae as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde

Smit is op 1 April 1939 aangestel as die eerste organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde vir die Unie-Onderwysdepartement (kyk 4.1.4). Hy het ook as organiseerder vir Liggaamlike Opvoedkunde opgetree vir die NARLO vir die tydperk April 1939 tot Desember 1940. As organiseerder in Liggaamlike Opvoedkunde vir die Unie-Onderwysdepartement was hy verantwoordelik vir die Liggaamlike Opvoedkundige beleid van industriële, spesiale, handels-, landbou- en huishoudskole sowel as die tegniese kolleges.

As organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde vir die NARLO moes hy aanbevelings aan die Sekretaris van die Raad doen oor sake rakende Liggaamlike Opvoedkunde wat tegnies van aard was. Daarbenewens is van hom verwag om alle vrywillige liggaamskultuurorganisasies oor die hele land te besoek (Smit, 1939c:1).

Die omvangrykheid van die werk wat deur Smit gedoen moes word, het veral duidelik geblyk uit die feit dat die skole en organisasies wat deur hom besoek moes word oor die hele land, die destydse Unie van Suid-Afrika, versprei was. Die organiseerder in Liggaamlike Opvoedkunde vir die Unie-Onderwysdepartement moes byvoorbeeld die volgende inrigtings besoek:

1. **Industriële Skole vir seuns**
   - Heidelberg, Transvaal
   - De Wetsdorp, OVS
   - George, KP
   - Kingwilliamstown, KP

2. **Handelskole**
   - Middelburg, Transvaal
   - Potchefstroom, Transvaal
   - Wolmaranstad, Transvaal
   - Bloemfontein, OVS
   - Ficksburg, OVS
   - Jacobsdal, OVS
   - Kroonstad, OVS
   - Adelaide, KP
   - Kareedouw, KP
   - Knysna, KP
   - Uitenhage, KP
   - (Drosdy) Worcester, KP

3. **Handel- en Bedryfskool**
   - Oudtshoorn, KP

4. **Landbou-opleidingskole**
   - Brits, Transvaal
   - Tweespruit, OVS
   - Augsburg, Clanwilliam, KP
   - Cradock, KP
   - Oakdale, Riversdale, KP
   - Weston Farm, Mooirivier, Natal

5. **Landbou-huishoudskole**

Ladybrand, OVS

Lagersdrift, distrik Middelburg, Transvaal

6. **Tegniese Kolleges**

Witwatersrandse Tegniese Kollege, Johannesburg

Pretoria Tegniese Kollege, Pretoria

Kaapse Tegniese Kollege, Kaapstad

Port Elizabeth Tegniese Kollege, Port Elizabeth

Oos Londonse Tegniese Kollege, Oos London

Natal Tegniese Kollege, Durban

Tegniese Kollege, Pietermaritzburg

O.V.S. Tegniese Kollege, Bloemfontein

Dit blyk dus dat die inrigtings van die Unie-Onderwysdepartement wat Smit moes besoek, oor die hele land versprei was. Dit was ook die geval ten opsigte van die vrywillige liggaamskultuurorganisasies. Hierdie organisasies soos byvoorbeeld die Transvaal Association of Boys Clubs, The Young men's Christian Association, The League of the Fit Association asook verskeie gimnastiekverenigings en munisipaliteite se klubs was dwarsoor die land versprei, alhoewel meeste van die werk in hierdie verband in Johannesburg en op die Rand gedoen is, aldus Jokl (1941).

Die toestand ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in bogenoemde skole en klubs op daardie stadium (ongeveer 1939) was uiters onbevredigend. Wat die skole betref het byna elke onderwysdepartement sy eie beskouings oor Liggaamlike Opvoedkunde gehad. Dit het volgens Jokl 'n ernstige toestand van sake ten gevolg gehad "... aangesien sulke beskouings selde op wetenskaplike grondslag of rype ondervinding berus het" (Jokl, 1941). Verder moet dit ook in gedagte gehou word dat daar by die skole bykans geen Liggaamlike Opvoedkunde beoefen is nie. In gevalle waar dit beoefen was, was dit meestal in die vorm van driloefeninge (een of ander vorm van Sweedse dril) en/of kadetoefeninge (vir seuns). Hieroor het Smit met reg die volgende geskryf:

> "... aan die departementele inrigtings is daar tot dusver hoegenaamd niks aan liggaamskultuur gedoen nie" (Smit, 1939c:1).

Daar het dus 'n geweldige taak op Smit gewag om Liggaamlike Opvoedkunde gevestig te kry aan die wyd verspreide skole en klubs wat aan hom toegewys is.

Smit het ywerig te werk gegaan om die vak by skole, munisipaliteite en die publiek bekend te stel, klubs te stig, die vak op skool te vestig en, deur die aanbied van indiensopleidingskursusse aan onderwysers en instrukteurs, die gehalte van aanbieding van die vak te verbeter.

Oor die vestiging van Liggaamlike Opvoedkunde aan skole blyk die ywer wat Smit aan die dag gelê het, uit die volgende berig in die The Ficksburg News

> "Mnr. Claude Smit, organiseerder van heilgimnastiek vir die Unie-departement van Onderwys en die adviserende raad vir Liggaamlike Opvoeding, het die Ficksburgse Ambagskool besoek om gereelde en sistematiese liggaamlike opleiding daar in te stel" (Anon., 1939a).

Dat Smit resultate verkry het ten opsigte van die vestiging van die vak in skole blyk uit 'n berig in The Potchefstroom Herald in 1939:

> "Following Mr. Smit's visit, three to four periods per class per day are to be utilised for physical culture during school hours" (Anon., 1939d).

Benewens die feit dat Smit Liggaamlike Opvoedkunde aan skole gevestig het, het hy hom ook beywer vir die stigting van klubs vir die publiek. Waar hy ook al skole besoek het, het hy terselfdertyd die plaaslike liggaamskultuurklub besoek of die publiek aangemoedig om oor te gaan tot die stigting van so 'n klub. Hierdie ywerige optrede van hom blyk uit nuusberigte uit die plaaslike koerante van onder andere Ficksburg, George en Potchefstroom:

1. **Ficksburg News**

"In an interview Mr. Smit expressed the wish that the public of Ficksburg should start a physical culture club. The National Advisory Council for Physical Education is prepared to assist such voluntary clubs financially and otherwise. A joint scheme however, on which the club, the municipality, and the Departments of Education, Welfare and Defence were represented, would ensure that all sections of the public are catered for" (Anon., 1939b).

2. **The George and Knysna Herald**

"Mr. Claude Smit addressed a meeting in the Town Council Chamber in connection with formation of a physical culture club in George. He said that the Department was keen to encourage physical training schemes and he suggested that to start with, George should undertake a small scheme to find out if the townspeople would give it their support ...." (Anon., 1939c).

3. **The Potchefstroom Herald**

"In addition, to training teachers to qualify them to teach physical culture at their schools, Mr. Smit arranged for public physical culture at Potchefstroom. At a meeting at the Old Club a committee was formed to further local interests in that direction" (Anon., 1939d:10).

Dat Smit moeilike tye beleef het om Liggaamlike Opvoedkunde in skole en deur middel van organisasies gevestig te kry, is nie te betwyfel nie. Die grootste gedeelte van die bevolking was onbekend met die vak en baie was half teensinnig om die belangrikheid daarvan te erken. Smit (1939e) self het in Julie 1939 die opmerking gemaak "... dat heilgimnastiek in Suid-Afrika tans deur 'n strydperk gaan".

Ten spyte van genoemde probleem asook die gebrek aan instrukteurs, sale en fondse wat ontwikkeling gestrem het, was Smit oortuig daarvan dat die openbare geesdrif wat so vinnig dwarsdeur die land posgevat het, al die moeilikhede sou oorkom (Anon., 1939e).

Die resultaat van Smit se positiewe gesindheid en toegewyde arbeid was sigbaar in die merkbare groei wat daar plaasgevind het ten opsigte van vrywillige verenigings vanaf 1939 tot 1940. In 'n skrywe van die Sekretaris van Onderwys (Unie-Onderwysdepartement) aan die Minister van Onderwys in 1939, het die Sekretaris gemeld dat daar in Suid-Afrika op daardie stadium meer as 100 klubs met byna 15,000 lede was wat aan sistematiese liggaamlike aktiwiteite deelgeneem het (Unie-Onderwysdepartement,1939:1). In 1940 het die aantal klubs verdubbel na 200 klubs, want in 'n verklaring wat Op't Hof op 7 Februarie 1940 aan die pers uitgereik het, het hy die volgende gemeld:

> "Daar bestaan reeds meer as tweehonderd vrywillige verenigings van Liggaamlike Opvoeding dwarsdeur die Unie wat hulle in die saak beywer" (Op't Hof, 1940c:1).

Smit se onvermoeide arbeid om Liggaamlike Opvoeding in skole en in klubs dwarsoor die land gevestig te kry, het dus gewenste resultate opgelewer. Dit sou egter nie help om net die vak te vestig en nie verder daarop uit te bou sodat die vak kan ontwikkel nie. Dit het Smit gedoen deur middel van indiensopleidingslesings en -kursusse tydens sy inspeksiebesoeke.

#### 4.3.2.4 Inspeksiebesoeke

Die geweldige taak wat Smit gehad het tydens sy inspeksiebesoeke aan skole en klubs het baie duidelik geblyk uit 'n skrywe wat hy aan die Sekretaris van Onderwys gerig het in April 1939. Hy het onder andere die volgende geskrywe:

> "Hier moet in gedagte gehou word dat daar aan departementele inrigtings tot dusver hoegenaamd niks aan liggaamskultuur gedoen is nie en dat ek by 'n inrigting in 'n te kort tydjie geesdrif by die personeel en leerlinge moet opwek, die leerlinge min of meer moet laat koers vat, na ure voorlesings moet hou vir die personeel

en hulle sekere oefeningtafels self moet laat doen teneinde hulle in sekere mate te bekwaam om 'n begin met die werk te maak.

Verder is die lede van die vrywillige organisasies meestal werkende mense wat alleen saans aan oefeninge kan deelneem. Die direkte gevolg van bogenoemde is dat ek saans my tyd aan laasgenoemde organisasies moet wy" (Smit, 1939a:2).

Uit bogenoemde skrywe kan die afleiding gemaak word dat Smit veral met die volgende probleme te kampe gehad het:

1. Die skole het geen ervaring van Liggaamlike Opvoedkunde gehad nie. Daar was dus geen basis waarop hy kon bou nie. Hierom moes hy 'n eie stelsel ontwerp en in werking stel.

2. Daar was geen opgeleide persone nie. Hy moes dus in die geringe tyd tot sy beskikking, die betrokke personeel sodanig oplei dat hul kon voortgaan met die werk.

Ten opsigte van eersgenoemde aspek was Smit se bydrae prysenswaardig. Omdat daar op daardie stadium geen erkende leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika beskikbaar was nie, moes hy 'n eie stelsel ontwerp. Hierdie skema wat deur hom opgestel is, is deur Die Vaderland soos volg beskryf:

"Mnr. Smit het 'n omvangryke plan uitgewerk waarvolgens die skole wat onder die Unie-Onderwysdepartement ressorteer, eersdaags in die min tyd tot hulle beskikking 'n omvattende kursus in heilsgimnastiek sal kan bied" (Anon., 1939c).

Die inhoud van die skema was omvangryk in die opsig dat daar nie net aandag gegee is aan die liggaamlike ontwikkeling nie maar ook aan die emosioneel-sosiale ontwikkeling van die kind. Hieroor het Die Potchefstroom Herald die volgende geskrywe:

"Onder die skema wat nou ingestel word, word nie alleen die gesondheid van die kinders in aanmerking geneem nie, maar ook

die ontwikkeling van hulle karakter en die aankweek van maatskaplike deugde, deur middel van gesamentlike spele en die beoefening van sportsoorte" (Anon., 1939f).

Smit het die inhoud van die skema in drie hoofdele verdeel, naamlik formele oefeninge, sport en spele. Onder formele oefeninge is onder andere vrybewegings, tuimeloefeninge, ritmiese oefeninge en maatsoefeninge gedoen. Onder sport is ingesluit aktiwiteite soos atletiek, swem, boks, stoei en joejitsoe terwyl spele voorsiening gemaak het vir aktiwiteite soos normale spanspele, ander spanspele en gimnastiekspele (Anon., 1939f).

Oor die toepassing van hierdie skema in skole het Die Vaderland die volgende geskryf:

"In die skole sal hierdie verskeie vorms van oefening volgens seisoene verdeel word. In die winter sal die hoofnadruk val op formele oefeninge en winterspele soos rugby, handbal, hokkie, stoei en boks. In die somer weer sal meer nadruk gelê word op atletiek, somerspele en swem" (Anon., 1939e:6).

Volgens Smit (Anon., 1939e) moes die inhoud van die skema so toegepas word dat dit aanpas by die persoon vir wie dit aangebied word. Van 6 tot 10 jaar het die kinders net speletjies en nabootsoefeninge gedoen. Vanaf 10 tot 14 jaar is die aandag meer toegespits op koördinasie-oefeninge en tegniese onderrig. Eers ná die sestiende jaar is indiwiduele prestasie beklemtoon waarin mededinging die hoofrol gespeel het. Op skool is dus geen aandag aan spesialisasie gewy nie. Smit het egter van klubs vir volwassenes verwag dat hul op hierdie gebied die voorbereidende werk wat op skole gedoen sou word, sou aanvul (Anon., 1939e).

Smit het die onbenydenswaardige taak gehad om te sorg dat onderwysers en instrukteurs genoegsaam insig in die skema kon kry om dit daarna self doeltreffend te kon oordra. Dit alles moes hy doen gedurende die tydperk wat hy inspeksie by 'n skool/klub gedoen het, wat gewoonlik 'n

week geduur het. Hieroor het hy in 'n onderhoud met *The Star* die volgende gesê:

> "In addition to my inspection I give intensive courses to instructors. My courses to instructors usually have to be crammed into a week, and that is all the help I can give until my next visit a year later" (Anon., 1939g).

Die stelsel wat deur Smit ingestel is, is algemeen aanvaar. Die persone wat die stelsel moes implementeer het dit nie net doeltreffend nie, maar ook interessant gevind. Hieroor het *Die Volksblad* die volgende geskryf na aanleiding van 'n besoek van Smit aan die Ambagskool te Jacobsdal:

> "Die stelsel van mnr. Smit is nie alleen doeltreffend nie, maar baie interessant om te volg. Die Ambagskool, personeel, sowel as leerkragte van die Junior Hoërskool wat die kursus gevolg het, het baie baat by die kursus gevind en is baie geesdriftig oor liggaamsopvoeding" (Anon., 1939h).

Een van die belangrikste redes waarom Smit soveel sukses behaal het met sy inspeksiebesoeke en die daarmee gepaardgaande indiensopleidingskursusse was die wyse waarop hy dit gedoen het. Hy het daarin geslaag om sy vakkennis sowel as sy entoesiasme oor die vak op so 'n dinamiese wyse oor te dra, dat hy oud en jonk geïnspireer het.

Tydens 'n inspeksiebesoek aan die Langenhoven Bedryfskool en Oudtshoorn Handelskool, het die *Oudtshoorn Observer* die volgende berig oor die inspirerende werkswyse wat deur Smit gevolg is:

> "It has been asserted that Mr. Claude Smit aims at converting all staff members in his jurisdiction into full-fledged Physical Educationists within the course of a few years, merely through his annual training courses in all schools and inspiring the men with his remarkable enthusiasm and practical ideals. From what can be gauged of his methods, constructive ability and earnestness, it is quite apparent that if such an assertion were proved and if such

a course were possible, then only Mr. Smit can do it" (Anon., 1939i).

Oor Smit se vermoë om oud en jonk te inspireer by die aanbieding van 'n les in Liggaamlike Opvoedkunde het die Oudtshoorn Observer die volgende geskryf:

"Mr. Smith's inspiration is phenomenal. Already men past fifty, who a week ago imagined Physical Education had something to do with Chemistry and Physics, are today vaulting, skipping and jumping with as much zest and enjoyment as their younger colleagues are capable of showing" (Anon., 1939i).

Toe Smit in 1947 as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement bedank het, het hy 'n skrywe gerig aan al die prinsipale van die inrigtings wat deur hom besoek is. Hierin het hy die dae in herinnering geroep waartydens hy oud en jonk saam betrek het by sy indiensopleidingskursusse. Hy het geskryf:

"Onwillekeurig dink ek terug aan my eerste besoek aan die skole. Die spesiale klasse vir oud en jonk, soggens, smiddae en selfs saans; die gekreun van die oues van dae wat nie meer fisies opgewasse was vir die taak nie maar tog hul gewilligheid getoon het" (Smit, 1947a:1).

Benewens hierdie eienskap wat Smit gehad het om almal (oud en jonk) te inspireer, het hy ook die vermoë gehad om 'n les in Liggaamlike Opvoedkunde op so 'n wyse aan te bied dat dit deur almal geniet is. Dit het baie daartoe bygedra dat hy sukses behaal met die indiensopleidingskursusse wat hy aangebied het. Tydens 'n besoek aan Kroonstad Physical Culture Club in Junie 1939 het hy onder andere een aand die klas persoonlik waargeneem. Hy het die les op so 'n genotvolle wyse aangebied dat The Kroonstad Times die volgende hieroor berig het:

"On Thursday night Mr. Smit conducted the class personally, and amusing exercises were interspersed with those of a more strenuous nature. Here one might say "Health through joy" is the keynote

of modern exercises, for a joyful class it certainly was" (Anon., 1939j).

Smit het nie vrugteloos gearbei nie. Toe hy in April 1939 as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement aangestel is, was daar hoegenaamd niks by skole gedoen ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde nie (Smit, 1939c). Vandat hy aan die werk gespring het en skole oor die lengte en breedte van die land besoek het, is die vak Liggaamlike Opvoedkunde al hoe meer deur skole van die Unie-Onderwysdepartement beoefen, want sy besoek het telkens vrugte afgewerp. So byvoorbeeld het Die Volksblad in September 1939 die volgende berig na aanleiding van 'n besoek van Smit aan die Ambagskool te Jacobsdal:

"Die werk van mnr. Smit het reeds vrug gedra, daar 'n mens nou elke oggend die leerlinge op die gronde kan aantref besig om liggaamsoefeninge te doen onder leiding van die personeel" (Anon., 1939h).

Ten slotte moet gemeld word dat Smit weens sy kundigheid van die vak, tydens sy inspeksiebesoeke waardevolle wenke aan die skole en klubs kon gee aangaande sake rakende die aktiwiteite self wat beoefen is, die oprig van fasiliteite en die aankoop van apparaat. Sy wye kennis van die vak en die oordragwaarde daarvan het duidelik gespreek uit die woorde wat The Kroonstad Times geskryf het na aanleiding van Smit se besoek aan die Kroonstad Physical Culture Club:

"His grasp of the subject is enormous and the wisdom collected by the committee as a result of his visit will be of value" (Anon., 1939j).

Smit het die vermoë gehad om sy uitgebreide kennis oor Liggaamlike Opvoedkunde op so 'n wyse aan die onervare onderwyser oor te dra dat dit hom nie oorbluf gelaat het nie. Sy inspeksiebesoeke is dus gekenmerk deur 'n simpatieke benadering teenoor die onopgeleide onderwyser en instrukteur (Anon., 1940:38). Bogenoemde feit, maar ook die feit dat hy tydens 'n inspeksiebesoek nie net gepoog het om kennis mee te deel

en advies te gee nie, maar ook om 'n liefde vir Liggaamlike Opvoedkunde by die betrokkenes te kweek, het van Smit 'n besonderse organiseerder (destyds soms ook "inspekteur" genoem) gemaak. 'n Beginner-instrukteur het in September 1940 die volgende geskryf na afloop van 'n inspeksiebesoek wat Smit aan sy klub gebring het:

> "Die leersame besoek van hierdie inspekteur het nie alleen my kennis verryk en my kosbare advies gegee nie, dit het ook gehelp om 'n liefde vir liggaamsopvoeding by die lede te kweek. Ek is oortuig daarvan dat enige onderwyser daar baat by sal vind, as hy deur so 'n inspekteur besoek word" (Anon., 1940a:38).

Bogenoemde aanhaling spreek soveel boekdele dat dit gepas sal wees om Smit se bydrae tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en klubs daarmee af te sluit.

### 4.3.3 OPLEIDINGSKURSUSSE

#### 4.3.3.1 Inleiding

In die dertigerjare was daar weinig sprake van gespesialiseerde opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika (kyk 2.2). Om in die behoefte van Liggaamlike Opvoedkunde-onderwysers te voorsien, het die verskillende onderwysdepartemente vakansiekursusse aangebied vir onderwysers wat nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie. Dat hierdie kursusse gedurende dié betrokke tydperk 'n besliste bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole is vanselfsprekend.

Met Smit se aanstelling as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement asook die NARLO het hy ook bewus geraak van die groot behoefte wat daar by onopgeleide onderwysers sowel

as instrukteurs bestaan het om hulself beter te bekwaam insake Liggaamlike Opvoedkunde. Om hierdie rede het hy verskeie aanbevelings by die Sekretaris van Onderwys van die Unie-Onderwysdepartement gemaak dat sodanige geleenthede deur die Departement geskep moes word. In 'n skrywe aan die Sekretaris aan die begin van 1940 het hy onder andere aanbeveel dat die Unie-Onderwysdepartement 'n sillabus vir deeltydse instrukteurs in Liggaamlike Opvoedkunde moes opstel en "... dat hierdie werk in die volgende drie tot vyf jaar in spesiale- en vakansiekursusse behandel moes word" (Smit, 1940d:1). Dat hierdie aanbeveling deur Smit aanvaar is, blyk uit die persverklaring wat in Febuarie 1940 deur die NARLO uitgereik is. Die gedeelte wat oor kursusse gehandel het, het soos volg gelui:

> "Om uniformiteit in 'n bepaalde rigting verder binne bereik te bring, sal daar vir 'n paar jaar in die Julievakansie intensiewe vakansiekursusse aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege gereël word vir groepleiers en instrukteurs van vrywillige verenigings in plaaslike besture" (Op't Hof, 1940b:4).

### 4.3.3.2 Smit se betrokkenheid by opleidingskursusse

Smit was betrokke by 'n groot aantal kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde en sport wat dit ten doel gehad het om onderwysers, en in sommige gevalle instrukteurs van vrywillige organisasies of sportafrigters toe te rus om Liggaamlike Opvoedkunde en sport meer doeltreffend aan te bied. Sy betrokkenheid by kursusse was óf in 'n organiserende hoedanigheid óf as aanbieder van die kursus of in sommige gevalle in albei hoedanighede. Die volgende kursusse was van die belangrikste waarby hy betrokke was:

- Julie 1940: 'n Vakansiekursus vir Liggaamlike Opvoedkunde vir onderwysers te Johannesburg onder beskerming van die NARLO (1-27 Julie).

- September 1940: 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Windhoek vir die Suidwes-Afrika Onderwysdepartement (30 September-4 Oktober).
- September 1941: 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Windhoek vir die Suidwes-Afrika Onderwysdepartement.
- Julie 1942: 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Bloemfontein vir onderwysers van die Unie-Onderwysdepartement (29 Junie-25 Julie).
- September 1942: 'n Vakansiekursus vir Liggaamlike Opvoedkunde te Bloemfontein vir gekwalifiseerde onderwysers van die OVS Onderwysdepartement.
- Julie 1945: 'n Vakansiekursus vir atletiekafrigters te Bloemfontein onder beskerming van die OVS Onderwysdepartement en Atletiekbond (3-13 Julie).
- September 1949: 'n Vakansiekursus in Liggaamlike Opvoedkunde te Windhoek vir die Suidwes-Afrika Onderwysdepartement (26-30 September).

As gevolg van die feit dat Smit die vermoë gehad het om bepaalde behoeftes te identifiseer is baie van bogenoemde kursusse - wat deur hom geïnisieer is - baanbrekerswerk. So byvoorbeeld was die kursus wat in Julie 1940 by die Witwatersrandse Tegniese Kollege aangebied was en ten doel gehad het "... to equip teachers and instructors/resses of physical education who are not properly trained, to carry on their work more efficiently, and to ensure a greater measure of uniformity in the instruction of physical education" (Op't Hof, 1940a:1), die eerste van sy soort wat deur die NARLO aangebied is. So ook was die kursus wat hy in September 1940 te Windhoek aangebied het, ook die eerste van sy soort in Suidwes-Afrika (Anon., 1940b). Dieselfde geld ten opsigte van die kursus wat in Julie 1945 te Bloemfontein plaasgevind het. Dit was die eerste kursus vir atletiekafrigters wat in Suid-Afrika aangebied is (Anon., 1945d:33). In die volgende paragraaf sal gepoog word om die spesifieke bydraes wat Smit ten opsigte van bogenoemde kursusse gelewer het, uit te wys.

#### 4.3.3.3 Smit se bydrae

Smit se bydrae ten opsigte van bogenoemde opleidingskursusse het eerstens gelê in sy vermoë om doeltreffend te organiseer en te beplan en tweedens by die uitstekende wyse waarop hy lesings tydens kursusse aangebied het.

Ten opsigte van die eerste kursus van die NARLO wat in Julie 1940 aangebied is, was hy betrokke as organiseerder sowel as aanbieder. Hy het gedien op die komitee wat verantwoordelik was "... om die leerplanne vir die vakansiekursus op te stel" (Op't Hof, 1940b:1).

Ten opsigte van die kursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat in Julie 1942 te Bloemfontein aangebied is, het hy aan die hoof van die kursus gestaan en terselfdertyd ook as instrukteur opgetree. Dit was die eerste kursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat op die nuutopgestelde nasionale leerplan van destyds, gebaseer was. Hieroor het 'n verslaggewer van The Friend soos volg berig:

> "Mr. Claude Smit, the organising inspector of physical education for the Union Education Department, who is the supervising instructor, told me yesterday that this is the first course in physical education based on the recently-prepared national syllabus for South Africa" (Anon., 1942).

Ten opsigte van hierdie kursus het Schrecker die volgende oor Smit geskryf:

> "His forte was organisation. When I, for instance , on his request assisted him in giving a Physical Education course for ordinary teachers at Bloemfontein in July 1942, I witnessed this; the whole course was well planned and well conducted and prof. Smit decidedly instilled enthusiasm into the participants" (Schrecker, 1983:1).

Smit het ook opgetree as kursushoof tydens die vakansiekursus vir atletiekafrigters wat in Julie 1945 te Bloemfontein aangebied is. Benewens sy pligte as kursushoof moes hy ook verskeie lesings aanbied (Anon., 1945d:32).

Die meeste van die kursusgangers was onderwysers (Anon., 1945e:8) en hul sou dus die kennis wat hul opgedoen het kon gaan terugploeg in die Liggaamlike Opvoedkunde en sport van die skool. Die kursus het dus indirek te doen gehad met die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde in skole.

Smit het uit verskeie oorde lof ontvang vir die gehalte van die kursus sowel as die wyse waarop dit georganiseer is. Kaptein G. Barber, een van die mede-instrukteurs, het die volgende mening oor die kursus teenoor 'n plaaslike koerant uitgespreek:

> "The vacation course for athletic instructors which was at present being held in Bloemfontein should prove most valuable to South Africa" (Anon., 1945e).

Dr. E. Jokl, een van die uitstaande Liggaamlike Opvoedkundiges van Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk, se mening oor die kursus is soos volg deur Die Volksblad weergegee:

> "Dr. Jokl praat met die grootste lof van die kursus in atletiekafrigting wat tans in Bloemfontein plaasvind en verklaar dat baie verskuldig is aan diegene van wie die idee van die kursus uitgegaan het" (Anon., 1945f).

Die Volksblad van Vrydag, 13 Julie 1945 het die kursus self beskryf as "...'n besonder geslaagde vakansiekursus in atletiekafrigting" (Anon., 1945g). Oor die kursusgangers en afrigters se mening oor die kursus het die dagblad soos volg berig:

> "Oral het die kursusgangers en ook die afrigters met die grootste lof na die kursus verwys ..." (Anon., 1945g).

Die sukses van die meeste kursusse wat deur Smit beheer en/of aangebied is, was in die eerste instansie dus toe te skryf aan sy vermoë om goed te organiseer en goeie dissipline toe te pas. Tydens die kursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat hy in September 1940 te Windhoek aangebied het, het hy byvoorbeeld die volgende woorde geuiter by die aanvang van die kursus:

> "As ons van die kursus 'n sukses wil maak het ek u hartelike samewerking nodig. Almal moet sorg dat hulle nie een enkele minuut laat is nie. Ons moet dissipline hê" (Anon., 1940b).

In die tweede instansie was sy aanbiedingsmetodes van so 'n aard dat dit 'n groot bydrae gelewer het tot die suksesvolle verloop van 'n kursus. Hy het byvoorbeeld daarvoor gesorg dat 'n program voorsiening gemaak het vir voortdurende afwisseling. Verder het hy dikwels gebruik gemaak van oudiovisuele hulpmiddele. Daarbenewens het hy die besondere vermoë gehad om sy lesings op so 'n wyse aan te bied dat hy almal wat deel daaraan gehad het kon inspireer.

Na afloop van die kursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat in September 1940 deur hom te Windhoek aangebied is, het een van die kursusgangers, H. C. Nöckler (1941:22), sy waardering uitgespreek oor die goeie afwisseling in die program ten opsigte van die praktiese en teoretiese lesings. Hy het geskryf:

> "Die teoretiese en praktiese werk is aangevul deur die vertoning van films wat die verskillende style gedemonstreer het, beide in gewone en vertraagde beweging" (Nöckler, 1941:23).

Smit het ook tydens die kursus in atletiekafrigting wat in Julie 1945 te Bloemfontein aangebied is verskeie films vertoon (Anon., 1945h). Dat die gehalte van die films wat deur Smit gebruik was goed was, word deur die volgende opmerking van Nöckler (1941:23) onderskryf:

> "Uit 'n fotografiese, tegniese en verduidelikingsoogpunt kan dié films moeilik oortref word".

Soos reeds aangetoon (by die bespreking van Smit se bydrae ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en klubs deur middel van sy inspeksie en indiensopleidingskursusse) het Smit se vermoë om 'n les op so 'n wyse aan te bied dat almal daardeur geïnspireer is, ook 'n bepalende rol gespeel by die opleidingskursusse wat deur hom aangebied is.

Hierdie afdeling word afgesluit met 'n komiese vertelling van Nöckler oor die ervaringe van die kursusgangers (in besonder die dames) tydens 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat op "besielende" wyse deur Smit aangebied is:

> "'n Woord van bewondering egter moet tot lof van die dames gesê word. Hoe hulle dit heeltemal reg gekry het om te oorleef was 'n geheim vir meeste van ons, aangesien die meerderheid op die tweede dag al met stywe bene, stywe rug of die spreekwoordelike stywe nek rondgeloop het. Teneinde dit vir die spiere makliker te maak het hulle mekaar gehelp om by die trappe af te kom, of hulle het agteruit afgegaan, ensovoorts, maar hulle het deurgedruk tot die einde. Voorwaar sê dit baie vir die gees wat deurgaans getoon is, asook die geesdrif wat mnr. Smit instaat was om te besiel ..." (Nöckler, 1941:27).

### 4.3.4 BYDRAE DEUR MIDDEL VAN ADMINISTRATIEWE ASPEKTE

#### 4.3.4.1 Inleiding

Indien die administratiewe aspek van 'n saak goed gefundeerd is en doeltreffend bedryf word behoort die saak vooruitgang te toon. Hierdie stelling kan ook van toepassing gemaak word op die wyse waarop Smit die administratiewe aspekte van sy pos(te) as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie Onderwysdepartement (April

1939-Augustus 1940) en die NARLO (April 1939-Desember 1940) hanteer het.

Omdat Smit die eerste aanstelling as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde vir bogenoemde instansies was, moes hy baanbrekerswerk doen; ook op administratiewe gebied. Volgens J.J.P. Op't Hof (Sekretaris van die NARLO) het Smit die saak sistematies en doeltreffend hanteer, deur eers vas te stel wat die toedrag van sake op daardie stadium was en vanuit die verkreë gegewens te werk om bepaalde leemtes en behoeftes te vul. Op't Hof het die volgende hieroor geskryf:

> "As eerste stap het Smit 'n opname gemaak van beskikbare uitrusting, geriewe en die mate van opleiding (in dié vak) van personeel. Sy bevinding was dat daar feitlik geen uitrusting soos gimnastiek- en sportapparaat was nie, totaal onvoldoende geriewe soos atletiekbane, swembaddens en gimnastieksale en hier en daar 'n personeellid met 'n skamele kennis van gimnastiek en/of atletiek" (Op't Hof, 1983:1).

Voortspruitend uit bogenoemde basiese stappe wat Smit gevolg het, kon hy aanbevelings in die verband aan die owerhede doen. Volgens Op't Hof is daar "... toe as gevolg van Smit se aanbevelings dadelik besluit om komitees van deskundiges aan te stel, die meeste waarvan Smit voorsitter was" (Op't Hof, 1983:1).

#### 4.3.4.2 Professionele advies en aanbevelings

Een van die belangrikste administratiewe take van Smit was om informasie asook professionele advies aan belanghebbendes en belangstellendes te verskaf (Unie-Onderwysdepartement, 1939:1). Dat Smit hierdie aspek doeltreffend hanteer het, blyk onder andere uit 'n skrywe van die skoolhoof van die St. Vincent-skool vir dowes (Prioress, 1945:1). Hierin het sy gemeld dat hul nie 'n opgeleide onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde by die skool het nie. Om een in diens te neem sou te veel

kos, indien die aantal vereiste arbeidsure in ag geneem word. Verder het sy ook die volgende probleem uitgewys:

> "Owing to our children being deaf it is not possible for a teacher who does not understand the Deaf to come and give them instruction as it would take him some time to learn how to impart his knowledge to them" (Prioress, 1945:1).

Sy wou graag weet op welke wyse hulp/advies aan haar verskaf kon word:

> "Can you please help us in any way to give the children the healthy exercise that they long for ..." (Prioress, 1945:1).

Smit se advies aan haar was prakties en sinvol en het soos volg gelui:

> "I wish to suggest that; as a long range policy, one of the permanent staff members of your school preferably a young person be delegated to take the one year course in physical education at the Witwatersrand Technical College. In the meanwhile outstanding boys and girls can attend a club leader's course in order to become team leaders" (NARLO, 1945a:1).

Benewens die verskaffing van professionele advies as deel van sy kantoordienste, het Smit ook advies aan skole en ander bereidwillige organisasies verskaf deur middel van verslae wat hy moes skryf nadat hy sodanige instansie besoek het. Op hierdie wyse kon hy sinvolle advies verskaf aangaande aspekte soos fasiliteite, apparaat, beheer en administrasie, finansiële uitgawes en instrukteurs. So byvoorbeeld het hy die volgende advies oor apparaat aan die Transvaal Association of Boys' Clubs verskaf nadat hy die vereniging se klubs aan die Rand besoek het:

> "In the past unsuitable apparatus such as wall exercisers, rowing machines etc. were purchased. I recommend that, in future, the Transvaal Association for Boys' Clubs should consult the Organiser of Physical Education of the National Advisory Council before acquiring any additional gymnastic equipment to ensure that the

maximum benefit will be derived from the Government grant" (Smit, 1940e:1).

Smit was baie uitgesproke indien hy bevind het dat daar aspekte was wat nie reg hanteer was tydens sy inspeksiebesoeke nie. Hy het nie doekies omgedraai om 'n ding by die naam te noem wat reg gestel moes word nie. Tydens 'n besoek aan die Parys Gymnastic Club het hy byvoorbeeld bevind dat die klub nie die nodige inkomste gehad het om te voldoen aan die vereistes wat deur die instrukteur (mnr. D. Smith) gestel was nie. Alhoewel dit 'n netelige saak was, het Smit onder andere die volgende in sy verslag aangaande bogenoemde aspek geskryf:

"Although the members meet two nights per week, the instructor, mr. D. Smith, only supervises on Thursday nights, which virtually means that the club is paying him 1 pound 12/- per night, reckoned at 5 weeks per month. Admittedly Mr. Smith comes from Potchefstroom, but it still remains an extraordinary high fee" (Smit, 1940:2).

Bogenoemde is maar net 'n voorbeeld van Smit se manier om 'n saak wat verkeerd is, sonder om doekies om te draai, reg te stel. Hy het egter nooit geskroom om saam met sy kritiek ook oplossings aan die hand te doen nie. Hierdie oplossing het altyd die omstandighede waarin die spesifieke organisasie hul bevind het in ag geneem en was dus nie net teoreties van aard nie. In sy verslag aan die Transvaal Association of Boys Clubs het hy byvoorbeeld die volgende baie praktiese oplossing aan die hand gedoen in verband met die probleem wat hul ervaar het ten opsigte van gekwalifiseerde instrukteurs:

"As a possible solution, may I suggest, that at least four partly qualified instructors be appointed at a salary of 20 pounds per month plus a free house, (several of the clubs have living quarters attached to them). Each of these people will be responsible for at least three clubs.

These men would also be responsible for the subscription fees, instruction, membership, competitions, camps and social functions of their respective clubs" (Smit, 1940e:2).

Dit was nie net die aanbevelings in sy verslae wat Smit na aanleiding van sy inspeksiebesoeke geskryf het wat goed deurdag en sinvol in die praktyk toegepas kon word nie, maar ook die algemene memorandums en aanbevelings aan die Unie-Onderwysdepartement of die NARLO wat deur hom geskryf is.

So byvoorbeeld het hy aan die begin van 1940 aan die NARLO sekere aanbevelings gedoen aangaande vrywillige organisasies (Smit, 1940g:1-2). Hierdie aanbevelings het gehandel oor die wyse waarop vrywillige organisasies beheer moes uitoefen oor hul finansies, die hou van notules, die aanskaf van apparaat sowel as finansiële toekennings deur die NARLO (Smit, 1940g:1-2). Dat Smit besondere insig gehad het en 'n besondere versiendheid geopenbaar het ten opsigte van die aanbevelings wat deur hom gemaak is, het duidelik na vore gekom uit die feit dat die NARLO Smit se aanbevelings oor die algemeen net so aanvaar het en in 'n pamflet wat hul in 1942 uitgegee het, naamlik Oorsig van geldelike en ander voordele wat uit die nasionale skema in Liggaamlike Opvoeding te trek is net so as beleid aangehaal het.

In sy Aanbevelings (1940) het hy byvoorbeeld aanbeveel: "That the books of each club should be well and clearly kept, so that the Council's Organisor will be able to tell at a glance whether the financial state of a club is satisfactory" (Smit, 1940g:1).

In die pamflet (1942) is die volgende geskryf:

"The books of a grantee should be well and clearly kept so that the Council's Technical Adviser will be able to determine at a glance whether the financial state of a club is satisfactory" (NARLO, 1947a:4).

Dat die NARLO hoë agting gehad het vir Smit se vakkundige dienste en advies het duidelik geblyk uit 'n skrywe van die Sekretaris van die

NARLO aan Smit in 1941 waarin hy hom bedank vir die waardevolle werk wat deur hom gedoen is. Hy het onder andere geskryf:

> "By vele geleenthede is van u deskundige dienste en raad ook andersins gebruik gemaak. Die feit dat dit soveel kere gedoen is, kan slegs getuig van die vertroue wat die Raad in u gehad het" (Op't Hof, 1941:1).

#### 4.3.4.3 Apparaat en fasiliteite

Smit was ook intens betrokke by die kwessie van apparaatvoorsiening aan skole en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies. Tydens sy inspeksiebesoeke het hy bevind dat die instansies totaal onkundig was oor die aard en gehalte van apparaat wat deur hul aangekoop moes word. Op sy aanbeveling aan die NARLO is daar besluit om 'n komitee van deskundiges aan te stel om spesifikasies op te stel vir Liggaamlike Opvoedkunde-apparaat en -uitrusting sodat daar eenvormigheid verkry kon word ten opsigte van die apparaat wat deur die departemente, inrigtings en organisasies dwarsoor die land gebruik sou word (Jokl, 1939:1). Smit het op die subkomitee gedien wat vir hierdie verslag verantwoordelik was. Die verslag is op 20 April 1939 voltooi en op 15 Mei 1939 deur die komitee aanvaar nadat slegs 'n paar wysiginge aangebring is. 'n Aanhaling uit die notule van die vergadering van die komitee wat gehou is om die verslag te bespreek het soos volg gelui:

> "The Committee proceeded to discuss the report which contained about 150 illustrations. While it was felt that some of the specifications contemplated apparatus of a somewhat involved nature, the items generally were in accordance with up to date views and the meeting agreed to recommend the report for adoption by the Council, subject to the following modifications emerging from recommendations sent up by Mr. C. Smit, Miss Hart and Mr. F. D. Hugo" (NARLO, 1939a:1).

Saam met die betrokke komitee het Smit dus baanbrekerswerk verrig deur die samestelling van hierdie spesifikasies vir Liggaamlike Opvoedkunde-apparaat en -uitrusting waarby illustrasies van elke item ingeslote was.

Volgens Jokl was hierdie verslag uniek in dié opsig dat daar na sy wete tot op daardie datum nog in geen ander land 'n publikasie in die verband verskyn het wat soveel gedetailleerde spesifikasies oor elke apparaat afsonderlik verskaf nie. Hieroor het hy geskryf:

> "A report of the kind that is herewith submitted to the National Advisory Council for Physical Education has, to the writer's knowledge, not been prepared before, either in this or any other country" (Jokl, 1939:2).

Smit het ook op die komitee gedien wat besoeke aan instansies in Suid-Afrika gebring het wat Liggaamlike Opvoedkunde-uitrusting vervaardig het. Op hierdie wyse kon hul hul vergewis van die gehalte daarvan. So byvoorbeeld het Smit en die res van die komitee die volgende instansies in bogenoemde verband op 27 November 1939 besoek, naamlik Frederick Sage & Co. (SA) Ltd. sowel as Emery's Agencies (Pty) Ltd. in Johannesburg (Op't Hof, 1939:1). Die besoek het goeie vrugte afgewerp want waardevolle wisselling van gedagtes het tussen die komitee en die vervaardigers plaasgevind. Die komitee het byvoorbeeld voorstelle gedoen dat die firma moet eksperimenteer met die gebruik van staal in die vervaardiging van Liggaamlike Opvoedkunde-apparaat en -uitrusting. Die verslag hieroor het soos volg gelui:

> "Suggestions for slight improvements were put forward, and the firm is experimenting with the use of steel components which should obviate the disadvantages associated with timber under our climatic conditions" (NARLO, 1939b:1).

Die NARLO het die moeite gedoen om te verseker dat die departemente, inrigtings en organisasies wat met Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te doen gehad het, van apparaat voorsien sou word wat deur kundiges vervaardig was. Die verslag het gelui:

> "In short, we feel sure that this firm should produce excellent workmanship and satisfy the requirements of the various departments, in regard to physical education equipment" (NARLO, 1939b:1).

Smit het ook op 'n driemanskomitee (Smit, Craven, Dixon) gedien om aanbevelings te maak oor apparaat wat deur oorsese vervaardigers vervaardig is. Daar is eers deeglike navorsing gedoen oor watter vervaardigers die beste apparaat sou vervaardig het. Daarna is daar in verslagvorm aanbevelings gedoen oor watter vervaardiger aanbeveel word by die aankoop van sekere apparaat. Die voor- sowel as nadele is telkens uitgewys. So byvoorbeeld is die volgende geskryf ten opsigte van die vervaardigers Niels Larsen & Son, Ltd.:

> "The apparatus manufactured by this firm is good, except for their parallel bars. Furthermore, we do not recommend vaulting bucks and horses without shoes" (NARLO, 1940a:1).

Dit dien ook vermeld te word dat Smit op die volgende komitees gedien het:

- Komitee vir die standaardisering van swembaddens en gimnastieksale

- Komitee vir die standaardisering van sportgronde

Hierdie Komitees het uitstekende werk verrig. Volledige inligting aangaande die afmetings betrokke by gimnasiums (ingeslote aspekte soos kleedkamers, stoorkamers, ensovoorts) swembaddens (ingeslote aspekte soos kleedkamers, duikplanke, beligting, ensovoorts) asook sportgronde vir 29 sportsoorte is op skrif gestel (NARLO, 1945:1).

Die werk wat deur die verskillende komitees in sake die standaardisering van apparaat, swembaddens, gimnastieksale en sportgronde gedoen is, was van onskatbare waarde. Waar verskillende departemente, inrigtings en organisasies wat met Liggaamlike Opvoedkunde te doen gehad het eers in die duister was oor waar om inligting te bekom, was hierdie inligting nou op skrif gestel en kon dit maklik aan hul verskaf word. So

byvoorbeeld het Smit die Sekretaris van die NARLO op 17 Mei 1943 versoek om die volgende inligting aan 'n ds. Murray van Worcester te stuur:

1. "Blou afdrukke van swembaddens
2. Spesifikasies van bogenoemde
3. Name en adresse van firmas wat suiweringstoestelle vervaardig
4. Die onderhoudskoste plus-minus van die A-tipe swembad" (Smit, 1943:1).

Vele ander instansies kon op hierdie wyse gehelp word.

Die inset wat Smit op bogenoemde komitees gelewer het en die bydraes wat deur hierdie komitees gelewer is om te verseker dat die gebruik van Liggaamlike Opvoedkunde-apparaat en -fasiliteite deur departemente, inrigtings en organisasies op doeltreffende wyse geskied, het beslis 'n indirekte invloed gehad op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies.

#### 4.3.4.4 Publisiteit

'n Ander adminstratiewe aspek waarmee Smit te doen gehad het was om publisiteit aan die vak te verleen. Hy is op 28 Mei 1941 tydens 'n vergadering van die NARLO benoem op die Publisiteitskomitee (NARLO, 1941a:1). Die doel van die komitee was om publisiteit te verleen aan die sake waarmee die NARLO hom besig gehou het ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Die Komitee het die volgende hulpmiddels sorgvuldig oorweeg ter vervulling van die taak wat hul opgelê is:

1. Plakkate
2. Pamflette vir verspreiding
3. Films

4. Radiopraatjies
5. Kwartaalblad
6. Demonstrasies deur afgerigte spanne
7. Bestaande tydskrifte soos Die Huisgenoot, The Outspan, ensovoorts
8. Instruksie by vakansie-oorde by die see
9. Nouer samewerking tussen die betrokke departemente
10. Dagblaaie
11. Omsendbriewe
12. Onderhoude met die pers
13. Lesings
14. Rondreisende advertensiemotor
15. Kompetisies
16. Foto's

Smit het 'n aktiewe rol in die Publisiteitskomitee gespeel veral ten opsigte van die plakkate, films en kompetisies. Wat sy aandeel ten opsigte van plakkate betref vind ons byvoorbeeld die volgende inligting in die notule van die Publisiteitskomitee wat op 7 April 1942 gehou is:

> "At the meeting on the 3rd November, 1941, a sub-committee was also appointed to submit suggestions for suitable posters. So far suggestions had been submitted by only one of the members, namely Mr. Claude Smit" (NARLO, 1942b).

Enige verdere betrokkenheid by hierdie saak blyk nie baie duidelik uit die bestudering van die res van die notules van die Publisiteitskomitee nie.

Ten opsigte van Smit se betrokkenheid by films blyk dit dat Smit saam met J. F. Botha en J. J. P. Op't Hof op 29 Januarie 1942 'n besoek aan African Film Productions gebring het en op dieselfde dag ook 'n onderhoud met 'n mnr. Ross-Allen van Twentieth Century-Fox gehad het (NARLO, 1942b). Dat hul besoeke vrugte afgewerp het blyk uit 'n verslag oor die werksaamhede van die Publisiteitskomitee in 1943, waarin melding gemaak word van verskeie kort films oor verskeie aspekte van Liggaamlike Opvoedkunde wat in bioskope dwarsoor die destydse Unie

vertoon is. Dit was verblydend dat die volgende aangaande die betrokke films in die verslag vermeld is:

> "Hierdie films is nie alleen beskikbaar vir skole en ander lede van die filmbiblioteek nie, maar reëlings is ook met die firma Volksbioskope getref om afdrukke daarvan in hul reisende bioskoopeenhede op te neem" (NARLO, 1943b).

Ten opsigte van Smit se betrokkenheid by kompetisies kan gemeld word dat die publisiteitskomitee op 'n vergadering van 7 April 1942 besluit het dat daar van die bestaande sportsoorte op skole gebruik gemaak moes word om wedstryd-/kompetisiesituasies te skep. By hierdie vergadering is daar die volgende besluite geneem:

1. "That Lt. Col. Craven and Mr. Claude Smit select suitable exercises for the competitions, having regard to the fact that seperate meetings are being held for primary schools and secondary schools and that boys and girls compete.

2. That Mr. Claude Smit assist Lt. Col. Craven in working out the proposed Union-wide scheme of competitions" (NARLO, 1942b:3).

As gevolg van die feit dat Craven weens militêre verpligtinge nie verder aan die saak kon aandag gee nie, het Smit die saak self verder gevoer en navorsing gedoen oor 'n reeks toetse wat moontlik ten opsigte van gimnastiek gebruik sou kon word. Hy het die werk egter gestop nadat " ... we have been informed that the existing publicity committee has been superceded by another body" (Smit, 1943c:1).

#### 4.3.4.5 Mediese ondersoek

Die NARLO het besef dat dit uiters wenslik was en selfs noodsaaklik, om deelnemers aan Liggaamlike Opvoedkunde van tyd tot tyd geneeskundig te laat ondersoek. Die onderwysdepartemente het onderneem om sover

moontlik hieraan gevolg te gee en in gevalle waar dit nie moontlik was om leerlinge te laat ondersoek nie, is die prinsipale gevra om sekere gegewens van die ouers van kinders in te samel wat hulle in staat sou stel om te kan oordeel of 'n kind in 'n normale gesondheidstoestand verkeer het al dan nie (Op't Hof, 1940e:2). 'n Spesiale komitee van medici en Liggaamlike Opvoedkundiges, waaronder Smit, is aangewys om vorms op te stel wat ingevul moes word wanneer kinders geneeskundig ondersoek is. Daar was ook instruksies opgestel vir die leiding van prinsipale en vraelyste wat deur ouers ingevul moes word. Hierdie stap, waarby Smit indirekte hulp verleen het, was weer eens baanbrekerswerk ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde op skool- sowel as klubvlak.

#### 4.3.4.6 Samevatting

Uit bogenoemde paragrawe blyk dit dat Smit, wat die aanbieding van die vak betref, nie net 'n goeie instrukteur was nie, maar dat hy ook 'n goeie administrateur van die vak was. Die feit dat hy ook op hierdie gebied werk van uitstaande kwaliteit gelewer het, het 'n besliste bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies.

### 4.3.5 LEERPLANNE VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

#### 4.3.5.1 Inleiding

Die vooruitgang van Liggaamlike Opvoedkunde in skole in Suid-Afrika was in die dertiger- en veertigerjare gestrem deur die feit dat daar nie leerplanne vir die vak beskikbaar was nie. Oor die algemeen is gebruik

gemaak van die Syllabus of Physical Training for Schools van die Board of Education van Engeland. (Kyk 2.2). Alhoewel Obholzer in 1939 die publikasie Liggaamsopvoeding in die skool (Obholzer, 1939) die lig laat sien het en Jokl iets soortgelyks in 1940, naamlik Liggaamsoefeninge-leerplan vir Suid Afrikaanse skole (Jokl, 1940) opgestel het, was daar nog steeds 'n behoefte by vakkundiges aan 'n leerplan wat eie was aan die Suid-Afrikaanse omstandighede (Op't Hof, 1940:3).

Smit het op verskeie maniere 'n bydrae gelewer ten opsigte van die daarstelling van leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde vir die skole van Suid-Afrika. In die eerste instansie was hy betrokke by die samestelling van 'n leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir Suidwes-Afrika in 1939. In die tweede instansie het hy gedien op die Komitee vir Terminologie wat 'n basis moes skep vir die samestelling van 'n nasionale stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde en in die derde instansie het hy 'n reuse aandeel gehad in die samestelling van nasionale leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde vir Suid-Afrika.

#### 4.3.5.2 Leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir Suidwes-Afrika

Aan die begin van 1939 is 'n vakkomitee bestaande uit sewe lede (waaronder Smit) aangestel om 'n ontwerpleerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir die skole in Suidwes-Afrika saam te stel. Met Smit se vertrek na Duitsland vir verdere studies in September 1937 "... het dit geskyn asof alle belange in die verband doodgeloop het" (Smit, 1938:1).

Die gevolg was dat Smit na sy terugkeer, nog voordat hy die pos as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement aanvaar het, die leerplan eiehandig voltooi het. Die deel oor Liggaamlike Opvoedkunde vir die meisies is deur sy gade, mev. D. Smit opgestel (Smit, 1938:1).

By die bestudering van die leerplan blyk dit dat Smit Liggaamlike Opvoedkunde met al sy vertakkinge onder die volgende hoofde ingedeel het: Oefeninge, Sport en Spele. Die inhoud van bogenoemde was soos volg (S.W.A. Departement van Onderwys, 1938:1):

### Oefeninge

1. Sonder apparaat
   - 1.1 Gimnastiekspele
   - 1.2 Vrybewegings
   - 1.3 Bodem- of behendigheidsoefeninge
   - 1.4 Gimnastiek, ritmiese oefeninge en volksdanse
2. Met apparaat
   - 2.1 Medisyne en gimnastiekballe
   - 2.2 Hand-, koeël- en ringgewigte
   - 2.3 Knuppels en stokke
   - 2.4 Springtoue
3. Op vaste apparaat
   - 3.1 Hindernisoefeninge
   - 3.2 Perd, bok, kis en tafel
   - 3.3 Bank en balk
   - 3.4 Sweedse muursporte en roostersporte
   - 3.5 Toue, lere, stange en pale
   - 3.6 Horisontale en parallelle sporte
   - 3.7 Romeinse ringe en skoppelmaai

### Sport

1. Atletiek
   - 1.1 Kort-, middel- en langafstandwedlope
   - 1.2 Aflosresies, hinderniswedloop, veldwedloop
   - 1.3 Driesprong, ver-, hoog- en paalspring
   - 1.4 Gewig- en steenstoot
   - 1.5 Bal-, knuppel-, diskus-, spies-, slingerbal- en hammergooi
2. Swem
   - 2.1 Bors- en kruipslag
   - 2.2 Rugslag (alle vorme)

2.3 Spring en duik
2.4 Lewensredding
2.5 Waterpolo

3. Boks en stoei (seuns)
4. Joejitsoe (meisies)

## Spele

1. Winterspele
    1.1 Rugby en sokker
    1.2 Hokkie
    1.3 Netbal en korfbal
    1.4 Handbal
2. Somerspele
    2.1 Tennis
    2.2 Krieket
    2.3 Bofbal
    2.4 Vlug-, vuis- en slagbal

Bogenoemde oefenstof is verdeel sodat dit in die volgende stadiums aangebied kon word:

### Liggaamlike Opvoedkunde vir dogters

- Stadium een. Leeftyd: 6 tot 9 jaar
- Stadium twee. Leeftyd: 9 tot 12 jaar
- Stadium drie. Leeftyd: 12 tot 15 jaar
- Stadium vier. Leeftyd: 15 tot 19 jaar.

### Liggaamlike Opvoedkunde vir seuns

- Stadium een. Leeftyd: 6 tot 10 jaar
- Stadium twee. Leeftyd: 10 tot 14 jaar
- Stadium drie. Leeftyd: 14 tot 18 jaar.

Volgens Smit (1938:2) het bogenoemde leerplan ooreengestem met die modernste idees wat in die vernaamste Europese lande op daardie stadium toegepas is. Verder het Smit in die Inleiding van die leerplan melding daarvan gemaak dat van die apparaat wat in die leerplan gebruik is van Duitse oorsprong was. Daar het ook geen erkende Afrikaanse terme vir oefeninge op hierdie apparaat bestaan nie. Die terme wat gebruik was, was deur Smit self geskep (S.W.A. Departement van Onderwys, 1938).

Uit bogenoemde paragrawe blyk dit dat Smit op twee terreine baanbrekerswerk begin doen het, naamlik die samestelling van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde vir skole sowel as die skep van 'n Afrikaanse terminologie. Die ervaring wat hy hier opgedoen het sou hy baie nuttig kon aanwend as lid van die Komitee vir Terminologie sowel as die Komitee vir die samestelling van 'n nasionale leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir Suid-Afrika.

#### 4.3.5.3 Komitee vir Terminologie

In die dertigerjare was daar verskillende terminologiestelsels vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika in gebruik, naamlik in Engels sowel as in Nederlands. Ten einde verwarring te voorkom en uniformiteit te bevorder het die NARLO in 1939 besluit om 'n Komitee vir Terminologie te benoem (Op't Hof, 1940c:4). Die Komitee het bestaan uit deskundiges op taalgebied asook op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde naamlik

- Prof. J. J. Smith (Voorsitter)
- Dr. Anton Obholzer (Universiteit van Stellenbosch)
- Mej. Logeman (Kaapse Onderwysdepartement)
- Mnr. Taylor (Kaapse Onderwysdepartement)

- Mnr. Smit (Unie-Onderwysdepartement)

- Mnr. Posthumus (Vertaler van die Departement van Verdediging)

- Mnr. Toerien (Sekretaris van die Komitee)

Die opdrag aan die komitee was om terminologielyste in Afrikaans en Engels op te stel vir al die vertakkinge van Liggaamlike Opvoedkunde (Op't Hof, 1940:4). Dit was 'n besonder moeilike opdrag aangesien die terme wat op daardie stadium in Suid-Afrika gebruik is, verkry is vanuit die verskillende stelsels wat op een of ander wyse in Suid-Afrika geïmplementeer was, naamlik vanuit Denemarke, Swede, Nederland, Engeland en Duitsland. Daar moes dus 'n aangepaste terminologie gevind word waaruit 'n eie Suid-Afrikaanse terminologie opgebou kon word. Die feit dat Suid-Afrika 'n tweetalige land was, het die taak verder bemoeilik.

Die resultate van die Komitee se arbeid het in 1940 verskyn in die vorm van 'n publikasie: Terme in verband met Liggaamlike Opvoeding (NARLO, 1940d).

Smit se bydrae ten opsigte van die daarstelling van 'n terminologie vir Liggaamlike Opvoedkunde lê daarin dat hy as gevolg van sy ervarings met insig 'n inset kon lewer. Sy ervaringsveld was tweërlei. In die eerste instansie moes hy reeds terme skep by die samestelling van die leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde vir die Departement van Suidwes-Afrika. In die tweede instansie was hy genoodsaak om Afrikaanse terme te skep by die skryf van verslae (in Afrikaans) oor sy inspeksiebesoeke aan skole en organisasies.

#### 4.3.5.4 Nasionale leerplanne

Na afloop van die besoek van Niels Bukh en sy Deense gimnaste aan Suid-Afrika het die NARLO duidelik gevoel dat die tyd aangebreek het dat Suid-Afrika 'n bepaalde rigting moes begin inslaan (Op't Hof,

1940:3). Met die oog hierop het die Raad op 17 Februarie 1940 'n komitee van nege uitstaande deskundiges benoem met die volgende opdrag:

1. "Om die stelsel wat volgens hulle mening die geskikste is om te dien as grondslag vir Liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika, paslik te wysig om by Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas;
2. om oefeningstabelle, in besonderhede, vir die verskillende ouderdomsgroepe en geslagte in laer en hoër skole op te stel;
3. om oefeningstabelle, in besonderhede, vir volwassenes op te stel;
4. om vir die leiding van opgeleide onderwysers van liggaamlike opvoeding 'n plan uit te werk waarvolgens hulle self nuwe oefeningstabelle vir die gevorderde werk kan saamstel;
5. om leerplanne, in besonderhede, vir onderwysers wat opgelei word, op te stel" (Op't Hof, 1940c:4).

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

- Mnr. E. Fleming (Pretoriase Tegniese Kollege. Voorsitter en verteenwoordiger van die Vereniging van Opgeleide Onderwysers van Liggaamlike Opvoeding)
- Mnr. H. J. Taylor (Kaapse Onderwysdepartement)
- Mej. M. Logeman (Kaapse Onderwysdepartement)
- Mnr. M. Dixon (Transvaalse Onderwysdepartement)
- Mej. E. Percival Hart (Transvaalse Onderwysdepartement)
- Mnr. Claude Smit (Unie-Onderwysdepartement)
- Mnr. A. van der Plaat (OVS-Onderwysdepartement)
- Mnr. E. Braham (Natalse Onderwysdepartement)
- Kapt. D. Craven (Departement van Verdediging)
- Mev. J. Rademeyer

Later is die volgende lede gekoöpteer:

- Mev. Denna Smit
- Mev. A. van der Plaat
- Mnr. V. D. Lounsbury
- Luit.(Mej.) M. Barrett (NARLO, 1941b:vii)

Die komiteelede het hul werksaamhede op 12 Februarie 1940 te Pretoria onder die voorsitterskap van Mnr. E. Fleming begin en die komitee as 'n geheel het tot omstreeks die einde van Junie in Pretoria gebly. Daarna het die lede na hul verskeie werkkringe teruggekeer en die werk halfklaar agtergelaat (NARLO, 1940b).

Om die onbevredigende posisie te bespreek, is 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die NARLO op 30 Julie 1940 gehou. 'n Paar beskikbare lede van die leerplankomitee was aanwesig. By die besprekings het dit toe geblyk dat genoeg materiaal vir die leerplanne beskikbaar was, maar dat dit nog behoorlik geklassifiseer en nagesien moes word. Dit het egter ook geblyk dat geeneen van die lede voltyds sy aandag daaraan kon bestee nie, behalwe mnr. C. Smit wat deur die Unie-Onderwysdepartement toegelaat is om met die werk aan te gaan (NARLO, 1940c). By hierdie vergadering is besluit dat meeste van die werk deur briefwisseling gedoen sou word. Die Raad se sekretaris sou ook die komitee se sekretariële werk verrig. Smit is aangestel as tegniese adviseur vir die mansafdeling en mev. Rademeyer vir die damesafdeling (NARLO, 1940c).

Oor bogenoemde situasie het M. J. Smith (sekretaris van die leerplankomitee) die volgende aan J. J. P. Op't Hof geskrywe:

> "Reeds vanaf die begin het dit geblyk dat geeneen van die lede behalwe mnr. Smit die tyd kon vind om genoegsame aandag aan die werk te skenk nie. Telkens is mnr. Smit maar gevra om sekere hoofstukke oor te skryf, te verwerk, ensovoorts nadat 'n bespreking plaasgevind het. Ek het probeer om die ander lede sover te kry om hul aandeel te doen, maar na 'n paar weke moes ek maar die werk van hul terugvra en mnr. Smit versoek om dit af te handel" (Smith, 1940:1).

Dit het gaandeweg geblyk dat al hoe meer werk na Smit toe verwys is. Die probleem op daardie stadium was dat die materiaal wel daar was, maar net in 'n onverwerkte vorm. Die Unie-Onderwysdepartement het wel aan die begin toegestem dat Smit al sy tyd aan die leerplanne kon bestee,

maar dit kon ook nie vir 'n onbepaalde tydperk voortduur nie (Smith, 1940:2).

Hieroor het Smith die volgende geskryf:

> "Die enigste uitweg skyn te wees soos mnr. Smit dit stel, miskien effens gewysig (sic). Ek meen dat dit die beste sal wees as hy die nodige skryfwerk doen, ensovoorts en dat ons die hoofstukke, soos gewysig, daarna aan die ander komiteelede vir hul opmerkings stuur. Hul sal mede-verantwoordelik vir die hele werk wees, maar ons sal hul slegs versoek om wenke, ensovoorts, aan te stuur, sodat mnr. Smit daaraan gevolg kan gee" (Smith, 1940:2).

Smit is deurgaans deur mev. D. Smit, sy eggenote, bygestaan deurdat sy die stof georden en die tikwerk en korrespondensie behartig het. M.J. Smith (1940:2) het die volgende oor haar gesê:

> "As dit nie vir haar hulp was nie, sou mnr. Smit nie die helfte van die werk wat hy reeds gelewer het klaar kon gehad het nie."

P. Smit (1972:4) het Smit en sy gade se ywer en deursettingsvermoë ten opsigte van die opstel van die nasionale leerplanne soos volg beskryf:

> "Hulle het soms snags tot twee uur in klein hotelkamertjies aan die leerplanne gewerk, partykeer met slegs 'n latrinedeksel as tafel. Geen eer, geen juigende skare nie, net 'n brandende ideaal om die volk te dien en die liefde van 'n noodsaaklike vak onder onderwysers en leerlinge tuis te bring."

Om die leerplanne deur te voer sodat hul persklaar is het die kwessie van vertaling ook baie tyd geverg. 'n Vertaler, mnr. Harris, was daarvoor verantwoordelik maar hy was slegs verantwoordelik vir die taal en styl en moes steeds "... deur mnr. C. Smit en mev. Rademeyer as deskundiges bygestaan word" (NARLO, 1940b).

Verder moes Smit en mev. Rademeyer, met behulp van mev. D. Smit en mnr. C. P. de Leeuw Beyers van die Filmafdeling van die Departement

van Unie-onderwys, ook behulpsaam wees met die neem van foto's wat vir illustrasiedoeleindes gebruik sou word (NARLO, 1940b).

Die groot bydrae wat Smit gelewer het by die samestelling van die Nasionale leerplanne blyk nog verder uit 'n skrywe wat hy aan die Sekretaris van die NARLO gerig het op 29 Oktober 1940. Hierin het hy geskryf:

> "Vanaf 10 Februarie tot 30 Junie was ek op die Sillabuskomitee te Pretoria werksaam. Die inhoud van Juniorboek is ingesamel en vir die Seniorboek vir Seuns en Mans is reeds 20 hoofstukke ingesamel. Van hierdie twintig hoofstukke het ek alleen, met die hulp van mev. Smit, 9 1/2 hoofstukke geskrywe. Die ander 10 1/2 is deur 5 persone geskryf".

Hy het verder geskryf:

> "Vir die tydperk 3 Augustus tot 5 Oktober was ek op inspeksie en gedurende die hele tydperk moes ek my vrytyd wy aan die nasionale leerplan. Selfs gedurende my vakansies het ek steeds stukke van Hoofkantoor ontvang wat inderhaas afgehandel moes word. Sedert my aankoms was ek besig gehou met werk van die Nasionale Adviserende Raad en vir die leerplan moes ek die inleidende hoofstuk van die Juniorboek skryf."

Hy het nog steeds voortgegaan om die probleemareas uit te wys:

> "Daar ontstaan nou die groot probleem dat ek die enigste beskikbare lid van die Sillabuskomitee is wat die Seniorboek persklaar moet maak. Die ander lede se werksaamhede laat hulle nie eers toe om 'n vergadering van 'n halfdag by te woon nie. Hul kan min of meer net in 'n adviserende kapasiteit behulpsaam wees. Om hierdie boekdeel af te handel is 'n voltydse taak en sal minstens drie maande duur om dit af te handel" (Smit, 1940a:2).

Die resultate van Smit sowel as die res van die leerplankomitee se harde arbeid was onder andere die verskyning van:

- Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Junior Boek. Hierdie publikasie het in 1941 verskyn. Die inhoud daarvan was bedoel vir seuns en dogters tot die leeftyd tien jaar.

- Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek I. Hierdie publikasie het in 1943 verskyn en was vir seuns bo tien jaar en vir mans saamgestel. In hierdie werk was formele gimnastiek (wat alle vorms van vormgewende of houdingsoefenige ingesluit het) sowel as die meer kunsmatige behendigheidsoefeninge, soos toestelgimnastiek en tuimeloefeninge, behandel.

- Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek II. Hierdie publikasie het in 1947 verskyn en was ook vir seuns bo tien jaar en mans saamgestel. Hierin was al die ander terreine van Liggaamlike Opvoedkunde (veral sportsoorte) wat nie in Senior Boek I behandel is nie, behandel.

- Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek III. Hierdie publikasie het eers in 1952 verskyn. Die werk was die eweknie van Senior Boek I en Senior Boek II maar is saamgestel vir die gebruik van meisies bo tien jaar en vir vroue.

(Smit se betrokkenheid was hoofsaaklik by eersgenoemde drie publikasies.)

Smit het die resultaat van die publikasies soos volg saamgevat:

> "Die publikasies kan beskryf word as 'n eklektiese en omvattende program vir Liggaamlike Opvoeding waarby ingelyf was die geskikste en doeltreffendste aktiwiteite van alle bestaande stelsels en programme van Liggaamlike Opvoeding en wat, as dit in sy geheel aanvaar en onderrig word, sal voldoen aan alle anatomiese, fisiologiese, psigologiese en sosiologiese fundamentele beginsels wat betrekking het op liggaamlike opvoeding" (Smit, 1952:23).

Die leerplanne was gunstig deur die publiek ontvang. Pas nadat die Junior Boek en Senior Boek I verskyn het, het Op't Hof (1943:1) in 'n

verslag oor die vordering van die leerplanne geskryf dat die Junior Boek groot byval by alle skole gevind het en dat Senior Boek I baie gewild by onderwysers sowel as die publiek was.

In 'n boekbespreking oor leerplanne vir Liggaamlike Opvoeding Junior Boek sowel as Senior Boek I wat deur L. Fouche saamgestel is en op 25 September 1943 deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie vanuit Johannesburg uitgesaai is, is die leerplanne hoog aangeskryf (Fouche, 1943:1). Daarin is die NARLO gelukgewens met die "werklik eersteklas" publikasies wat "... taalkundig aan die hoogste vereistes voldoen" (Fouche, 1943:1). Die gehalte van die foto's en tekeninge is hoog aangeprys en die bewering is gemaak dat beide die foto's en tekeninge veel bygedra het tot die sukses van albei publikasies. Volgens Fouche (1943:1) het hierdie publikasies nie alleen die grondslag gelê vir die ontwikkeling van 'n gesonde sterk volk nie maar is die Afrikaanse kultuur ook verryk met die daarstelling van 'n eenvormige Afrikaanse terminologie vir Liggaamlike Opvoedkunde. Die mening is uitgespreek dat alhoewel die publikasies bedoel was as leerplanne vir die gebruik in skole, kolleges, universiteite en gimnastiekklubs, enige individu wat sou begeer om sy liggaam deur middel van oefeninge op te bou, nuttige oefenstof en wenke in hierdie publikasies sou vind (Fouche, 1943:2).

Omrede Senior Boek II en Senior Boek III nog nie verskyn het tydens hierdie boekbespreking nie, is die bespreking afgesluit met die volgende woorde:

> " ... indien die standaard van die twee publikasies wat reeds verskyn het, 'n aanduiding is van die gehalte van die volgende twee werke, behoort die hele land met ongeduld die verskyning van die volgende twee af te wag" (Fouche, 1943:2).

Smit se aandeel by die opstel van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde vir veral skole in Suid-Afrika was beslis een van die belangrikste bydraes wat hy gelewer het ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies.

### 4.3.6 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeelte is daar gepoog om aan te toon op welke wyse Smit 'n bydrae gelewer het ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en ander Liggaamlike Opvoedkundige organisasies. In die eerste instansie is daar aangedui hoe hy baanbrekerswerk verrig het deur die vak eers gevestig te kry in skole en klubs waarby hy betrokke was as onderwyser en organiseerder. Daarna is daar in die tweede instansie gewys op die wyse waarop hy opleidingskursusse geïmplementeer het om hierdie nuutgevestigde vak uit te bou en te laat ontwikkel. In die derde instansie is gepoog om aan te toon in hoe 'n mate hy hierdie ontwikkeling van die vak ondersteun het deur middel van doeltreffende administrasie van die vak. Ten slotte is daar uitgebrei oor sy bydrae ten opsigte van die samestelling van die nasionale leerplanne omdat hierdie leerplanne so 'n pertinente rol gespeel het in die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoekunde in skole in Suid-Afrika. In geheel gesien moet tot die slotsom geraak word dat Smit 'n besliste bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies in Suid-Afrika.

## 4.4 SMIT SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE EN SPORT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

### 4.4.1 INLEIDING

Smit se betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria lê daarin dat hy die eerste persoon was wat aangestel was om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde by die Universiteit te vestig en uit te bou.

Hy was verbonde aan hierdie inrigting vanaf Augustus 1946 tot en met sy aftrede in Junie 1973.

Die bespreking van sy bydraes, gedurende hierdie tydperk, word nie net beperk tot die bydraes ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde alleen nie, maar ook ten opsigte van die ontwikkeling van sport. Dit word gedoen om die volgende redes:

1. By Smit se aanstelling in 1946, is hy aangestel as Professor in Liggaamlike Opvoeding en as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde. Dit was van hom as Professor in Liggaamlike Opvoedkunde verwag om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde te vestig en "... om die geleentheid en die fasiliteite daar te stel vir bepaalde groepe van studente om hulle uit 'n beroepskeuse-oogpunt in hierdie rigting te bekwaam" (UP, 1946a). Terselfdertyd was dit van hom as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding verwag om "... die sportaktiwiteite van alle studenteverenigings te koördineer en om uiteindelik met die verloop van tyd vir die liggaamlike welsyn van die studente verantwoordelik te wees" (Smit, 1947b:217). Smit het dus by sy aanstelling met twee hooftake te doen gehad, naamlik die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde enersyds en die bevordering van sport andersyds. Die aksies wat deur Smit geloods is ter uitvoering van bogenoemde take was van so 'n aard dat dit dikwels moeilik was om 'n onderskeid te maak wanneer dit ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde was en wanneer dit ter bevordering van sport was. Hierdie probleem het veral na vore gekom ten opsigte van aspekte soos die daarstelling en uitbouing van fasiliteite.

2. Alhoewel hierdie dubbele portefeulje van Smit in 1957 verval het toe die Universiteit van Pretoria se Sportkomitee (UPS) in die lewe geroep is (Pelzer, 1982:7), het hy nog steeds sitting op hierdie komitee gehad. Hy was dus nog betrokke by die sport van die Universiteit alhoewel die meeste van sy tyd op daardie stadium spandeer was aan die vestiging en uitbouing van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde.

Dit is dus as gevolg van hierdie betrokkenheid van Smit by beide Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit van Pretoria (wat dikwels "oorvleuelend" van aard was), dat sy bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van albei aan die Universiteit van Pretoria in hierdie afdeling bespreek word. As gevolg van die aard van die studie sal die Liggaamlike Opvoedkundige aspekte egter meer beklemtoon word.

Smit het tydens sy dienstydperk van bykans ses-en-twintig jaar aan die Universiteit van Pretoria besondere bydraes gelewer op veral die volgende terreine: instelling van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde, daarstelling en instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite, administrasie en organisasie van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en die bevordering van sport aan die Universiteit.

Voordat daar oorgegaan kan word tot die bespreking van Smit se bydrae rakende bogenoemde aspekte, is dit nodig om eers die agtergrond te skets waarteen die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit sy ontstaan gehad het ten einde begrip te verkry vir die omstandighede waaronder Smit moes arbei.

### 4.4.2 TOTSTANDKOMING VAN DIE DEPARTEMENT EN INSTITUUT VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Volgens Smit (1957b:1) was die gedagte om Liggaamlike Opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria "... vir die studentebevolking in geheel" in te stel, veel ouer as die totstandkoming van die Departement "... met leergange vir professionele opleiding" self. Volgens Smit was daar alreeds in 1937 aanbeveel dat 'n dosent in Liggaamlike Opvoedkunde in die Fakulteit van Opvoedkunde benoem moes word. Ook in 1938 is die instelling van 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde ernstig oorweeg met veral die tweeledige doelstelling:

1. Die verhoging van die algemene, fisiese peil van studente
2. Vakkundige opleiding wat in verband met opvoeding sou staan (Smit, 1957b:1).

Die pogings het egter niks opgelewer nie en eers na die ontwrigtende oorlogsjare het die saak weer te berde gekom (Anon., 1960:125). Hierdie belangstelling is grootliks versterk deur die benoeming van prof. M. C. Botha, die destydse Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement en latere voorsitter van die NARLO, as Rektor van die Universiteit van Pretoria (Grosskopf, 1953:1).

Gedurende 'n informele onderhoud in die Minister van Onderwys se kantoor in Pretoria in Mei 1944, het prof. Botha die wens uitgespreek om 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit te stig (Grosskoff, 1953:1). C. M. Smit wat op daardie stadium nog organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde vir die Unie-Onderwysdepartement was, is genader om 'n memorandum op te stel oor die voorgestelde oprigting van 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (Smit, 1944b:1).

In die memorandum wat in Mei 1944 deur Smit (1944b) opgestel is, het hy die volgende faktore bespreek wat in ag geneem moes word by die oprigting van 'n Departement:

- Aanvangsdatum plus wenke oor watter aanvoorwerk voor die aanvangsdatum gedoen moes word
- Personeel
- Kursusse
- Gimnastiekuitrusting
- Fasiliteite
- Koste

Intussen het die studente massavergaderings gehou. Op een van hierdie vergaderings is die studente deur D. H. Craven en J. F. Botha toegespreek. Daar is besluit om 'n komitee bestaande uit prof. M.C. Malan (die Rektor), proff. S. Oosthuizen, S. Engelbrecht, B. Lombaard, B. F. Nel, Schiltz en U. Davel te benoem om die hele

aangeleentheid te ondersoek. Hierdie komitee het C. M. Smit op 1 Mei 1946 ontmoet (Grosskopf, 1953:2).

Na aanleiding van aanbevelings deur bogenoemde komitee het die Fakulteitsraad van Opvoedkunde op 6 Junie 1946 aanbeveel dat die beoogde inrigting vir Liggaamlike Opvoedkunde onder die Fakulteit van Opvoedkunde sal ressorteer as 'n selfstandige departement (UP, 1946a). Die doel van dié Departement is soos volg beskryf:

1. "Om die studentejeug (en ook ons volk en jeug) bewus te maak van die waarde van 'n gesonde en aktiewe liggaam vir die persoonlikheidsontwikkeling, veral soos uit 'n sosiaal-sielkundige-, godsdienstige- en estetiese oogpunt beskou;

2. om die studente - en deur die studente die hele gemeenskap - bewus te maak daarvan dat die kulturele, sosiale en ekonomiese waarde van 'n volk hoofsaaklik lê in die mate van werkkrag, liggaamlik en geestelik, wat hy aan die dag lê en dat hierdie werkkrag in die eerste plek afhang van 'n harmoniese ontwikkelde liggaam;

3. om die geleentheid en die fasiliteite daar te stel vir bepaalde groepe van studente om hulle uit 'n beroepskeuse-oogpunt in hierdie rigting te beskwaam teneinde as leiers op te tree in die poging om bogenoemde ideale te verwesenlik" (UP, 1946a:1).

Die Fakulteitsraad het verder aanbeveel dat 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Liggaamlike Opvoedkunde ingestel moes word. Ten opsigte van die personeel het hul die volgende aanbevelings gedoen:

1. Dat daar 'n hoof van die onafhanklike Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aangestel sou word en dat die pos bekend sou staan as Direkteur van Liggaamlike Opvoedkunde;
2. dat hierdie pos vir C. M. Smit aangebied sou word;
3. dat die pos van lektrise in die departement geadverteer sou word;
4. dat twee addisionele poste, senior lektor en lektor ingestel word, maar dat die poste eers in 1947 gevul sou word (UP, 1946a).

In 'n skrywe van die Universiteit van Pretoria is Smit meegedeel dat hy vanaf Januarie 1947 as Professor in Liggaamlike Opvoedkunde en as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde aangestel is. Smit het die aanstelling aanvaar op voorwaarde dat dit vanaf 1 September 1946 en nie eers 1 Januarie 1947 nie af dateer (Groskoff, 1953). Die rede vir die voorwaarde was dat daar soveel voorbereidingswerk vooraf nodig was voordat die kursus 'n aanvang kon neem. In die memorandum wat hy in 1944 (Smit, 1944b:1) opgestel het, het hy onder andere die volgende sake genoem wat vooraf aandag moes geniet: aankoop en oprigting (waar nodig) van die vereiste gimnastiektoerusting, aanlê van oefenperke, aankoop en versameling van naslaanwerke en leerstof, voorbereiding van lesings en aantekeninge, opstel van roosters en daarstelling van die vereiste administratiewe masjinerie, ontwerp en maak van sport- en oefenklere vir sowel manstudente as damestudente en reklamewerk in verband met kursusgangers. Die sinvolheid van Smit se voorwaarde is ingesien en in 'n skrywe van die Registrateur van die Universiteit aan Smit op 20 Augustus 1946 is hy amptelik meegedeel dat hy van 1 September 1946 in diens van die Universiteit sou wees as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde. Verder sou hy ook die titel van Direkteur van Liggaamlike Opvoedkunde dra (UP, 1946b:1).

Vanaf Januarie 1947 is die voltallige personeel in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aangestel naamlik:

- Mnr. K. A. Schrecker - senior lektor
- Mnr. G. W. van der Merwe - lektor
- Mej. M. de Kock - lektrise

(Na mej. de Kock se troue het mev. Denna Smit as lektrise waargeneem tot tyd en wyl mej. G. Oertli van Switserland op 1 Mei 1949 as lektrise aangestel is.)

Daar was nie voorsiening gemaak vir personeel vir die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde nie, en Smit moes as Direkteur sover moontlik poog om die bykomstige pligte van die Instituut uit te voer (Smit, 1957b:3). Smit het die volgende mening aangaande sy betrokkenheid by

beide die Departement sowel as die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde gehad:

> "Van meet af aan het die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde onafhanklik en oneweredig ontwikkel en was die enigste skakel tussen die twee liggame die Direkteur" (Smit, 1957b:2).

Omdat dit vir Smit onmoontlik was om man-alleen al die sake rondom die Instituut te hanteer het hy aan die einde van 1947 'n Sentrale Sportkomitee in die lewe geroep. Elke sportsoort sou op die Komitee verteenwoordig word wat onder leiding van prof. Smit, die uiteenlopende belange van sport sou koördineer en bevorder (Pelzer, 1983:6).

**Samevatting**

Uit die kort oorsig wat gegee is oor die totstandkoming van die Departement sowel as Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Die universiteitsowerhede het hoë agting vir Smit se vermoëns gehad omdat hy reeds in 1944 deur hul genader is om 'n memorandum insake die voorgestelde oprigting van 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde op te stel. Hierdie hoë agting het verder geblyk uit die feit dat hul hom die pos as hoof van die Departement in 1946 aangebied het en die pos nie geadverteer is nie.

2. Smit was uiters bekwaam vir die pos wat hom aangebied is. Dit het veral geblyk uit die memorandum insake die voorgestelde oprigting van 'n Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, wat in 1944 deur hom opgestel is. Hierin het hy sake rakende die begin van 'n Departement in soveel detail bespreek dat daar geen twyfel kon bestaan oor die insig wat hy in die verband gehad het nie. Ten opsigte van kursusse het hy byvoorbeeld nie net aan die professionele opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde gedink nie, maar het hy ook die volgende moontlikhede genoem:

- Buitemuurse klasse in Liggaamlike Opvoedkunde vir die publiek
- Vakansiekursusse vir die Transvaalse Onderwysdepartement, Unie-Onderwysdepartement en die NARLO
- Samewerking tussen die voorgestelde fakulteit van Geneeskunde in verband met werkterapie, fisioterapie en voorkomende geneeskunde

3. Smit se aanstelling as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en as Direkteur van die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde is 'n saak wat 'n ver pad in die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria geloop het, omdat dit alreeds in 1938 oorweeg is om 'n departement in te stel met die tweeledige doelstelling van verhoging van die algemene fisieke peil van die studente sowel as vakkundige opleiding. Dit het egter van die begin af geblyk dat die gelyktydige hantering van albei portefeuljes sonder die nodige mannekrag 'n veeleisende taak sou wees, soos wat uit die volgende besprekings sal blyk.

### 4.4.3 INSTELLING EN UITBOUING VAN KURSUSSE EN VAKRIGTINGS IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

Smit se bydrae tot die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria was tweërlei van aard. In die eerste instansie het hy nuwe kursusse en vakrigtings ingestel en geïmplementeer en in die tweede instansie het hy veranderinge en wysiginge ten opsigte van kursusse en vakrigtings aangebring waar dit nodig was.

Toe Smit in 1946 by die Universiteit van Pretoria aangestel is, het Liggaamlike Opvoedkunde onder die Fakulteit van Opvoedkunde geressorteer en was die volgende kursusse reeds in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied:

1. Hoër Onderwysdiploma. Liggaamlike Opvoedkunde is as 'n vak in hierdie eenjarige kursus, wat op 'n B.A.- of B.Sc.-graad gevolg het, aangebied. Die inhoud van die kursus het bestaan uit gesondheidsleer, fisiologie en "liggaamsoefeninge" (UP, 1946c:140).
2. Kleuterskoolkursus. Dit was 'n driejarige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied in die eerste, tweede en derde jaar, met 'n inhoud wat bestaan het uit ontwikkelingspele, elementêre fisiologie, korrektiewe liggaamlike opvoeding, gesondheidsleer, volksgesondheid, kindersorg, liggaamlike groei en ontwikkeling (UP, 1946c:144).

Smit was dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die instelling van 'n graadkursus in Liggaamlike Opvoedkunde. Die vraag op daardie stadium in Suid-Afrika was of 'n graadkursus in Liggaamlike Opvoedkunde 'n suiwer Liggaamlike Opvoedkundegraad moes wees en of dit 'n gewone B.Sc.- of B.A.-graad moes wees met Liggaamlike Opvoedkunde as een van die hoofvakke. In 'n skrywe aan E. Locke van die Universiteit van Rhodes in November 1945 het Smit die volgende oor bogenoemde onderwerp geskryf:

> "The choice up to now has been between a pure Physical Education degree such as offered by Stellenbosch University or an ordinary B.Sc. or B.A. degree with Physical Education as one of the majors" (Smit, 1945b:1).

Smit self was 'n voorstaander daarvan dat 'n graadkursus in Liggaamlike Opvoedkunde soos volg by die Universiteit van Pretoria ingestel moes word:

> "'n Driejaarkursus ter verwerwing van 'n gewone baccalaureusgraad (B.A., B.Sc., ens.), gevolg deur 'n jaarkursus ter verwerwing van die H.O.D., waarby die metodiek van en praktiese onderrig in die liggaamlike opvoeding inbegrepe is" (Smit, 1944b:2).

Op daardie stadium het die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte asook Wis- en Natuurkunde geweier om Liggaamlike Opvoedkunde as 'n hoofvak vir 'n B.A.- of B.Sc.-graad te erken. Aangesien die Senaat van die

Universiteit die voorgestelde kursus nie wou laat skipbreuk ly nie, is daar besluit om Liggaamlike Opvoedkunde onder die Fakulteit van Opvoedkunde te laat ressorteer (Grosskopf, 1953:2). Op 6 Junie 1946 het die Fakulteitsraad van Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria aanbeveel dat "... in die Fakulteit van Opvoedkunde 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Liggaamsopvoeding ingestel word en dat die pos van hoof van die onafhanklike departement van liggaamsoefeninge aan mnr. C. M. Smit aangebied word" (UP, 1946b:1).

In die verband het Smit op 16 April 1958 'n skrywe aan die Dekaan van die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde gerig en die volgende gemeld:

> "By my aanstelling het ek tot my ontsteltenis verneem dat my wenke nie aanvaar is nie, maar dat instede 'n vierjarige B.Ed.phys.-graad ingestel is" (Smit, 1958a:1).

Alhoewel dit dus Smit se wens was om 'n B.A.- of B.Sc.-graadkursus met Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak by die Universiteit van Pretoria ingestel te kry, was dit by sy aanstelling aan hom opgedra om die kursus van die graad Baccalareus Educationis physicae (B.Ed.phys.) wat oor vier jaar sou strek, aan die Universiteit gevestig te kry.

Dat hy wel van hierdie taak wat hom opgelê is 'n sukses gemaak het, het onder andere geblyk uit die Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde se verslag in 1948. Hy het die volgende ten opsigte van die B.Ed.phys.-kursus en die implementering daarvan geskryf:

> "Die B.Ed.phys.-kursus waarmee die Fakulteit verlede jaar begin het was tot dusver 'n groot sukses. Waar daar elders nog baie rondgetas word omtrent die samestelling van 'n derglike graadkursus kan ons met vrymoedigheid verklaar dat ons tevrede is met die samestelling soos dit tans daar uitsien. Waar daar verlede jaar 20 inskrywings vir die eerste jaar was, het die toeloop na 30 vir dié jaar vermeerder" (UP, 1948a:2).

In Januarie 1949 het Die Vaderland met groot lof geskryf oor die groepie studente wat die Universiteit die volgende jaar sou verlaat met die graad

B.Ed.phys. agter hul name. Volgens *Die Vaderland* (Anon., 1949a) was hierdie studente volkome toegerus vir hul taak as gevolg van die gebalanseerde samestelling van die kursus. Daar is onder andere die volgende geskryf:

> "Nóg die volslae boekwurm, nóg die man wat hom alleen op liggaamlike opleiding toelê, het die geringste kans om hierdie omvattende kursus met sukses te voltooi. Daar is plek slegs vir die gebalanseerde student wat hierdie twee noodsaaklike aspekte van skoolopleiding in die regte verhouding kan sien en gevolglik kan verwag word dat ons land aanstaande jaar 'n klompie onderwyskragte ryker sal word wat 'n aanwins op die personeel van enige skool sal wees" (Anon., 1949a).

Benewens die B.Ed.phys.-kursus was Smit voordurend besig om leiding te neem ten opsigte van die inisiëring en/of instelling van nuwe kursusse en vakrigtings volgens die behoefte van die tyd. Hy het ook nie geskroom om wysiginge aan te bring ten opsigte van bestaande kursusse en/of leerplanne indien dit ter bevordering van die vak Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria sou wees nie. Hier sal net 'n paar aspekte rondom bogenoemde bespreek word.

Smit het reeds so vroeg as 1944, nog voor sy aanstelling, voorgestel dat 'n eenjarige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde ingestel moes word vir studente in besit van 'n akademiese graad (Smit, 1944b:2). Hierdie voorstel is in 1949 gerealiseer want as gevolg van Smit se toedoen is Liggaamlike Opvoedkunde as vak in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte ingestel. Hierdie kursus, die B.A. (S.W.) Liggaamlike Opvoedkundekursus was 'n kursus waar Liggaamlike Opvoedkunde oor die student se derde en vierde jaar versprei is (UP, 1949:86). Dit was die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Hieroor het *The Star* soos volg berig:

> "Professor Smit said that students taking their B.A. in social science will be allowed to take physical education as one of their degree subjects. This has never been possible at any South African University before" (Anon., 1947).

Om aan te pas by omstandighede is die B.Ed.phys.-graad in 1955 vervang deur 'n driejarige B.A.(Ed.phys.)-kursus wat deur die H.O.D. gevolg is. As gevolg van verskeie faktore wat veroorsaak het dat die Universiteit besig was om studente vir die vak Liggaamlike Opvoedkunde te verloor, het Smit in 1956 sekere aanbevelings in die verband gedoen. Die gevolg was dat

- die vak Liggaamlike Opvoedkunde as 'n ope vak vir die B.A.-graad aangebied sou word, en
- die benaming B.A.(Ed.phys.) met B.A. vervang sou word (UP, 1956).

Dit was dus met 'n omweg dat hierdie kursus wat reeds tien jaar tevore deur Smit aanbeveel is, in werking getree het aan die Universiteit. In hierdie verband het Smit die volgende aan die Dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte geskryf in 1956:

> "In my eerste onderhoud met die Senaatskomitee wat in 1946 afgevaardig was om die moontlike instelling van 'n Departement van Liggaamlike Opvoeding te ondersoek, het ek aanbeveel dat, in die lig van twee ondersoeke, Liggaamlike Opvoeding as een van die hoofvakke vir beide die B.A.- en die B.Sc.-grade aangebied behoort te word" (Smit, 1956:2).

Smit het ook die inisiatief geneem ten opsigte van die instelling van 'n driejarige diplomakursus in Liggaamlike Opvoedkunde in 1950. Dit het die leemte gevul wat daar bestaan het ten opsigte van studente wat Liggaamlike Opvoedkunde-onderwysers wou word maar nie daarin belanggestel het om 'n graadkursus te volg nie. Op 7 September 1950 is hierdie diplomakursus in beginsel deur die Fakulteitsraad van Opvoedkunde goedgekeur en is dit aan die Dekaan en prof. Smit opgedra om besonderhede van die kursus voor te berei (UP, 1950).

Smit het besondere inisiatief ten opsigte van die instelling van nuwe kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde geopenbaar. Omdat hy 'n wye siening van die vak gehad het wou hy op soveel terreine moontlik diens lewer. So byvoorbeeld het hy besondere moeite gedoen om die volgende

nuwe kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde - wat egter nooit gerealiseer het nie - ingestel te kry:

1. 'n Tweejarige diplomakursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir buitemuurse studente.

   Die instelling van so 'n kursus is in 1948 in beginsel deur die Fakulteit van Opvoedkunde goedgekeur (UP, 1948b). Volgens Smit (1948b:2) sou hierdie kursus in werking getree het vanaf 1949, mits daar minstens 20 studente inskrywe. Die vermoede is dat die kursus nooit van stapel gestuur is nie omdat die aantal belangstellendes minder as die vereiste 20 was.

2. 'n Spesiale tweejarige kursus in rekreasie vir B.A. Sosiale Werkstudente.

   Smit se belangstelling in hierdie rigting het reeds sterk na vore gekom tydens die tweede Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoedkunde toe hy die voorstel ingedien het dat Universiteite versoek sou word "... om ontspanningskursusse in te rig vir studente vir B.A. Sosiale Werk" (Anon., 1950a:G2).

3. Instelling van Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak vir 'n B.Sc.-graad.

   Smit het in April 1958 'n skrywe in die verband aan die Dekaan van die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde, Universiteit van Pretoria geskryf. Hy het geskryf:

   > "Hiermee wens ek vriendelik te versoek of u Fakulteit nie bereid sou wees om die instelling van Liggaamlike Opvoedkunde as 'n gewone graadkursus in die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde te oorweeg nie" (Smit, 1958a:1).

   Ingeslote by die brief was 'n deeglik gemotiveerde memorandum plus voorgestelde leerplanne vir B.Sc.(L.O.).

4. Volgens Smit (1948b:3) moes die Departement ook voorsiening maak vir die aanbieding van vakansiekursusse in verskillende vertakkinge van die vak vir onderwysers, afrigters en klubleiers.

5. 'n Kursus van drie tot ses maande vir mediese studente wat hulle veral op die gebied van sport wil bekwaam (soos skool- en sportartse) (Smit, 1948b:3).

Alhoewel baie van Smit se idees aangaande die instelling van kursusse nie gerealiseer het nie, beklemtoon bogenoemde uiteensetting die feit dat Smit die vak voortdurend wou uitbou. By die bestudering van die notules van die Fakulteit van Opvoedkunde en van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, blyk dit dat Smit indien nodig, wysiginge en veranderinge aan bestaande leerplanne van die verskeie kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde wat aan die Universiteit van Pretoria aangebied is, aangebring het.

So byvoorbeeld het Smit in Julie 1961 gevra vir regulasiewysigings ten opsigte van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde. In sy motivering het hy die volgende geskryf:

> "Die Universiteit van Pretoria het die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde ingestel om aan 'n nasionale behoefte te voorsien. Vandag staan sy kandidate hul plek vol in die onderwys en die Departement kan met trots wys op die leidende rol wat sy afgestudeerde studente op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika speel. Maar nieteenstaande hierdie prestasie, het die studentegetalle teen alle verwagtinge in, geen normale aanwas getoon nie; inteendeel is die neiging 'n onrusbare afname. Geen gevaar van oorproduksie behoort te bestaan nie, aangesien die Liggaamlike Opvoedkunde-onderwysers volwaardige graduandi is en derhalwe ook bevoegd om ander skoolvakke te onderrig. Daarom het ek die vrymoedigheid om hiermee 'n beroep te doen op die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte om ondersteuning en medewerking insake voorstelle wat die huidige nie-bevredigende toestand sal verander" (UP, 1961a).

Hy het voortgegaan en vyf daadwerklike stappe genoem wat syns insiens oorweeg kon word om bogenoemde toestand te verbeter naamlik:

1. Dat studente aangemoedig word om Liggaamlike Opvoedkunde as eenjarige- of as hoofvak te kies.
2. Dat die B.A.(L.O.)-graad as gevolg van die praktika tot slegs tien in plaas van die huidige elf kursusse beperk word.
3. Dat as gevolg van 'n beperkte keuse sekere ander vakke ook as eenjarige byvakke goedgekeur word.
4. Dat Liggaamlike Opvoedkundestudente verkieslik net vier vakke in plaas van vyf vir die eerste jaar moet kies.
5. Dat die samewerking van die Onderwyskollege verkry word sodat hul kandidate vir Liggaamlike Opvoedkunde die B.A.(L.O.)-kursus kan volg.

So ook in 1969 het Smit belangrike wysigings ten opsigte van die kursus vir die B.A.(L.O.)-graad voorgestel. Dit het onder andere die vervanging van Elementêre Anatomie en Fisiologie en Kinesiologie en Toegepaste Fisiologie deur Bio-Ergonamika I en II behels. Hierdie wysigings is voorgestel om by ontwikkeling op die vakgebied aan te pas en omdat "... die huidige kursusse nie heeltemal aan die vereistes van die departement voldoen nie" (UP, 1969a).

Oor bovermelde wysigings het P. Smit, 'n kollega van C. M. Smit die volgende geskryf:

> "Na aanleiding van gedurige botsinge in die Departement van Fisiologie met Liggaamlike Opvoedkundestudente, het Smit die vak Bio-Ergonamika geskep wat bykans dieselfde leerstof bevat het, dog deur die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aangebied is" (Smit, 1972:3).

**Samevatting**

As gevolg van die feit dat Smit die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde moes vestig was sy aandeel aan die instelling van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde fundamenteel. Volgens Botha

(1983) was die kursusse wat deur Smit ingestel is doeltreffend en paslik vir sy tyd. Smit was versiende en het probeer om kursusse en vakrigtings in te stel om aan die behoeftes van die tyd te voorsien.

Die inhoud van die kursusse was gebalanseerd en het volgens Botha (1983) aan die eise van die tyd voldoen. Smit het egter nie geskroom om wysigings aan te bring indien omstandighede dit vereis het en dit sou lei tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria nie.

### 4.4.4 DAARSTELLING EN INSTANDHOUDING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE- EN SPORTFASILITEITE

Voor Smit se aanstelling by die Universiteit van Pretoria, het die Universiteit oor geringe sportgronde beskik naamlik rugby-, hokkie- en netbalvelde, asook jukskei- en tennisbane en 'n verwaarloosde atletiekbaan (Smit, 1944b:2).

Met die totstandkoming van 'n Departement en Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde het daar egter ook vir die sportterein van die Universiteit 'n nuwe tyd aangebreek, want behoorlike sportvelde was 'n vereiste vir die doeltreffende funksionering van die Departement (Anon., 1960a:424). Op aanbeveling van Smit is daar in 1946 'n terreinkomitee deur die Raad onder voorsitterskap van prof. B. V. Lombaard benoem. In 1947 het prof. Lombaard egter aanbeveel dat die beheer oor die sportvelde onder die beheer van die Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde geplaas word. Dit is so aangeneem (Anon., 1960a:424).

In 'n skrywe aan die Rekenmeester van die Universiteit het Smit in April 1951 die volgende berig aangaande sy pligte as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde:

"In die eerste plek het ek verantwoordelikheid aanvaar vir die uitlê en verbetering van die sportterrein en is ek later ook met die instandhouding daarvan belas" (Smit, 1951b:1).

Smit was dus in sy hoedanigheid as Direkteur van Liggaamlike Opvoedkunde verantwoordelik vir die daarstelling van sportfasiliteite sowel as die instandhouding daarvan. Dit was 'n omvattende taak maar dat Smit hom wel deeglik van sy taak gekwyt het sal duidelik blyk uit die bespreking wat in die volgende paragrawe volg.

Die sukses wat Smit behaal hetmet die daarstelling/vestiging/oprigting van fasiliteite, het saamgehang met die volgende faktore:

1. Hy het sistematies en planmatig te werk gegaan. In die Jaarverslag oor die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde van 1948 het Smit byvoorbeeld geskryf dat nadat die nodige goedkeuring gekry is om die aangevraagde sportvelde uit te lê en die bestaande fasiliteite te verbeter is daar sistematies te werk gegaan:

   "Eers is 'n landmeter aangestel om 'n opname van die terrein te maak. Toe is afleipype gelê om die vloedwaters te vervoer en nadat die verskillende spesifikasies en blou-afdrukke van die verlangde sportvelde en bane in gereedheid gebring is, is die werk stuksgewys op tender uitgegee" (Smit, 1948a:2).

   Dieselfde sistematiek is aan die dag gelê toe die Boukomitee waarvan Smit 'n lid was, in Oktober 1954 die eerste 18 morge op die proefplaas vir die daarstelling van sportgeriewe in besit geneem het. In Tukkie-sport 1930-1980 word geskryf dat daar nie "sommer holderstebolder" aan die bou gegaan is nie maar dat 'n lektor in Argitektuur aangestel is om die sportvelde uit te lê (Pelzer, 1982:25).

2. As gevolg van Smit se ervaring op die betrokke gebied kon hy met insig optree. Tydens sy verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement het hy onder andere op die Komitee vir die standaardisering van sportgronde gedien. Hierdie kennis wat hy as gevolg van vorige ervaringe opgedoen het, het hy baie

doeltreffend benut by die oprigting van sportfasiliteite aan die Universiteit van Pretoria. Die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde wat in 1948 opgerig is is onder andere 'n goeie voorbeeld hiervan (Anon., 1948b).

3. Smit was 'n ywerige en toegewyde werker. In *Ad destinatum 1910-1960* - 'n gedenkboek waarin die ontwikkeling van die Universiteit van Pretoria vanaf 1910-1960 uiteengesit word - is die ontwikkeling van die Universiteit se sportvelde ook onder andere beskryf. Daarin is byvoorbeeld beskryf wat die toestand van die sportvelde was toe Smit by die Universiteit aangestel is. Die atletiekbaan is beskryf as "meer 'n sandpad as iets anders" (Anon., 1960a:425). Twee van die voetbalvelde was nie standaardgrootte nie en die derde veld was in 'n halfklaar toestand. Die hokkieveld se blad was heeltemal uitgespeel en die paar jukskeibane was in 'n erg verwaarloosde toestand (Anon., 1960a:425). Die jaarboek het egter daarvan melding gemaak dat nadat Smit as Direkteur van die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde aangestel is "'n nuwe tyd" aangebreek het. Daar is geskryf: "Onder prof. Claude Smit (en sy ywerige medewerker, R. W. J. van Rensburg) het daar gou verbetering in die toestand gekom" (Anon., 1960a:425).

In 'n berig in *Die Transvaler* in Oktober 1947 is daar melding gemaak van die groot bedrywighede wat aan die gang was ten opsigte van die ontwikkeling van die Universiteit van Pretoria se sportterreine. Smit is in die berig geloof vir sy ywerige bydrae tot hierdie ontwikkelinge. Daar is onder andere geskryf:

> "Die siel agter al hierdie bedrywighede is prof. Claude Smit ..." (Anon., 1947b).

Smit kon dus in sy hoedanigheid as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde, as lid van die Boukomitee van die Universiteit en vanaf 1957 as lid van die Sportkomitee van die Universiteit 'n groot bydrae lewer tot die daarstelling en instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde en sportfasiliteite.

Ter ondersteuning van bogenoemde sal sy bydrae ten opsigte van 'n paar spesiale projekte meer spesifiek bespreek word.

## 1. Gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde

Die argitekte, Meiring en Naude, Burke, Lodge en Burg het in 1946 opdrag van die Raad van die Universiteit gekry om 'n gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en 'n swembad teen 41 000 pond te ontwerp. Die swembad is egter later agterweë gelaat (Anon., 1960a:280). Smit het, as lid van die Boukomitee van die Universiteit, in adviserende hoedanigheid opgetree en "... die nodige spesifikasies vir die L.O.-gebou voorsien" (Smit, 1948a:3). Die gebou was so beplan dat dit benewens die behoeftes van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, ook vir die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde se werksaamhede gebruik kon word. Die gebou is in 1948 voltooi en is op 8 Oktober 1948 om 19h30 amptelik geopen met onder andere 'n vertoning in Liggaamlike Opvoedkunde (Groskopf, 1953:4). Smit se groot inset tot die totstandkoming blyk baie duidelik uit die volgende twee berigte:

- Die Randse Pos, 20 Maart 1948:

  "Die gebou vir liggaamsopvoeding wat in aanbou is, sal 35 000 pond kos en die plan is opgetrek volgens prof. Smit se eie beplanning, beïnvloed deur wat hy in ander lande gesien het" (Anon., 1948b).

- The Pretoria News, 7 November 1947:

  "The new gymnasiums, change rooms and offices will be in one big building, an impressive structure of goldenbrick exterior of modern design. This is Professor Smit's own "brain baby", coupling some of the best ideas of world-famous gymnasiums with entirely new ideas for its purposeful interior design" (Anon., 1947c).

Die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde was in so 'n mate deur die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde asook sportklubs gebruik dat Smit in 1960 soos volg gerapporteer het oor die gebruik van die gebou:

> "Die bestaande twee gimnastieksale word soggens en smiddae deur die Liggaamlike Opvoedkunde Departement gebruik. Saans word dit deur klubs (gimnastiek, boks en skerm) in gebruik geneem. Die lesingsale, boportaal en balkon word namiddae en saans deur judo, stoei en gewigoptel in beslag geneem, maar gebrek aan ruimte beperk die klubs se aanwas" (Smit, 1960:3).

Om voorsiening te maak vir meer ruimte sodat meer sportsoorte geakkommodeer kan word, asook om voorsiening te maak vir die nypende gebrek aan stoorruimte, navorsingsfasiliteite en masseerlokale het Smit 'n dringende versoek tot die Dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerde gerig vir die uitbreiding van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde (Smit, 1960:3). Aan hierdie versoek is voldoen.

Met Smit se aftrede in 1973, kon hy daarmee spog dat die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde oor 'n stel laboratoriums beskik het en dat die toekoms die besliste moontlikheid van nog groter laboratoriums ingesluit het. Op daardie stadium was die aanbou van addisionele kantore en stoorruimtes reeds afgehandel en twee gimnasiums was in aanbou. Hierbenewens was die bou van 'n groot binnemuurse sportkompleks van twee miljoen rand reeds ingesluit in die toekomsplanne van die Universiteit (Smit, 1973c:1).

## 2. Atletiekbaan

Met Smit se aanstelling aan die Universiteit van Pretoria in 1946 het die Universiteit oor 'n verwaarloosde atletiekbaan beskik "wat meer 'n sandpad as iets anders" was (Anon., 1960:425). Die afwesigheid van 'n goeie atletiekbaan het die bevordering van atletiek aan die Universiteit ernstig gekortwiek.

Die daarstelling van 'n goeie atletiekbaan van hoogstaande gehalte was een van die eerste sake waaraan Smit aandag gegee het na sy aanstelling. Die baan was onder toesig van Smit ontwerp en gebou (Van Heerden, 1947:8). Om te verseker dat die hardloopoppervlakte net van die beste gehalte sal wees is daar onder sy toesig verskeie proewe gedoen om die beste grintmengsel daarvoor vas te stel (Anon., 1960a:425). Oor die ontwerp en bou van die baan het die The Pretoria News soos volg berig:

> "The athletic cinder track, the construction of which is a story all on its own, was made in varying layers, and now, with a 440 yards inside curve circuit, conforms in all respects to international standards" (Anon., 1947c).

Smit het besondere moeite gedoen om te verseker dat hierdie baan, wat voor die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde opgerig was, van hoogstaande gehalte sou wees. Die resultaat van sy moeite was 'n baan wat enige tyd langs die bestes in die land gestel kon word (Anon., 1960a:425). Hieroor is in The Daily Mail soos volg berig:

> "When completed, the Pretoria University athletic field will be one of the finest in the country" (Van Heerden, 1947).

Die baan is vir die eerste keer in gebruik geneem op 6 Desember 1947 tydens 'n atletiekbyeenkoms waaraan van Noord-Transvaal se topatlete deelgeneem het (Anon., 1947d). Die amptelike inwyding van die baan het egter tydens die Dalrymple-byeenkoms in Mei 1948 plaasgevind. Deelnemers van die verskillende universiteite sowel as van Noord-Transvaal het met groot waardering van die gehalte van die baan gepraat. Dat die baan beslis al die lof verdien wat dit toegeswaai is (danksy Smit) blyk baie duidelik uit 'n aanhaling uit Tukkie-sport 1930-1980. Hierin word daarvan melding gemaak dat namate die sportsoorte aan die Universiteit van Pretoria uitgebrei het, sportgronde by die proefplaas aangelê is en dat sportsoorte soontoe uitgewyk het. Die gehalte van die atletiekbaan was egter sodanig dat atletiek aanvanklik nie die skuif saam met die ander sportsoorte wou neem nie. Daar word uit Tukkie-sport 1930-1980 aangehaal:

> "Toe die groot trek van sport teen die end van die jare vyftig na die proefplaas begin het, was atletiek waarskynlik die klub wat die gelukkigste op die kampus gevestig was. Op 'n spoggerige baan net Suid van die Aula, is menige spoggerige byeenkoms gereël juis in die tyd toe die Atletiekklub die begin van 'n bloeitydperk beleef het" (Pelzer, 1982:28).

Alhoewel die betrokke atletiekbaan tans nie meer in gebruik is nie, aangesien die beperkte ruimte op die kampus van die Universiteit dit genoodsaak het dat 'n nuwe atletiekbaan in die begin van die jare sestig by die proefplaas gebou moes word, het Smit deur die aanbou van hierdie baan 'n pertinente rol gespeel ter bevordering van atletiek aan die Universiteit van Pretoria gedurende die jare 1947 tot 1959.

### 3. L.C. de Villiers-Sportstadion

Pas na Smit se aanstelling by die Universiteit van Pretoria het dit geblyk dat daar nie voldoende ruimte beskikbaar was vir die uitbreiding van sportgronde op die kampus van die Universiteit nie.

Hieroor het Smit in 1948 in 'n onderhoud met *Die Randse Pos* die volgende te sê gehad:

> "Dis jammer dat in die verlede so kortsigtig te werk gegaan is met grond, met die gevolg dat die Universiteit van Pretoria minder grond tot sy beskikking het as enige ander kleiner universiteit. Daar is min kans op uitbreiding aangesien al die grond rondom die Universiteit reeds toegebou is" (Anon., 1948b).

In 1953 het die rektor, C. H. Rautenbach, aan die hand gedoen dat grond van die proefplaas van die Fakulteit Landbouwetenskappe verkry sou word vir die ontwikkeling van 'n sportkompleks (Pelzer, 1982:24). Aanvanklik (in 1954) het die Fakulteit Landbouwetenskappe slegs 18 morge vir die doel opsy gesit. Later is ingewillig om nog grond beskikbaar te stel (Pelzer, 1982:25). Smit het op die

Boukomitee gedien wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die sportterrein. In November 1956 is mnr. S. Brink, 'n lektor in Argitektuur, deur die Raad as argitek vir die uitleg van sportvelde op die proefplaas aangestel en net die volgende maand het die Boukomitee sy plan goedgekeur (Anon., 1960a:425).

Smit was van die begin af aktief betrokke by die ontwikkeling van die sportgronde wat later die L. C. de Villiers-sportgronde sou heet. In The Pretoria News van 10 Maart 1956 was daar byvoorbeeld breedvoerige beriggewing oor die ontwikkeling van die sportgronde in 'n artikel met die volgende opskrif: "University to get most modern of sport fields". By die berig het 'n foto van Smit waar hy by die uitgrawings van die stadion gestaan het, verskyn. Die onderskrif by die foto het soos volg gelees:

> "Work on the stadium of the new sport fields of Pretoria University at that institution's Experimental Farm near Lynnwood, is progressing apace. The picture shows prof. Claude Smit sketching the lay-out of the stadium (of which the embankment can be seen in the background)" (Anon., 1956).

'n Week voor die amptelike opening van die stadion het daar weer eens 'n foto van Smit en 'n arbeider by die stadion, in The Pretoria News verskyn, met die onderskrif:

> "Prof. Claude Smit, on the right, and the University groundsman view in perspective the main pavilion of the L. C. de Villiers Sport Ground which are to be opened shortly" (Anon., 1959a).

Dit blyk dus dat Smit ononderbroke betrokke was by die aanlê van die L. C. de Villiers-sportgronde. Hy het nie net help beplan nie maar het ook behoedsaam gewaak dat die oprigting van die velde en fasiliteite volgens voorskrif geskied. Hy was die stille werker agter die skerms ten opsigte van hierdie projek. Hieroor het The Pretoria News in 1959 soos volg geskryf:

"Prof. Claude Smit, head of the Physical Education faculty, who has been the enthusiastic driving force behind the scheme, envisages laying out a second hockey field ...." (Anon., 1959a).

Die L. C. de Villiers-sportstadion (wat vernoem is na prof. L. C. de Villiers, 'n gewese professor in die Departement Geologie aan die Universiteit van Pretoria en 'n groot sportentoesias) is op 1 Junie 1959 amptelik in gebruik geneem. Op daardie stadium het die gronde 'n oppervlakte van 28,4 morge van die proefplaas beslaan. Die volgende fasiliteite was beskikbaar: 'n krieket-ovaal met 'n hokkie- en sokkerveld; sewe rugbyvelde en 'n hoofrugbyveld met 'n pawiljoen wat 3,000 sitplekke, 'n kantoor vir die opsigter, 'n noodhulpkamer, bergruimte en kleedkamers bevat het. Die aanbou van nog 'n hokkieveld, 'n rugbyveld, twee netbalvelde, asook jukskeibane was op daardie stadium alreeds in beginsel goedgekeur (Anon., 1959b).

Die L. C. de Villiers-sportgronde is met soveel momentum ontwikkel dat die Universiteit aan die einde van die jare sestig kon spog met 'n sportterrein van 90 morge wat die volgende ingesluit het: 17 rugbyvelde, 38 tennisbane, 4 krieketvelde, 'n atletiekbaan met 3 000 sitplekke en kleedkamers (uitsluitlik vir atletiek), 'n swembad volgens olimpiese standaarde, 'n klubhuis met geriewe vir alle binnenshuise sportsoorte en velde vir die beoefening van hokkie, sokker, korfbal en netbal (Anon., 1966a:3).

In 1970 is hierdie sportkompleks beskryf as een van die groot sportkomplekse van Suid-Afrika, asook een van die mooistes. Samehangend hiermee is in 1982 die volgende oor die kompleks geskryf:

"Niemand het in 1953 kon vermoed watter weelde aan gerief uit die dorre aarde opgetower sou kon word nie" (Pelzer, 1982:25).

**Samevatting**

Smit was betrokke by die daarstelling en instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde en sportfasiliteite aan die Universiteit van Pretoria in sy hoedanigheid as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en Direkteur van die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het ook op verskeie komitees gedien wat intens hiermee betrokke was soos onder andere die Boukomitee, die Sentrale Sportkomitee en die Universiteit van Pretoria Sportkomitee.

In bogenoemde hoedanighede kon hy 'n besondere bydrae lewer tot die uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite veral as gevolg van die inset wat hy kon lewer op grond van sy vakkundigheid en uitgebreide ervaringsveld op die gebied van uitleg en oprigting van sportfasiliteite. Hierbenewens was hy 'n entoesiastiese en toegewyde werker wat hom onvermoeid beywer het vir die daarstelling maar ook doeltreffende instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite van die Universiteit van Pretoria.

### 4.4.5 ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

#### 4.4.5.1 Inleiding

Smit is met sy aanstelling in 1946 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en as Direkteur van die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde (Anon., 1973b). Hy was dus enersyds verantwoordelik vir die administrasie en organisasie van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en andersyds moes hy beheer uitoefen oor die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde. In hierdie bespreking word daar slegs aandag gegee aan die wyse waarop hy die administratiewe en organisatoriese pligte as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde hanteer het.

Vanweë die feit dat die Departement die eerste van sy soort aan die Universiteit van Pretoria was, moes Smit alles van onder af begin. Hy moes die Departement in alle opsigte vestig. Benewens die feit dat hy kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde moes instel (kyk 4.4.3) asook die feit dat hy moes sorg vir die daarstelling van Liggaamlike Opvoedkunde-fasiliteite (kyk 4.4.4), was daar 'n groot aantal administratiewe sake wat hy in die Departement moes verrig en beheer oor moes uitoefen. Hier word onder andere gedink aan aspekte soos beheer oor die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en sy fasiliteite, beheer oor personeel en personeelvoorsiening, opleiding van en beheer oor studente, verkryging van handboeke en tydskrifte vir die vak asook die daarstelling van oefendrag vir studente in Liggaamlike Opvoedkunde. 'n Paar van bogenoemde aspekte word vervolgens in besonder bespreek.

### 4.4.5.2 Beheer oor die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en sy fasiliteite

Die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde is in 1948 voltooi en in gebruik geneem. Die gebou is vir tweërlei doeleindes gebruik, naamlik vir die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde sowel as vir die beoefening van binnemuurse sport deur ander studente verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

Smit het gesorg dat doeltreffende beheer oor die gebou sowel as sy fasiliteite uitgeoefen word. Hy het dit gedoen deur die personeel van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde sowel as die gronde-opsigter, mnr. R. W. J. van Rensburg, te betrek (Smit, 1951a:1). In Februarie 1951 het Smit die volgende inligtingstuk saamgestel en laat versprei: Reëls in verband met die L. O. gebou (Smit, 1951a:1). Hierin het hy dit duidelik uitgespel wat hy van alle klubs en individue wat van die Liggaamlike Opvoedkundegebou gebruik maak, verwag het. Hy het onder andere die volgende voorgeskryf:

1. "Slegs lede van die Universiteit se klubs soos boks, stoei, skerm, gewigoptel ens. wie se aktiwiteite in die L. O. gebou plaasvind word toegelaat om die kleedkamers van bogenoemde gebou te gebruik.

2. Met uitsondering van die kleedkamers mag studente nêrens in die L. O. gebou rook nie.

3. Alle papiere, sigaretstompies en dies meer moet in die vullisbakke gegooi word.

4. Slegs deelnemers met gimnastiekskoene of kaalvoete word in die gimnastieksale toegelaat.

5. Toeskouers word slegs met die Direkteur se toestemming in die L. O. gebou toegelaat en dan slegs op die balkon" (Smit, 1951a:1).

Ten opsigte van die gebruik van apparaat het hy in 1951 die volgende reëls ingestel:

1. "Alle sportuitrusting word deur mnr. van Rensburg, die gronde-opsigter, uitgereik en gebruikers word verwag om daarvoor te teken.

2. Gimnastiekapparaat mag alleen onder toesig van 'n L.O.-dosent deur studente gebruik word" (Smit, 1951a:1).

Uit bogenoemde blyk dit dus dat Smit vanaf die vestigingsjare van die Departement gesorg het dat doeltreffende beheer uitgeoefen word oor die Liggaamlike Opvoedkundegebou en sy fasiliteite. Die Departement se werksaamhede het egter al hoe meer uitgebrei. Die aantal sportklubs en hulle ledetal het intussen ook so aangegroei dat selfs die lesingsale en die portale as oefenlokale aangewend moes word (kyk 4.4.4). Volgens Smit (1968b:1) het die toesig en kontrole oor die verskillende sportkomitees geleidelik verslap sodat die gebou verniel is, vloere en uitrusting beskadig is sonder dat iets gerapporteer was en dat selfs

apparaat op groot skaal spoorloos verdwyn het. Smit het besluit dat die Departement in die toekoms meer beheer oor die gebou sou uitoefen en in 1968 is nuwe reëls in die verband opgestel. In die toekoms sou klubs jaarliks gedurende die eerste week van die jaar by die hoof aansoek moes doen om die gebruik van die lokale. Klubs sou in die toekoms slegs op bepaalde tye toegelaat word om te oefen. Smit het 'n volledige rooster opgestel waarop die presiese tyd en plek aangedui is wanneer die volgende klubs van die saal/lokale gebruik kon maak: gewigoptel, stoei, karate, gimnastiek, trampolien, boks, pluimbal, judo, tafeltennis, skerm en atletiek. Om strenger beheer uit te oefen oor diegene wat van die lokale gebruik gemaak het is die stelsel van lidmaatskapkaarte geïmplementeer. Smit het vereis dat elke lid van 'n klub op aanvraag sy registrasiekaart moes kon toon (Smit, 1968b:1).

Dat Smit na 1968 absoluut in beheer van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde sou wees het onder andere uit die volgende reëls wat in 1968 ingestel is, geblyk:

1. "Enige ander vereniging wat om die een of ander rede van die fasiliteite gebruik wil maak, moet skriftelik goedkeuring van die Direkteur verkry.

2. Die L. O.-gebou word om 6 nm. gesluit en is dan weer vanaf 7 tot 10 nm. beskikbaar. Indien 'n klub later wil oefen, moet spesiale goedkeuring van die Registrateur verkry word.

3. Waar nie anders gereël nie, sal alle uitrusting deur die L. O. personeel uitgereik en weer ingeneem word. Geen uitrusting hoegenaamd mag sonder toestemming van die Direkteur van die universiteitsterrein verwyder word nie.

4. Toeskouers en besoekers word slegs met die Direkteur se toestemming in die gebou toegelaat" (Smit, 1968b:1-2).

#### 4.4.5.3 Beheer oor personeel

Smit was 'n streng maar regverdige departementshoof. In 1951 het hy die volgende geskryf ten opsigte van die verhouding tussen hom en sy personeel:

> "As hoof verwag ek van my personeel lojaliteit, samewerking, geesdrif en beleefdheid asook die stiptelike uitvoering van hul menigvuldige pligte. As dit nie geskied nie sal ek as hoof gedwing word om die nodige dissiplinêre stappe te neem" (Smit, 1951a:1).

Smit het alreeds in die beginjare van die Departement regulasies daargestel wat as riglyne vir sy personeel sou dien ten opsigte van die volgende aspekte:

1. Algemene beheer
2. Pligte van personeel ten opsigte van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en sy fasiliteite
3. Pligte van personeel ten opsigte van doseerwerk
4. Pligte van personeel ten opsigte van bevordering van die vak in die algemeen
5. Pligte van die personeel ten opsigte van hul eie optrede.

1. Algemene beheer

- Alle reëlings rakende die Departement moes met Smit se medewete geskied het.
- Van personeellede is verwag om volle kantoorure na te kom, dit wil sê 8h00 tot 16h00 (1951). Hul kon alleen met verlof van die hoof vir enige bepaalde tyd afwesig wees.
- Van die senior lektor is verwag om toesig te hou oor die teoretiese en praktiese werk.
- Die Departementshoof kon te enige tyd die voorlesings en praktiese klasse van personeellede besoek.
- Die rooster moes streng uitgevoer word en enige onderlinge veranderinge moes onder die hoof se aandag gebring word.

- Alle beserings en ongevalle moes gerapporteer word en in 'n verslagregister opgeteken word.
- Registers moes gereeld gehou word. As 'n student drie agtereenvolgende periodes afwesig was of die klasse te ongereeld bygewoon het, moes hy na die Departementshoof gestuur word. (Smit, 1951a:2).

**2. Pligte van personeel ten opsigte van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en sy faliliteite**

- Die sluiting van die gebou was jaarliks gereël. 'n Dosent sou vir die toesluit van die Liggaamlike Opvoedkundegebou op een klubaand per week verantwoordelik wees.
- Dosente moes hul kleedkamers en kantore in orde hou. Alle kledingstukke moes in die kleedkamers bewaar word en die sleutels moes in die sleutelkas gebêre word.
- Gimnastiekapparaat kon alleen onder toesig van 'n Liggaamlike Opvoedkundedosent gebruik word.
- Die kennisgewingbord moes netjies gehou word.
- Die uitgee en wegbêre van apparaat moes deur die dosente self waargeneem word. Die sleutel van die apparaatkamer kon byvoorbeeld nie aan 'n student oorhandig word nie (Smit, 1951a:2).

**3. Pligte van personeel ten opsigte van doseerwerk**

- Waar moontlik moes dosente van oudiovisuele hulpmiddels gebruik maak.
- Dosente moes alle nodige apparaat voor die bestemde periode regkry.
- Uniformiteit in metodiek en beginsels was absoluut noodsaaklik om verwarring by die studente te voorkom.
- Beide Afrikaans en Engelse terminologie moes vir die verskillende aktiwiteite aangeleer word (1951).
- Dubbelhandige vaardigheid moes waar moontlik vereis word.
- Mans moes geleentheid kry om dameswerk te ervaar.
- Ekstra klasse vir die swak studente moes gereël word waar nodig.
- Dosente moes die doseerwerk so beplan dat atletiek en swem sportfeeste gedurende die jaar deur die studente gereël kon word.

- Volledige voorskrifte is ook aan die dosente verskaf ten opsigte van proefonderwys, afneem van toetse en eksamens (Smit, 1951a:3).

4. **Pligte van personeel ten opsigte van die bevordering van die vak in die algemeen**

- Dosente is ernstig aangeraai om die voorgeskrewe tydskrifte gereeld te bestudeer om sodoende op die hoogte te bly met die jongste ontwikkelinge op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen en hul eie vakgebied in besonder.
- Dosente is versoek om titels en uitgewers van teksboeke en ander naslaanwerke vir die aankoop deur die universiteitsbiblioteek van tyd tot tyd onder die Departementshoof se aandag te bring.
- Dosente is aangemoedig om wenke en planne vir die bevordering van die Departement en sy beeld na binne en na buite die Universiteit met die hoof van die Departement te bespreek (Smit, s.a. g.:2).

5. **Pligte van personeel ten opsigte van hul eie optrede**

- Dosente moes te alle tye netjies asook in korrekte of voorgeskrewe oefenklere vir die betrokke aktiwiteit geklee wees.
- Dosente moes so ver moontlik hul oortuigings uitleef en daarom is dit aanbeveel dat hul minstens drie keer per week self moes oefen om die nodige fisieke fiksheid te behou.
- Daar is van dosente verwag om belang te stel en aktief deel te neem aan die buitemuurse bedrywighede van die Departement soos byvoorbeeld sosiale aande, vertonings, kampe en uitstappies (Smit, 1951b:1).

Uit die bestudering van bogenoemde pligte wat Smit sy personeel opgelê het, kan verskeie afleidings gemaak word:

1. Smit het nie net op professionele gebied hoë eise aan sy personeel gestel nie, maar het ook aan hul as mense hoë eise gestel. Hierdie bewering kan gestaaf word uit 'n skrywe van Smit aan die Registrateur (Akademies) van die Universiteit van Pretoria. In die skrywe bepleit Smit die aanstelling van nog personeel aan die

Departement van Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het kortliks 'n oorsig gegee oor die hoë eise wat daar aan 'n dosent in Liggaamlike Opvoedkunde gestel word. In die skrywe het hy onder andere melding daarvan gemaak dat hy van 'n dosent verwag om onbesproke van karakter te wees.

> "Daarbenewens moet personeel oor groot werkvermoë, asook ervaring, onderrig- en organisatoriese vermoë, maar in die geval van Liggaamlike Opvoedkunde veral, oor onbesproke karakter beskik" (Smit, 1969b:2).

2. Die feit dat Smit dit wat hy van sy personeel verwag het baie duidelik uitgespel het, het die gevolg gehad dat sy personeel presies geweet het wat hul te doen staan ten opsigte van hul administratiewe pligte. Wat die beplanning en aanbieding van hul teoretiese en praktiese lesings betref het Smit egter nie ingemeng nie. Hy het volle vertroue in die professionele vermoëns van sy personeel gehad en vrye teuels aan hul gegee in die verband. Hieroor het K. A. Schrecker, 'n kollega wat vir baie jare saam met hom gewerk het, die volgende gesê:

> "He always left me a free hand in planning and arranging my lectures and practical classes" (Schrecker, 1983:3).

3. Smit het die vermoë gehad om pligte te delegeer. Deurdat hy die lede van sy personeel so intens betrokke gemaak het by die administratiewe pligte van die Departement, het dit nie net sake vir homself vergemaklik nie maar het dit die Departementele werksaamhede bespoedig. Dit het verder die voordeel gehad dat jonger manne in die Departement, as gevolg van die ervaring wat hul onder Smit se leiding gehad het, in later jare toe Smit passiewer begin raak het weens gesondheidsprobleme, op velerlei gebiede die administrasie van die Departement kon behartig (Botha, 1983).

4. Alhoewel Smit streng beheer oor sy personeel uitgeoefen het, kon sy personeel egter altyd op hom reken en staatmaak. Volgens Botha (1983) het Smit sy bes gedoen vir 'n persoon wat lojaal was aan die Departement, maar dat "hy nie veel genade met dislojales gehad het

nie" (Botha, 1983). Smit was 'n persoon wat nie geskroom het om 'n saak op 'n reguit manier te stel nie. Die gevolg hiervan was dat die lede van sy personeel presies geweet het waar elkeen met hom staan. Baie van hul het besondere waardering vir hierdie optrede van hom gehad. J. L. Botha, wat Smit as Departementshoof opgevolg het en jare lank sy kollega was, het die volgende oor Smit in dié verband te sê gehad:

> "Hy was 'n man wat nie tierlantyntjies gehad het nie en nie altyd diplomaties was nie, daarom het hy sy kleur altyd baie vinnig gewys en daarvoor het 'n mens respek vir hom gehad" (Smit, 1983).

5. Smit het die vermoë gehad om sy entoesiasme (kyk 4.1.6 wat handel oor Smit as persoon) oor te dra op sy personeel. In The Pretoria News van 1 September 1951 het 'n berig verskyn oor die Departement en Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria. Hierin is die volgende geskryf oor die wyse waarop hy sy personeel met entoesiasme geïnspireer het:

> "Prof Smit is an enthusiast and he fired his staff with the same spirit that has enabled him to achieve so much at the University" (Anon, 1951).

### 4.4.5.4 Beheer oor en opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde

Soos in die geval van sy personeel het Smit ook streng beheer uitgeoefen oor die studente wat Liggaamlike Opvoedkunde as vak geneem het. Die sukses wat hy ten opsigte van hierdie administratiewe aspek van sy Departement behaal het, kan grootliks daaraan toegeskryf word dat hy daarin kon slaag om goeie kommunikasie tussen hom en die studente te bewerkstellig. Hierdie kommunikasie is op verskeie maniere verkry. 'n Algemene metode van Smit was om dit wat hy van die student verwag het,

duidelik uit te spel (gewoonlik op skrif) en dit dan op doeltreffende wyse onder die aandag van die student te bring. Vir hierdie doeleindes het hy hoofsaaklik van die kennisgewingbord (wat ook as onderrigbord kon dien) van die Departement gebruik gemaak. Smit het die belangrikheid van die doeltreffende gebruik van 'n kennisgewingbord beklemtoon aangesien doeltreffende kommunikasie so nou hiermee saamgehang het. In 'n artikel getitel Die onderrigbord wat in September 1950 in Vigor verskyn het, het hy gewys op die gebruiksmoontlikhede van die kennisgewingbord of onderrigbord sowel as die belangrikheid daarvan (Smit, 1950:33). Dit is dan ook om hierdie rede dat die eerste twee reëls wat Smit gemaak en in Reëls vir studente in Liggaamlike Opvoedkunde bekend gestel is, soos volg sou lui:

1. "Alle L. O.-studente word vriendelik versoek om hierdie kennisgewingbord gereeld te besoek vir aankondigings.

2. Bestudeer die onderrigbord aan die teenoorgestelde muur" (Smit, 1951b:1).

Smit het ook daaraan geglo om goeie kommunikasie te bewerkstellig met voornemende studente in Liggaamlike Opvoedkunde. Om hierdie rede het hy 'n algemene inligtingstuk oor die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde opgestel waarin inligting aangaande die volgende sake rakende die Departement verskaf is: toelatingsvereistes, klasgelde, grade en diplomas in Liggaamlike Opvoedkunde wat aangebied is, sowel as die inhoud van die betrokke leerplanne, geneeskundige ondersoeke wat voornemende studente moes ondergaan, handboeke, oefendrag en liggaamlike bevoegdheidstoetse wat alle eerstejaarstudente moes aflê (Smit, 1958b:1-5). In die inligtingstuk het Smit seker gemaak dat 'n voornemende student in Liggaamlike Opvoedkunde presies geweet het wat van hom verwag sou word. Ter stawing kan twee voorbeelde aangehaal word waar Smit 'n saak duidelik en omonwonde gestel het:

- "Die eerste jaar word beskou as 'n proefperiode en alle studente wat nie vir die professie geskik geag word nie, sal aangeraai word om die kursus te staak" (Smit, 1958b:2).

- "Van kandidate word verwag om kamp en/of uitstappies soos deur die hoof van die Departement gereël as deel van die kursus by te woon" (Smit, 1958b:5).

Om te verseker dat studente wat reeds met 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde besig was, weet wat hy van hul verwag het, het Smit in 1951 reëls vir studente in Liggaamlike Opvoedkunde opgestel (Smit, 1951b:1). Hierin is onder andere melding gemaak van aspekte soos:

- Kennisgewingbord(e) wat gereeld besoek moes word.

- Die voorgeskrewe sportklere wat studente moes dra in 'n betrokke afdeling van die vak.

- Klasse wat gereeld bygewoon moes word want daar sou streng opgetree word teenoor diegene wat "klasse afgee".

- Beserings wat studente in Liggaamlike Opvoedkunde binne of buite die kursus opgedoen het sodat hulle nie aan die praktika kon deelneem nie, moes onmiddellik by die departementhoof aangemeld word. (Smit, 1951b:1).

Smit het egter nie net staat gemaak op reëls en regulasies om die samewerking van die studente in die Departement te verkry nie. Deur middel van 'n Liggaamlike Opvoedkundevereniging, Liggaamlike Opvoedkundetoere en -vertonings asook Liggaamlike Opvoedkundekampe het hy daarin geslaag om 'n gees van samewerking tussen dosente en studente van die Departement te skep wat 'n groot bydrae gelewer het tot die handhawing van dissipline oor die algemeen.

Die Liggaamlike Opvoedingvereniging (ook "Loffies" genoem) is in 1949 in die lewe geroep. Die doel van die Vereniging was om goeie samewerking tussen studente in Liggaamlike Opvoedkunde onderling asook tussen die studente en dosente van die Departement te verkry. Die Perdeby, die plaaslike studenteblad, het soos volg hieroor berig:

"Onder die bekwame leiding van prof. Claude Smit, het die studente 'n vereniging gevorm wat poog om die samewerking tussen belangstellende personeellede en studente te handhaaf" (Anon, 1972c).

Die Vereniging het gereelde byeenkomste gehou waarby die studente sowel as die dosente betrek is. So byvoorbeeld het Die Perdeby die volgende geskryf oor die Vereniging se heel eerste vergadering wat op 12 September 1949 gehou is:

"... die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde het hul eerste vergadering gehou wat goed deur die Liggaamlike Opvoedkunde studente bygewoon is. Prof. C. Smit het die aand met 'n woord van verwelkoming aan almal geopen waarna films oor tafeltennis en pluimbal vertoon is. Mnr. G. W. van der Merwe het daarna as hoofspreker opgetree ..." (Anon.,,, 1949b).

Bogenoemde Vereniging het sosiale funksies gereël soos sokkiejolle vir die studente, Liggaamlike Opvoedkundevakansietoere (Anon, 1958) asook Liggaamlike Opvoedkundekampe. Die Liggaamlike Opvoedkundekampe het 'n jaarlikse instelling geword. Die Perdeby het byvoorbeeld die volgende oor so 'n kamp in April 1950 berig:

"Die Liggaamlike Opvoedkunde studente het hulle jaarlikse kamp op Tygerspoort gehou. Die kamp het ses dae geduur, vanaf Vrydag 31 Maart tot Donderdag 6 April. Die volgende aktiwiteite is beoefen: swem in die swemgat, sagtebal, vasvrae, dans (Vrydag en Saterdag) terwyl daar op Sondag 'n diens gehou is" (Anon, 1950b).

Hierdie kampe het 'n groot bydrae gelewer om die gees van samehorigheid onder die studente en dosente van die Vereniging te skep. Die Perdeby het in 1973 die volgende hieroor berig:

"Die L. O. vereniging werk ten nouste saam met die L. O.-Departement, en was tot dusver deels verantwoordelik vir die reëling van die jaarlikse Opvoedkundige kamp waarby eerstejaars

ingelei is in die kampeerkuns - 'n uiters geslaagde onderneming om die gees van die vereniging op te wakker" (Anon, 1973c).

Hierdie samehorigheidsgees is verder bevorder deur die gimnastiektoere en -vertonings wat deur die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde onderneem is. So byvoorbeeld was daar in die begin van 1951 'n toer onderneem met prof. C. M. Smit as president van die geselskap wat verantwoordelik sou wees vir alle reëlings (Scholtz, 1951:bylaag). Volgens die berig in die *Vigor* was al die studente baie begeesterd oor die toer:

> "Die hele departement se studente sou aan die toer meedoen, en onmiddellik is aan die werk gespring. Almal, vanaf die eerstejaar tot die finale jaarstudente, het kosbare tyd opgeoffer en geoefen" (Scholtz, 1951:bylaag).

Deur middel van die bogenoemde aksies wat basies deur Smit geïnisieer is, het Smit daarin geslaag om aan beide die student en die dosent die gevoel te gee dat hul in 'n groot familie tuis is, naamlik die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria (Botha, 1983). P. Smit, eers student en later dosent aan hierdie Departement, het die volgende mening hieroor uitgespreek:

> "Liggaamlike Opvoedkunde was vir ons 'n tuiste. Dit was ons gebied, ons was trots daarop en kon ons man teen ander dissiplines staan" (Smit, 1972:3).

Smit het dus die vermoë gehad om veral in die beginjare van die Departement, die studente, nie net ten opsigte van die administratiewe aspekte rondom die vak nie, maar ook ten opsigte van hul opleiding, met sy entoesiasme vir die vak te begeester.

Ten opsigte van sy opleidingsmetodes kan die volgende aspekte uitgelig word. Hy het hoofsaaklik gebruik gemaak van die vertelmetode. Volgens Botha (1983) was Smit 'n onderhoudende verteller. As gevolg van die geweldige vinnige tempo waarmee hy gewerk het, gepaardgaande met sy vinnige spreekstyl en Malmesbury "brei", het eerstejaarstudente

aanvanklik gesukkel om by te hou. Namate hul aan sy spreekstyl gewoond geraak het, het hierdie probleem verdwyn. Botha (1983) was van mening dat Smit met sy vinnige manier van praat en dinamiese handgebare daarin geslaag het om studente se aandag te hou.

Smit het die vermoë gehad om die groot entoesiasme wat hy vir die vak gehad het oor te dra aan sy studente. Volgens Botha (1983) was sy studente sterk deur hom beïnvloed. Hieroor het J. J. P. Op't Hof, sekretaris van die destydse NARLO, die volgende mening gelug:

> "Prof. Smit was 'n uiters begeesterde persoon - begeester met die voordele van Liggaamlike Opvoeding - en het die gawe besit om sy begeestering oor te plant op almal met wie hy in aanraking gekom het maar veral op dienende personeel wat kort kursusse bygewoon het of jong studente. Sy kursusgangers en studente het aan sy lippe gehang en sou enigiets doen om hom nie teleur te stel nie" (Op't Hof, 1983:4).

#### 4.4.5.5 Samevatting

Smit het daarin geslaag om die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde doeltreffend te administreer omdat hy:

- vanaf die aanvangsjare spesiefike regulasies opgestel het met betrekking tot die fasiliteite, die personeel sowel as die studente;
- hom daarvoor beywer het om goeie samewerking te verkry deur informele kontak met sy personeel en studente op verskillende maniere te bewerkstellig, en
- met sy dinamiese persoonlikheid en begeesterdheid vir die vak die meeste mense om hom só beïnvloed het, dat hul "... enigiets sou doen om hom nie teleur te stel nie" (Op't Hof, 1983:4).

## 4.4.6 BEVORDERING VAN SPORT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Soos ter inleiding (kyk 4.1.4) verduidelik is, sal daar slegs oorsigtelik gekyk word na Smit se bydrae tot die bevordering van sport aan die Universiteit van Pretoria.

As Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde was dit Smit se taak "... om die sportaktiwiteite van alle studenteverenigings te koördineer en om uiteindelik met die verloop van tyd vir die liggaamlike welsyn van die studente verantwoordelik te wees" (Smit, 1947b:217).

Smit het aanvanklik, benewens sy menigvuldige pligte as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, gepoog om sy taak as Direkteur en alles wat daarmee saamgehang het alleen uit te voer. Omdat dit vir hom onmoontlik was om man alleen met elkeen van die groot aantal sportsoorte te onderhandel (Pelzer, 1982:6) het hy aanbeveel dat 'n Sentrale Sportkomitee (SSK) in die lewe geroep moes word. Oor die stigting van hierdie komitee is die volgende in *Trek* van 1947 berig:

> "Met die stigting van hierdie Sentrale Sportkomitee is 'n betekenisvolle stap deur die huidige Verenigde Studenteraad (VSR) gedoen, die vrugte waarvan nog in die toekoms gepluk sal word" (Smit, 1947b:217).

In hoe 'n mate Smit se woorde "... die vrugte waarvan nog in die toekoms gepluk sal word" bewaarheid sou word, blyk uit die wyse waarop die SSK onder Smit se bekwame leiding ontwikkel het totdat die Universiteit van Pretoria Sportkomitee (UPS) tot stand gekom het.

Op die SSK wat in 1948 in die lewe geroep is, was elke sportsoort verteenwoordig "... wat onder leiding van prof. Smit die uiteenlopende belange van sport sou koördineer en bevorder" (Pelzer, 1983:6). In *Tukkie-sport: 1930-1980* is berig dat die instelling van die SSK aansienlike vooruitgang teweeggebring het, veral as dit vergelyk word met die voorafgaande periode (Pelzer, 1983:7).

Die Sentrale Studenteraad (SSR) van die Universiteit van Pretoria het in 1950 tot stand gekom. Die studenteraad kon sterk steun op Smit se ervaring en insig ten opsigte van enige probleem wat in studentesport sy kop uitgesteek het. So byvoorbeeld is daar in 1953 besluit om die SSK anders saam te stel "om lewe daarin te blaas" (Pelzer, 1983:7). Met Smit se hulp is dit so gewysig dat in plaas daarvan om aan elke klub sitting daarop te verleen, sou dit uit sewe benoemde studentelede bestaan met die Direkteur (Smit) as permanente voorsitter. Dit het die Komitee in staat gestel om makliker beslissings te neem en dit kon tot 1957 op dié wyse aan die gang gehou word.

Die SSR was klaarblyklik nie gelukkig met die wyse waarop die SSK sy pligte nagekom het nie. Om die saak behoorlik te ontleed, is in September 1957 'n sportkonferensie georganiseer waar lank en diep besin en na 'n oplossing gesoek is (Pelzer, 1983:7). Om die bevindinge van die konferensie te konsolideer, is 'n Voortsettingskomitee benoem wat 'n finale plan voorberei het wat ook vir die Universiteitsraad aanvaarbaar was. Kragtens 'n ooreenkoms wat op 18 Oktober 1957 tussen die Raad en die SSR gesluit is, is die SSK ontbind en die Universiteit van Pretoria Sportkomitee (UPS) in die lewe geroep (Pelzer, 1983:7). Die UPS sou uit die Direkteur van die Instituut (ampshalwe) en vier personeellede bestaan wat deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Rektor, aangestel sou word en drie studentelede benoem deur die SSR. Smit het op die UPS gedien tot met sy aftrede in 1973. Sy grootste bydrae tot die bevordering van sport aan die Universiteit van Pretoria gedurende hierdie tyd het daarin gelê dat hy deur middel van die groot verskeidenheid subkomitees waarop hy gedien het sy ryke kennis en ervaring kon terugploeg.

In geheel gesien kan 'n mens die bydrae wat Smit gelewer het tot die bevordering van sport aan die Universiteit van Pretoria in twee tydperke verdeel, naamlik:

- Die tydperk: 1946 tot 1957
- Die tydperk: 1958 tot 1973

Tydens die eerste tydperk (1946-1957) was Smit as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde in beheer van studentesport in samewerking met die studente - hoofsaaklik die SSR. Sy grootste bydrae gedurende hierdie tydperk kan soos volg saamgevat word:

1. Hy het 'n reuse aandeel gehad in die daarstelling van sportstrukture, sodat studentesport aan die Universiteit doeltreffend bedryf kon word.
2. Hy het menige sportklub van advies bedien.
3. Hy was in beheer van die aankoop van en beheer oor sportapparaat. Dit het een van sy funksies gebly tot Oktober 1962 toe met sy instemming besluit is dat die UPS tenders vir die aankoop van apparaat sou inwin terwyl die sportbeampte direk verantwoordelik sou wees vir behoorlike kontrole oor alle voorraad (Pelzer, 1983:6).
4. Hy was verantwoordelik vir die beplanning, ontwikkeling, onderhoud en beheer oor sportgronde. (Kyk 4.4.4).

In Tukkie-sport: 1930-1980 is die volgende oor Smit se bydrae gedurende die tydperk 1946-1957 geskryf:

> "Miskien het die belangrikste funksie van die Direkteur daarin geseteI dat hy deur 'n liggaam wat nog ingestel moes word, inspraak sou kry in die organisasie van alle sportdeelnemers. Daarmee is 'n ontwikkelingsproses aan die gang gesit wat tot die huidige baie bevredigende toedrag van sake sou lei" (Pelzer, 1983:6).

Gedurende die tydperk 1958-1973 het Smit op die UPS gedien in sy hoedanigheid as Direkteur van die Instituut. Sy ervaring en kennis is op velerlei terreine gebruik, maar veral op die gebied van die aankoop van apparaat. Selfs nog in 1972, 'n jaar voor sy aftrede is daar op hierdie gebied nog van Smit se kundigheid gebruik gemaak. In die notule van die dagbestuursvergadering van die UPS wat op 21 Maart 1972 gehou is, is die volgende opgeteken:

> "Prof. C. Smit wys daarop dat die devaluasie van die rand tot gevolg het dat ingevoerde apparaat se pryse nou hoër is as

waarvoor begroot is. Die komitee beveel aan dat prof. Smit al die apparaat, soos goedgekeur op die begroting, moet aankoop" (UP, 1972:1).

Gedurende hierdie tydperk het Smit op subkomitees gedien wat onder andere te doen gehad het met sake soos die instelling van registrasiekaarte vir lede (UP, 1957), inwyding van die L. C. de Villiers-sportterein (UP, 1958a), die dokumentering en samestelling van sportgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria (UP, 1958a), herorganisasies van die Instituut en die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde (UP, 1960a:1-5), beheer oor sportgronde (UP, 1965a), magte en pligte van die UPS (UP, 1965b), aanstelling van afrigters (UP, 1967), sportfasiliteite in die sportsentrum (UP, 1969b:2) - om maar net 'n paar aspekte te noem.

Uit bogenoemde blyk dit dat Smit tot en met sy aftrede diens aan sport aan die Universiteit van Pretoria gelewer het. Tydens die laaste vergadering van die UPS wat deur Smit bygewoon is, het die Voorsitter Smit bedank vir dit wat hy vir sport aan die Universiteit van Pretoria gedoen het.

"Die Voorsitter bedank prof. Smit namens die komitee hartlik vir sy 27 jaar diens aan sport aan die Universiteit" (UP, 1973a).

### 4.4.7 SLOTOPMERKING

Uit voorafgaande besprekings oor Smit se bydraes ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit van Pretoria, kom 'n mens onder die indruk van die geweldige werkslas wat hy moes dra. Hy het egter vir die vak gelewe (Botha, 1983) en niks - nie eers homself - ontsien om Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit te bevorder nie. Hoeveel hy werklik van homself gegee het, kan op geen ander wyse beter weergegee word as om Smit se persoonlike gevoelens hieroor aan te haal nie. Om hierdie rede haal

skryfster die presiese woorde van Smit aan om die werklike impak van sy volle oorgawe van homself ter bevordering van die vak aan die Universiteit van Pretoria, te beklemtoon. In 'n persoonlike skrywe aan 'n kollega, K. A. Schrecker, het Smit as volg geskryf:

> "Hell, I am tired and depressed. I wonder when I shall ever be able to have a real vacation. I have a lot of plans for the next few years but wonder sometimes how I shall manage. 1948 will be another strenuous year ..." (Smit, 1947c:1).

Smit se onbaatsugtige ywer ten opsigte van die uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit het egter resultate getoon. Hierdie bewering word gemaak op grond van die feit dat daar aansienlike ontwikkelings op die verskillende terreine waarvoor hy verantwoordelik was plaasgevind het sedert sy aanstelling in 1946 tot en met sy aftrede in 1973. 'n Beknopte idee van wat alles deur hom in hierdie tyd vermag is, kan verkry word by die bestudering van 'n skrywe wat Smit aan prof. E. Locke, van die Universiteit van Rhodes gerig het, pas na Smit se aftrede in 1973. 'n Aanhaling uit die skrywe lui soos volg:

> "It has indeed been a great honour and a privilege to have been the founder and builder of the Physical Education Department at U.P. and to have started the sports set-up there. There was absolutely nothing when I was appointed. I also had the privelege of training practically all of the present staff-members as well as my successor. We now have a set of laboratories and even bigger ones are in the offing in the near future. Two gymnasia are now being built and additional offices and storage rooms have been completed. Finally a magnificent indoor sports complex of 2 million rand is being planned for the not too distant future. That in addition to the 3 million rand sport grounds and facilities already in existence, at the experimental farm. We now have a staff of 12 with two more staff members agreed upon for next year. For the past few years we have never had less than 100 first year students. Now it is over to them to bring all my dreams to fruition" (Smit, 1973c:1).

Dat die Universiteit van Pretoria groot waardering gehad het vir Smit en die werk wat deur hom aan die Universiteit gedoen is, het baie duidelik geblyk uit die optrede van verskillende instansies/persone verbonde aan die Universiteit. Verskillende afskeidsgeselligehede is gehou waartydens waardering teenoor Smit betoon is vir sy bydrae tot die uitbouing en vooruitgang van die Universiteit van Pretoria. Sodanige geselligehede is onder andere aangebied deur die Universiteit van Pretoria Sportkomitee, die Oud-Studente Unie, die Fakulteit van Opvoedkunde, die Fakulteit vir Kunste en die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde se personeel en studente. Oor laasgenoemde het Smit die volgende aan E. Locke geskryf:

> "My Departement did me proud by buying my office furniture from the University and presenting me therewith at a banquet. On the last day my students presented me with a bicycle - to stay fit" (Smit, 1973:1).

Die grootste bewys dat Smit se bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit van Pretoria van uitstaande gehalte was, het geblyk uit die feit dat die Raad van die Universiteit sy bydrae so hoog geag het dat hul hom vereer het met die toekenning as Emeritus Professor van die Universiteit. In 'n skrywe aan Smit in die verband, het die Registrateur namens die Universiteitsraad onder andere die volgende gestel:

> "... die Senaat en die Raad wil hul dank en waardering boekstaaf vir die waardevolle, getroue en ywerige wyse waarop u u pligte vervul het en vir die bydrae wat u gelewer het tot die uitbouing en vooruitgang van die Universiteit van Pretoria. U aandeel in die versorging en uitbouing van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde en die bevordering van sportbeoefening aan die Universiteit, verdien besondere vermelding" (UP, 1973b:1).

## 4.5 SMIT SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE DEUR MIDDEL VAN NAVORSINGSWERK EN PUBLIKASIES

### 4.5.1 INLEIDING

Smit het weinig geleentheid gehad om hom op suiwer vakwetenskaplike navorsing toe te lê. Gesien teen die agtergrond waarin Smit werksaam was, blyk dit dat sy werklas so groot was dat daar bykans nie tyd was vir navorsingswerk nie. Volgens Botha het Smit soveel pionierswerk/vestigingswerk gehad om te doen dat "hy net nie tyd gehad het om te gaan sit en navors nie" (Botha, 1983). Hieroor het K. A. Schrecker, 'n oudkollega van Smit, die volgende opinie uitgespreek:

> "As Smit himself used to state - perhaps too emphatically - he found very little time for research; his intensive organisatory work (which pertained also the sport office of the University for many years) occupied him entirely" (Schrecker, 1983:4).

Die feit dat Smit nie soveel aandag aan navorsing kon gee soos wat hy graag sou wou nie, het nie beteken dat hy navorsing nie as belangrik geag het nie. Hy was baie bewus van die feit dat daar 'n groot leemte bestaan het ten opsigte van navorsingswerk in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. In die begin veertigerjare het hy die mening uitgespreek dat navorsingswerk essensieel was maar dat dit oorhaastig sou wees om op groot skaal met navorsingswerk te begin voordat die ABC van Liggaamlike Opvoedkunde nie bemeester of doeltreffend georganiseer was nie (Smit, s.a. h:4). In 'n memorandum vir die Departement van Unie-Onderwys wat gedurende hierdie jare deur hom opgestel is en wat gehandel het oor 'n nasionale skema vir Liggaamlike Opvoedkunde het hy dit beklemtoon dat navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gedoen moes word. Hy het die volgende wenke in die verband aan die hand gedoen:

1. "Several physical educationists in South Africa are already doing research work. They - and others - should be encouraged to continue their activities.

2. I submit that the present central library be extended and made as complete as possible. Here various facts may be correlated and published in pamphlet form, if necessary.

3. An official organ is necessary wherein all articles of official importance may be published, but to be official it should not be attached to any particular institute or body of people.

4. Local problems especially should be investigated" (Smit, s.a. h:4).

Uit bogenoemde blyk dit dat Smit 'n praktiese ingesteldheid ten opsigte van navorsing gehad het. Hiermee word bedoel dat dit vir hom van belang was dat die resultaat van navorsing sodanig moes wees en ook sodanig georganiseer moes word dat dit in die praktyk toegepas en gebruik kon word.

Soos reeds gemeld was dit vir Smit vanselfsprekend dat wetenskaplike navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde uiters belangrik en noodsaaklik was. Dit was vir hom egter van groot belang dat navorsing nie ten koste van onderrig gedoen sou word nie. Hy het die waarskuwing uitgespreek dat die Liggaamlike Opvoedkunde aan universiteite in Suid-Afrika nie die voorbeeld van die in die Verenigde State van Amerika sou volg nie. Dáár het navorsing 'n statussimbool vir professore geword met die gevolg dat hul voorlesings in droë oninteressante opsommings van feite ontaard het "... wat nie altyd opvoedend was nie" (Smit, 1969b:108).

Smit het hom verder sterk uitgespreek oor die feit dat daar 'n nypende tekort aan navorsers op die gebied van sport en sportmedisyne in Suid-Afrika was (Smit, 1969b:108). Hy was van mening dat Liggaamlike Opvoedkunde sy navorsingsveld baie duidelik moes bepaal. Volgens Smit was die mediese aspek van Liggaamlike Opvoedkunde in Duitsland en baie ander leidende lande uitsluitlik deur die afdeling Sportmedisyne

waargeneem en nie deur Liggaamlike Opvoedkundiges nie. Hy was van mening dat een knelpunt in Suid-Afrika juis die gebrek aan sportartse was. Hy het baie sterk daaroor gevoel dat ten minste een sportarts op die personeel van elke departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika moes wees. Die sportarts moes optree as lektor en as skakel tussen die mediese Fakulteit en die departement Liggaamlike Opvoedkunde vir die opleiding van sportartse. Volgens Strydom (1986), tans professor aan die Instituut vir Biokinetika aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, steek daar groot moontlikhede en waarde in dié mening wat deur Smit gehuldig is.

As gevolg van die omstandighede waaronder Smit navorsing moes doen, dit wil sê die feit dat hy min tyd tot sy beskikking gehad het en ook nie die nodige fasiliteite soos laboratoriums gehad het nie, het hy hom hoofsaaklik tot literatuurnavorsing gewend (Botha, 1983). Volgens Robertson het Smit besonder baie oor sy vak gelees (Robertson, 1983:2). Botha het hierdie standpunt van Robertson dat Smit 'n entoesiastiese leser was, gedeel en was verder van mening dat Smit sy kennis geput het uit die groot boekery wat hy gehad het. Botha het dit ook beklemtoon dat die uiteenlopende aard van die publikasies wat deur Smit gelewer is getuig het van die wye opleeswerk wat deur Smit gedoen moes gewees het (Botha, 1983). Smit het sy vakkennis verder aangevul deur onder andere 'n studiereis in 1960 na Engeland en Duitsland te onderneem en deur die bywoning van kongresse in Liggaamlike Opvoedkunde.

In die beperkte tyd tot sy beskikking het hy wel 'n paar navorsingsprojekte voltooi en terselfdertyd ook as projekleier/promotor vir verskeie nagraadse studies opgetree. Gepaardgaande hiermee het hy ook nog die tyd gevind om verskeie publikasies die lig te laat sien. In die opvolgende paragrawe gaan daar in die eerste instansie gekonsentreer word op die bydrae van Smit ten opsigte van navorsing. Die volgende aspekte rakende navorsing gaan bespreek word, naamlik navorsingsprojekte wat deur Smit voltooi is, leiding wat hy aan nagraadse studente verleen het ten opsigte van hul eie navorsing, studiereise wat deur Smit onderneem is en die bywoning van kongresse oor Liggaamlike Opvoedkunde. In die tweede instansie sal aandag gegee word aan die

publikasies wat uit die pen van Smit verskyn het. Die publikasies sal onder die volgende hoofde bespreek word: publikasies in boekvorm en publikasies as artikels in tydskrifte.

## 4.5.2 SMIT SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSWERK

### 4.5.2.1 Navorsing deur Smit self gedoen

- 1960 - Comparative analysis of results from Kraus-Weber test of minimum muscular fitness in South African children
- 1961 - Submersion Bradycardio in Man. (In samewerking met Dr. N. Evans Robson - Loughborough Kollege).
- 1962 - 'n Vergelykende studie van die fisiese fiksheid van kinders in Suid-Afrika, Brittanje en die Verenigde State van Amerika, gegrond op 'n Suid-Afrikaanse steekproef.

Smit was vanaf 1950 tot 1957 besig met die insameling van gegewens oor die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. Die navorsingsprojek het egter nooit gematerialiseer nie as gevolg van Smit se vol program en weens swak gesondheid in sy latere jare.

Die navorsingsprojekte wat deur Smit voltooi is, het getuig van 'n wetenskaplike benadering, deeglikheid en dat Smit insig gehad het in die korrekte navorsingsmetodologie.

### 4.5.2.2 Leiding aan studente ten opsigte van hulle eie navorsingswerk

Smit moes as promotor of medepromotor leiding verskaf aan verskeie nagraadse studente. Ter stawing kan verwys word na die jaarverslae

van die Dekaan van Opvoedkunde van 1958, 1959, 1960 en 1961 waarvolgens Smit leiding aan die volgende aantal studente verskaf het:

- 1958 - Een M.Ed.-student en een D.Ed.-student
- 1959 - Drie M.Ed.-studente
- 1960 - Drie M.Ed.-studente
- 1961 - Drie M.Ed.-studente en een D.Ed.-student (UP, 1958b; UP, 1959; UP, 1960b; UP, 1961b)

Bogenoemde getalle getuig nie van 'n groot aantal nagraadse studente nie. Dit moet egter in ag geneem word dat daar gedurende die jare vyftig min nagraadse studente in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria was - 'n verskynsel wat deurgaans voorgekom het by ander tersiêre inrigtings wat die dissipline aangebied het. Volgens Botha (1983) het belangstelling in nagraadse studie in Liggaamlike Opvoedkunde eers in die laat sestigs sterk na vore gekom met die gevolg dat dit meestal die jonger personeel van die Departement was wat leiding in dié opsig aan studente verskaf het.

Studente wat onder Smit se leiding hul studies voltooi het, kon getuig van die doeltreffende wyse waarop dit geskied het (Smit, 1972; Botha, 1983). Smit was 'n sterk voorstaander van selfstudie en hy het die student beslis nie met die lepel gevoer nie (Botha, 1983). Hy sou aan nagraadse studente 'n groot hoeveelheid werk gee wat die student self moes gaan oplees en navors. Daarna het hy die besondere vermoë gehad om die werk wat deur die student gelewer is krities te beoordeel en die foute uit te wys (Botha, 1983). Volgens Botha het die doeltreffendheid van Smit se leiding aan nagraadse studente daarin gelê dat hy hul "... gedissiplineer het om selfwerksaam te wees" (Botha, 1983).

Smit het 'n verdere bydrae gelewer tot die ontwikkeling van navorsing in Suid-Afrika deurdat hy verskeie kere as eksaminator opgetree het vir nagraadse studies, onder andere die doktorale studies van G.W. van der Merwe asook die van C.P. Goosen.

#### 4.5.2.3 Studiereise en bywoning van kongresse

Soos reeds genoem moes Smit soveel tyd spandeer aan die vestiging van die Departement en Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde dat hy bykans geen tyd vir verdere studies of navorsing kon vind nie. In 1957 het hy die volgende in 'n skrywe aan die Dekaan van Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria gestel:

> "In hierdie tweeledige hoedanigheid moes ek in die afgelope 10 jaar buitengewoon baie tyd en energie bestee aan die instelling en opbouing van gemelde twee afdelings. Gevolglik was daar min tyd vir die voorbereiding, hersiening en verdieping van my lesings" (Smit, 1957c:1)

en

> "Ek voel dat sake so ver gevorder het, dat ek dit kan bekostig om vir 'n tydjie uit te span om aan my studies en navorsing te werk om sodoende beter uitvoering aan my leeropdrag te kan gee" (Smit, 1957c:1).

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit dat Smit besef het dat - ten spyte van die feit dat hy so min tyd tot sy beskikking gehad het om sy kennis te verbreed en om navorsing te doen - hy wel iets aan die saak moes doen. Uit die aard van sy omstandighede sou dit die beste wees om studieverlof te neem sodat hy sy aandag voluit aan sy studies en navorsing kon wy. Om hierdie rede het hy in 1960 'n volle jaar verlof geneem. Die eerste ses maande van die betrokke jaar het hy gewy aan die voltooiing en verwerking van die navorsingsprojek Comparative analysis of results from Kraus-Weber test of minimum muscular fitness in South African children. Die tweede helfte van 1960 is hy met behulp van 'n beurstoekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing na die buiteland vir "'n gerigte studie in verband met navorsingstegnieke in Liggaamlike Opvoedkunde" (Smit, 1961b:1).

Gedurende bogenoemde studiereis het Smit besoek gebring aan Griekeland, Groot Brittanje en Wes-Duitsland. In Griekeland het hy twee-en-'n-half dae in Athene vertoef om "... die Parthenon, die Stadion en alle verwante besienswaardighede, asook die museums aldaar te besigtig" (Smit, 1961a:1). Omdat Smit op daardie stadium verantwoordelik was vir die dosering van die afdeling Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria kon hy sy kennis van die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde ten opsigte van die Grieke besonderlik uitbrei tydens bogenoemde besoek.

In Groot Brittanje het hy die grootste gedeelte van sy tyd by die Loughborough Opleidingskollege deurgebring. Onder die bekwame leiding van dr. H. E. Robson wat aan dié kollege verbonde is, het hy "... vir vyf weke van soggens om 9 uur tot saans om 11 uur, Saterdae en Sondae ingesluit, gewerk" (Smit, 1961a:2). Sy werksaamhede te Loughborough kon onder die volgende hoofaktiwiteite geklassifiseer word: somatologie, kardio-vaskulêre bevoegdheid, asemhalingsbevoegdheid, die improvisering van apparate, toetse en metinge, voorlesings en navorsing (Smit, 1961a:3). Onder die toesig van mnr. John Atha het hy 'n groot aantal Amerikaanse motoriese fiksheidstoetse wat reeds met sukses in Loughborough aangewend is, op kursusgangers uitgevoer en in medewerking met dr. Robson het hy 'n navorsingsprojek Submersion Bradycardia in Man voltooi (Smit, 1961a:4). Die tydperk te Loughborough was 'n uitstekende voorbereidingskool vir Smit se voortgesette studies in Duitsland. Hy het op 15 September 1960 na Keulen vertrek waar hy hoofsaaklik onder leiding van dr. Hollmann verdere studies onderneem het. Dr. Hollmann was hoof van die Instituut für Kreislaufforschung und Sportmedizin aan die Sporthochschule te Keulen. Smit se studies het hoofsaaklik die volgende ingesluit:

1. Studie van die betrokke Duitse wetenskaplike lektuur
2. Bywoning van lesings deur dr. Hollmann
3. Seminare met dr. Hollmann
4. Oefening in die gebruik van die ergo-spirograaf
5. Oefening in die uitwerk van resultate
6. Assistensie by toetsing van pasiënte en toetspersone

As deel van sy studie het hy 'n paar dae by die Arbeidsfisiologie Instituut te Dortmund vertoef waar hy die Instituut se ondersoekmetodes bestudeer en besigtig het. Volgens Smit (1961a:6) het baie van hierdie werk veral ten opsigte van spierfisiologie, spierprestasievermoë, bloedsomloop, respirasie en klimaatsverwisseling ten nouste saamgehang met die Liggaamlike Opvoedkunde.

Die gevolg van bogenoemde studiereis was van besondere betekenis. Hy het nie net sy eie vakkennis aansienlik verbreed nie, maar het ook ryke ervaring opgedoen ten opsigte van navorsingswerk. Hierdie kennis en ervaring het hy doeltreffend gaan toepas in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria deurdat hy hierdie kennis deur middel van sy lesings aan die studente kon deurvoer, deurdat hy beter leiding aan studente ten opsigte van navorsing kon gee en deurdat hy hom met groter insig kon beywer vir die daarstelling van 'n goed toegeruste laboratorium vir navorsing op die gebied van Kinesiologie en Toegepaste Fisiologie in die Departement (Smit, 1961a:7).

Benewens bogenoemde studiereis het Smit verder gepoog om sy vakkennis te verbreed deur die bywoning van verskeie kongresse in Liggaamlike Opvoedkunde. Benewens die kongresse in Liggaamlike Opvoedkunde wat hy in Suid-Afrika bygewoon het soos byvoorbeeld die eerste en die tweede Suid-Afrikaanse Kongresse vir Liggaamlike Opvoeding en verskeie ander SAVLOR-kongresse het Smit ook internasionale kongresse bygewoon. Tydens sy besoek oorsee in 1960, het hy van die geleentheid gebruik gemaak om die kongresse wat tydens die Olimpiese Spele in Rome plaasgevind het by te woon. Die kongresse het vanaf 29 Augustus tot 9 September 1960 plaasgevind en het onder andere gehandel oor onderwerpe soos **Gesondheid en Fiksheid in die Moderne Wêreld en Sportmedisyne** (Smit, 1961a:4).

Deur die bywoning van bogenoemde kongresse kon Smit inligting bekom oor die nuutste ontwikkelinge wat op die terrein van Liggaamlike Opvoedkunde en sport plaasgevind het. Benewens dit kon hy ook waardevolle kontakte met ander vakkundiges opbou wat die uitruil van en bekombaarheid van gegewens rakende die dissipline vergemaklik het.

Hieroor het Smit die volgende geskryf in 'n verslag oor sy bywoning van die kongresse te Rome in 1960:

> "Hier het ek nie alleen uitmuntende gegewens ingewin nie, maar ook waardevolle kontakte met bekende navorsers op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in verskillende lande gemaak. Proff. A. Larsen, T.K. Cureton, L.R. Morehouse en A. Steinhaus van Amerika asook W. Cambell van Engeland, prof. J. Recla van Oostenryk en dr. K. Anderson van Noorweë het almal belowe om navorsingsmateriaal en gegewens aan my te stuur" (Smit, 1961a:4).

## 4.5.3 SMIT SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN PUBLIKASIES

### 4.5.3.1 Inleiding

Nieteenstaande die feit dat Smit 'n besondere vol program gehad het as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde (1939-1946) sowel as Professor en Direkteur van die Departement en Instituut (onderskeidelik) van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (1947-1973) het hy nogtans 'n paar publikasies die lig laat sien. 'n Groot gedeelte van die publikasies bestaan uit artikels wat in die tydskrifte *Liggaamsopvoeding* en *Vigor* verskyn het. Die artikels wat in *Liggaamsopvoeding* verskyn het, is geskryf tydens Smit se verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement as organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde. Om hierdie rede is dit verstaanbaar dat die meeste van hierdie artikels handel oor praktiese aspekte rondom die toepassing van die vak. Die feit dat die artikels wat deur hom geskryf is oor die algemeen oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe handel, getuig van Smit se wye vakkennis.

Die publikasies van Smit wat in boekvorm verskyn het bestaan hoofsaaklik uit verskeie van die eerste nasionale leerplanne vir Liggaamlike

Opvoedkunde waarvan hy een van die outeurs was asook 'n publikasie wat oor swem handel waarvan hy 'n mede-outeur was. Dit sluit ook kongresverslae (waartydens Smit referate gelewer het) wat in gebinde vorm verskyn het en ensiklopedieë waarin publikasies van hom verskyn het in.

#### 4.5.3.2 Publikasies in boekvorm

1940 Swimming instruction for beginners. Kaapstad : Unie Volkspers.
(Die boek is in medewerking met K. A. Schrecker geskryf).

1940 Terme in verband met Liggaamlike Opvoeding. Pretoria : Staatsdrukker.
(Die boek is deur die NARLO uitgegee. Smit het egter 'n groot aandeel in die samestelling van hierdie publikasie gehad).

1941 Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Junior boek. Pretoria : Staatsdrukker.

1943 Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek I. Pretoria : Staatsdrukker.

1947 Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek II. Pretoria : Staatsdrukker.
*

* Die drie genoemde leerplanne is as publikasies deur die N.A.R.L.O. uitgegee. Smit se aandeel in die samestelling van hierdie publikasies

1952 Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek III. Pretoria : Staatsdrukker.
(Smit was lid van die leerplankomitee wat verantwoordelik was vir die saamstelling van hierdie publikasie).

1959 - 1963/64 Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding. Senior Boek III. Pretoria, Staatsdrukker.
(Smit het opgetree as hoofredakteur vir die hersiening van hierdie publikasie).

1966 Gimnastiek in Suid-Afrika. (In : Ensiklopedie vir Suider-Afrika).

1970 Hindernis en rondte-oefening. (In : Verslag van die dertiende kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie : 29 September - 2 Oktober 1969 te Pretoria. p.145 - 147.)

1970 Knelpunte in die Liggaamlike Opvoeding. (In: Verslag van die dertiende kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie : 29 September - 2 Oktober 1969 te Pretoria. p106 - 116.)

1972 Gymnastics. (In: Standard encyclopedia of Southern Africa, 5:401 - 405.)

is reeds breedvoerig in hierdie hoofstuk bespreek onder die afdeling wat handel oor Nasionale leerplanne - punt 3.5.4.

### 4.5.3.3 Publikasies as artikels in tydskrifte

#### Liggaamsopvoeding

1939 Waarheen studente vir liggaamsopvoeding?/What is your aim student of physical education?
I (2) : 35 - 37, 58, Junie.

1940 Oefening lesse met maats/Lessons with partner exercises. II (1) : 28 - 31, April
II (2) : 35 - 37, Junie
II (3) : 21 - 24, September
II (4) : 45 - 46, November

1943 Die biologiese leeftydsgroepe/The biological age-groups.
V (2) : 9 - 15, 44, Junie.

1943 Die ontwikkeling van die term "liggaamsopvoeding"/ The development of the term "physical education".
V (3) : 2 - 12, 67, September.

1944 Die probleem van gewigsvermindering/The problem of weight reduction.
VI (2) : 12 - 39, Junie.

1945 Vroulike kleredrag in liggaamsopvoeding/Women's clothing in physical education.
VII (1) : 22 - 33, 45, April.

1945 Die atletiekbreier/The athletic coach.
VII (3) : 8 - 10, September.

1946 Gimnastiekwedstryde vir skole/Gymnastic tests for interschool competitions.
VIII (1), 33 - 47, April.

(In samewerking met D. Smit en A. L. Grobler geskryf).

## Vigor

1947 Health and Physical Education
I (1) : 7 - 8, September.

1947 Waarom departemente van Liggaamlike Opvoeding?
I (2) : 7 - 8, Desember.

1948 Die liggaamlike opvoeder se probleme in Suid-Afrika.
II (1) : 24 - 26, Desember.

1949 Die rol van liggaamlike opvoeding vir jeugwerk.
II (2) : 10 - 12, 16, Maart.

1950 Wat van speeltyd?
III (3) : 27, Junie.

1950 Die onderrigbord.
III (4) : 33 - 34, September.

1950 Gimnastiekpiramides.
IV (1) : 44 - 47, 57, Desember.

1951 The construction of a cinder track.
IV (4) : 10, September.

1952 Liggaamlike fiksheid : 'n doelstelling van liggaamlike opvoeding. VI (1) : 16 - 24, Desember.

1961 Sports medicine in West Germany : what is the position in South Africa?
XV (1) : 18 - 27, 64, December.

1962 Intervaltraining.
XV (4) : 5 - 9, September.

1962 Moderne inoefeningsteorie.
XVI (1) : 6 - 7, Desember.

1965 Progressive resistance exercises.
XVIII (2) : 8 - 20, March.

### Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing

1961 Comparative analysis of results from Kraus-Weber test of minimum muscular fitness in South African Children.
XII (1) : 1 - 20, Junie.

1965 'n Vergelykende studie van die fisieke fiksheid van kinders in Suid-Afrika, Brittanje en die V.S.A., gegrond op 'n Suid-Afrikaanse steekproef.
XIV (1) : 7 - 20, Junie.

Benewens bogenoemde artikels het Smit verder verskeie resensies oor Liggaamlike Opvoedkundepublikasies die lig laat sien. Dit was veral Obholzer wat as redakteur van die tydskrif Liggaamsopvoeding van die deskundige hulp van Smit op die gebied gebruik gemaak het. As voorbeeld kan genoem word die resensies wat Smit gedurende die tydperk 1939/40 oor die volgende boeke laat verskyn het:

- Nelson, A. 1930. Practical Athletics and How to Train. London : C. Arthur Pearson.
- Webster, F. A. M. 1931. Athletes in Action. London : John F. Shaw & Co.
- Webster, F. A. M. & Heys, J. W. 1932. Exercises for athletes. London : John F. Shaw & Co.
- Wilson, S. 1937. Vaulting and agility. London : John F. Shaw & Co.

Oor laasgenoemde boek het Smit byvoorbeeld die volgende geskryf:

"This book, which is interestingly written and well illustrated should prove a ready guide to the easiest and safest methods of teaching teachers in all types of schools, instructors and club leaders" (Smit, 1939d:2).

Aangesien daar weinig vakliteratuur ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde gedurende die jare veertig in Suid-Afrika beskikbaar was, was hierdie resensies deur die lesers van *Liggaamsopvoeding* sowel as *Vigor* verwelkom. Op hierdie wyse kon Smit 'n bydrae lewer om inligting aan die "man in die veld" te verskaf.

4.5.3.4 Slotopmerking

By die bestudering van die publikasies wat deur Smit gelewer is, word 'n mens getref deur die verskeidenheid van onderwerpe wat gedek is. Dit demonstreer Smit se akademiese beweeglikheid op verskeie terreine van sy vakgebied. Benewens die paar navorsingsartikels was die publikasies oor die algemeen baie praktykgerig. In die Inleiding van die publikasie *Swimming Instruction for Beginners* wat gesamentlik deur Smit en Schrecker geskryf is, word dit duidelik uitgespel dat die boekie geskrywe is "... vir studente, onderwysers en instrukteurs van liggaamsopvoeding, sowel as vir klubleiers" (Postma, 1940:50).

Die geskrifte wat deur Smit gelewer is, was dus baie bruikbaar vir die liggaamlike opvoedkundiges wat in die praktyk gestaan het. Volgens Botha (1983) was dit "wel deeglik deur vakmense gebruik".

Die publikasies wat deur Smit geskryf is het daarvan getuig dat hy op hoogte was met die nuutste ontwikkeling op sy vakgebied. Dit kan verklaar word uit die feit dat Smit so baie oor sy vak gelees het en heelwat tyd aan literatuurnavorsing bestee het (Botha, 1983). In die resensie wat Postma oor die publikasie *Swimming Instruction for Beginners* geskryf het, het hy (Postma) gemeld dat studente, onderwysers, instrukteurs en klubleiers baie baat by die boekie sal vind "... aangesien

die boekie 'up to date' geskrywe is en dit blyk dat die skrywers die moderne swemonderwysmetodes in aanmerking geneem het" (Postma, 1940:50).

Die publikasies wat deur Smit gelewer is, het getuig van deeglikheid en afgerondheid. Hy het besondere moeite gedoen om te verseker dat die inhoud daarvan van volledigheid en van wetenskaplike korrektheid getuig. Dat die gehalte daarvan goed was, getuig uit die feit dat verskeie van sy publikasies deur oorsese persone aangeprys was (Botha, 1983). Hieroor het Schrecker die volgende geskryf:

> "Some of his publications (e.g. on weight reduction and slimming and on interval training) were widely read" (Schrecker, 1983:4).

Botha som die situasie ten opsigte van Smit se bydrae tot publikasies baie raak op met die volgende woorde:

> "Smit het goeie gehalte werk gelewer waar hy kans gehad het om te skryf" (Botha, 1983).

### 4.5.4 SAMEVATTING

Gesien teen die agtergrond van die groot werklas wat Smit moes dra tydens sy verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement en die Universiteit van Pretoria, het hy weinig tyd tot sy beskikking gehad om aan navorsingswerk en publikasies te spandeer. Hy was egter deeglik bewus van die belangrikheid van navorsing en die leemtes daaraan verbonde ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Hyself het gepoog om sy vakkennis uit te brei deur middel van literatuurnavorsing, die onderneming van studiereise en die bywoning van kongresse in Liggaamlike Opvoedkunde.

Sy bydrae tot die uitbouing van navorsingswerk ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika behels die volgende:

1. Voltooiing van die navorsingsprojekte.
2. Die verskaffing van leiding aan nagraadse studente ten opsigte van hul eie navorsing.
3. Die doen van literatuurnavorsing en neem van studieverlof en bywoning van kongresse ten einde homself toe te rus met kennis aangaande die nuutste ontwikkeling ten opsigte van navorsing en die toepassing daarvan in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika deur middel van sy publikasies kan as volg saamgevat word:

1. Die omvang van Smit se publikasies is beperk tot 'n paar publikasies in boekvorm (in welke geval hy meestal in samewerking met ander outeurs gewerk het) en 'n hele aantal artikels in tydskrifte waarvan Liggaamsopvoeding en Vigor die belangrikste was.

2. Die verskeidenheid van onderwerpe waaroor Smit geskryf het getuig van sy akademiese beweeglikheid op verskeie terreine van sy vakgebied.

3. Sy publikasies was hoofsaaklik praktykgerig en kon baie nuttig deur vakkundiges gebruik word. Dit geld ook ten opsigte van die resensies en publikasies wat deur hom geskryf is.

4. Die gehalte van sy publikasies was hoogstaande en het getuig van deeglikheid en afgerondheid.

## 4.6. SMIT SE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE TEN OPSIGTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE- EN SPORTVERENIGINGS

### 4.6.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 3 aangedui (kyk die afdeling wat handel oor Postma se bydrae ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige tydskrifte en verenigings - hoofpunt 3.5) kan verenigings 'n besondere bydrae lewer tot die ontwikkeling van die dissipline omdat daar deur middel van 'n georganiseerde struktuur na die belange van die vak omgesien kan word op verskeie vlakke van die lewe.

Smit was betrokke by die Liggaamlike Opvoedkundige vereniging die SAVGLO & O/SAVLOR as gewone lid, maar ook in die hoedanigheid van voorsitter in 1952. Hy het ook opgetree as voorsitter van die Pretoria-tak van die vereniging. Sy bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in hierdie vereniging sal onder die volgende hoofde bespreek word: konstitusie, stigting van Pretoria-tak, uitbreiding van ledetal, opleiding van sportgeneeshere en vakterminologie.

Smit was ook betrokke by sportverenigings. Benewens sy betrokkenheid by die sportverenigings van die Universiteit van Pretoria (kyk 4.4.6) was hy betrokke by sportverenigings buite die Universiteit. Die belangrikste hiervan was die Suid-Afrikaanse Amateur Gimnastiekunie (SAAGU), die Noord-Transvaalse Amateur Gimnastiekunie, die Suid-Afrikaanse Interuniversitêre Amateur Gimnastiekvereniging en die Noord-Transvaalse Paraplegiese Vereniging.

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings word onder twee hoofde bespreek, naamlik:

- Liggaamlike Opvoedkundige verenigings

• Sportverenigings

## 4.6.2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGE VERENIGING: SAVGLO & O / SAVLOR

### 4.6.2.1 Inleiding

Smit was betrokke by die SAVGLO & O en SAVLOR vanaf die stigting van die vereniging in 1950. Tydens sy verbondenheid aan die vereniging het hy as 'n leier na vore getree deurdat hy as voorsitter verkies is in 1952 en aangesien hy as voorsitter moes optree vir afdelings soos byvoorbeeld die Afdeling vir dosente van Universiteite en Kolleges (SAVGLO & O, 1952a; Anon.,, 1954:10). Per geleentheid moes hy ook optree as voorsitter van besprekingsessies tydens kongresse (Smit, 1951c:9). Hy het verder gedien op verskeie komitees van die Vereniging soos die tegniese komitee (SAVGLO & O, 1952a), komitee vir kinetiese terapie (SAVGLO & O, 1956a), komitee : memorandum insake toestand van Liggaamlike Opvoeding op skole in Suid-Afrika (SAVGLO & O, 1956b:4) asook die Nasionale fiksheidskonferensiekomitee (Anon, 1960b:48).

In bogenoemde posisies maar ook in sy hoedanigheid as gewone lid van die Vereniging kon Smit verskeie bydraes lewer tot die uitbouing van die Vereniging en terselfdertyd 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. Hierdie bydraes dek 'n wye veld. Vir die doeleindes van hierdie studie word slegs enkele van die belangrikste bydraes uitgewys, naamlik Smit se betrokkenheid by die konstitusie van die vereniging, stigting van takke, uitbreiding van ledetal, opleiding van sportgeneeshere en sake rakende die terminologie van die vak.

#### 4.6.2.2 Konstitusie

Nadat daar besluit is om oor te gaan tot die stigting van die SAVGLO & O in 1950 was een van die eerste sake wat aandag moes geniet die daarstelling van 'n konstitusie vir die Vereniging. Die oorspronklike idee was dat die vereniging geskoei sou word op die patroon van die American Association for Health, Physical Education and Recreation. Aangesien die stand van sake ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde, gesondheid en rekreasie in Suid-Afrika in 1950 radikaal verskil het van die in die Verenigde State van Amerika, kon die Vereniging se konstitusie nie sonder meer net so oorgeneem word nie en moes daar in werklikheid 'n eiesoortige konstitusie vir die SAVGLO & O opgestel word. As voorsitter van die groepie Liggaamlike Opvoedkundiges wat in 1951 aangewys is om die Vereniging se konstitusie in gereedheid te bring, het Smit 'n pertinente rol gespeel in die daarstelling van die SAVGLO & O se konstitusie. In die verslag oor die eerste kongres van die vereniging wat van 11 - 13 Januarie 1951 te Pretoria plaasgevind het, is die volgende in die verband geskryf:

> "On Saturday afternoon a handful of "old faithfuls" under the chairmanship of Prof. Claude Smit, wrestled with the constitution" (Smit, 1951c:10).

Nadat bogenoemde komitee eenstemmigheid oor die inhoud en struktuur van die konstitusie bereik het, is dit aan die algemene jaarvergadering van die SAVGLO & O tydens die tweede kongres van die Vereniging in Januarie 1952 voorgelê. Die konstitusie is met 'n paar wysigings aanvaar (SAVGLO & O, 1952a). Aangesien die konstitusie op daardie stadium in Engels opgestel was, het Smit tydens bogenoemde vergadering voorgestel dat die konstitusie in Afrikaans vertaal moes word (SAVGLO & O, 1952a). Onder leiding van Smit is daar dus baanbrekerswerk verrig ten opsigte van die daarstelling van 'n konstitusie in Engels en Afrikaans vir die SAVGLO & O.

#### 4.6.2.3 Stigting van 'n Pretoria-tak

Smit was 'n sterk voorstaander daarvoor dat soveel moontlik Liggaamlike Opvoedkundiges by die SAVGLO & O betrek moes word. Hy was van mening dat meer lede betrek kon word indien daar meer takke van die Vereniging bestaan het. Om hierdie rede het hy die inisiatief geneem om 'n Pretoria-tak van die Vereniging in Mei 1950 te stig. Oor die stigting van die Pretoria-tak is daar in die *Vigor* van Junie 1950 soos volg berig:

> "Besiel met die gedagte, het prof. Claude Smit 'n vergadering belê vir die stigting van bogenoemde tak. Maandag 29 Mei 1950 het 'n hele aantal belangstellendes in die lesingsaal van die Liggaamlike Opvoedingsgebou, Universiteit van Pretoria, opgedaag om die vergadering by te woon" (Grosskopf, 1950:6).

Gedurende hierdie vergadering het Smit 'n uiteensetting gegee van die gebeurtenisse wat tot die stigting van die SAVGLO & O gelei het, asook die doel en strewe van die Vereniging. Daarna is 'n Uitvoerende Komitee van die tak gekies met Smit as voorsitter. Daar is besluit dat op 'n latere tydstip oorgegaan sou word tot die stigting van 'n provinsiale tak (Grosskopf, 1950:6).

Onder die bekwame leiding van Smit was die Pretoria-tak van die SAVGLO & O baie aktief en is verskeie projekte aangepak. So byvoorbeeld het die Komitee beplan om vertoë tot alle Noord-Transvaalse sportliggame, asook die mediese dienste en die Padveiligheidsorganisasie te rig en hulle te versoek om by die Vereniging te affilieer. Dit is byvoorbeeld ook onder andere aan die Komitee opgedra om die eerste kongres van die SAVGLO & O in Januarie 1951 te Pretoria te reël (Grosskopf, 1950:6). Dat die komitee hom baie goed van sy taak gekwyt het blyk onder andere uit die slotparagraaf van die verslag wat oor hierdie kongres geskryf is:

> "Now the Congress is something of the past. For the organising committee it was a colossal undertaking. .... The organisation

proceeded very well. Among the members of the congress a pleasant spirit prevailed" (Smit, 1951c:10).

#### 4.6.2.4 Uitbreiding van ledetal

Soos reeds gemeld was entoesiasme 'n kenmerkende eienskap van Smit (kyk 4.1.6 in hierdie hoofstuk wat handel oor **Smit as persoon** ). Indien hy by 'n saak betrokke was het hy geen steen onaangeroer gelaat om die belange van die saak te bevorder nie. Hy het dieselfde ywer geopenbaar ten opsigte van die SAVGLO & O, tydens sy betrokkenheid by die Vereniging. Hy kon nie altyd begryp waarom alle Liggaamlike Opvoedkundiges nie dieselfde entoesiasme as hy ten opsigte van die vak sowel as die SAVGLO & O openbaar het nie. Hy was van mening dat baie meer persone wat met die vak te doen het by die SAVGLO & O betrokke moes wees. Hy het sy misnoeë oor die toedrag van sake uitgespreek in die verslag van die eerste kongres van die SAVGLO & O wat in Januarie 1951 te Pretoria plaasgevind het. Hy het die volgende geskryf:

> "As usual, the 'old' faces were there again, namely, the representatives of government departments and the personnel of the training institutions. Ons asks oneself: Where are the physical teachers, instructors, coaches, students and representatives of youth organisations - those who put the subject into practice? Besides, they are obviously the persons who can make the biggest contribution to the subject. It is their assignment to ensure that the youth of the country receives the right education and develops the proper attitude towards physical activities" (Smit, 1951c:8).

Dit het Smit dus dwars in die krop gesteek dat dit altyd dieselfde persone, naamlik die vakadviseurs van die verskillende provinsies en die dosente verbonde aan universiteite en kolleges was wat die SAVGLO & O ondersteun het. Hy was 'n sterk voorstaander daarvoor dat lede van die Vereniging so moes uitbrei dat baie meer terreine as slegs die van onderwys en opleiding by die Vereniging betrek moes word. Om die

uitbreiding van die Vereniging se ledetal te verseker het hy die volgende wenke aan die hand gedoen:

1. Omdat dit op daardie stadium nog nie gedoen is nie, moes alle provinsiale en plaaslike takke ledelyste saamstel van alle Liggaamlike Opvoedkundiges in hul gebied. Verder moes die name en adresse van alle gekwalifiseerde liggaamlike opvoedkundiges, of hul aktief betrokke by die vak was of nie, opgespoor word en moes hul oorreed word om lede van die Vereniging te word.

2. Benewens bogenoemde moes instrukteurs, afrigters, medici, dieetkundiges en ander persone wat in die doelstellings van die vak sou belangstel aangemoedig word om die Vereniging te ondersteun.

3. Die volgende metodes kon gebruik word om belangstelling vir die Vereniging en sy doelstelling onder die aandag van die publiek te bring: lesings, praatjies, artikels in die pers, vertonings, demonstrasies en vakansiekursusse (Smit, 1951c:8).

Die wenke wat deur Smit in 1951 aan die hand gedoen is het nie op dowe ore geval nie. Ten opsigte van die wenk soos in (1) uiteengesit is, het die Uitvoerende Bestuur van die SAVGLO & O op 21 April 1952 besluit om ledelyste saam te stel en om vyf leidende Liggaamlike Opvoedkundiges naamlik dr. J. W. Postma, prof. C. Smit, mnr. A. H. Britton, prof. dr. D. H. Craven en prof. D.P.J. Smith te nader om omsendbriewe op te stel en aan al die lede van die SAVGLO & O in hul onderskeie gebiede te stuur (SAVGLO & O, 1952b).

Ten opsigte van die wenk wat Smit aan die hand gedoen het soos uiteengesit in (2) van die vorige paragraaf, is dit interessant om die volgende in die verband te meld. In 1982 het die struktuur van die SAVSLOR sodanig verander dat dit voorsiening gemaak het vir die insluiting van oefenkundiges, sportwetenskaplikes sowel as medici as lede van die Vereniging. Dit het tot gevolg gehad dat daar 'n aansienlike uitbreiding ten opsigte van die ledetal van die SAVSLOR plaasgevind het. Dit blyk dat Smit 'n versiendheid openbaar het in die betrokke wenk waarin hy aanbeveel het dat ook instrukteurs (oefenkundiges), afrigters

(sportwetenskaplikes) en medici aangemoedig moes word om die Vereniging te ondersteun. Dit stem verder ooreen met die besluit wat deur die Pretoria-tak van die SAVGLO & O, waarvan Smit voorsitter was, geneem is, naamlik om vertoë tot alle Noord-Transvaalse sportliggame, asook die mediese dienste te rig en hulle te versoek om by die Vereniging te affilieer (Grosskopf, 1950:6).

#### 4.6.2.5 Opleiding van sportgeneeshere

Reeds so vroeg as 1950 het die SAVGLO & O besef dat daar in Suid-Afrika 'n groot leemte bestaan ten opsigte van die beskikbaarheid en daarmee saamhangend die opleiding van sportgeneeshere. Die Vereniging het in 1952 besluit dat daar kontak gesoek moet word met universiteite wat medici oplei en dat die saak met hul opgeneem moes word. Tydens 'n uitvoerende bestuursvergadering van die SAVGLO & O op 21 April 1952 is dit aan Smit opgedra om met dr. S. Oosthuizen, voorsitter van die Mediese Raad en verbonde aan die Mediese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, te onderhandel insake die opleiding van sportartse (SAVGLO & O, 1952b). In November 1952 het Smit gerapporteer dat hy die saak met dr. Oosthuizen opgeneem het. Volgens hom was dr. Oosthuizen van mening dat geen mediese fakulteit iets aan die saak kon doen nie en dat die saak deur middel van 'n brief aan die Mediese Raad voorgelê moes word. Dit is aan Smit en Postma opgedra om so 'n brief op te stel (SAVGLO & O, 1952e). Die saak het hier blykbaar doodgeloop want daar word in geen notule enige verdere opmerkings gemaak insake die opleiding van sportgeneeshere nie.

Die opleiding van sportgeneeshere was egter 'n saak wat Smit baie na aan die hart gelê het. Alhoewel die saak wat deur SAVGLO & O in die vyftigerjare opgeneem is, doodgeloop het, het hy die saak weer te berde gebring tydens die dertiende kongres van die SAVLOR in 1969. Gedurende hierdie kongres het hy die volgende lesing gelewer: Knelpunte in die liggaamlike opvoeding. Een van die knelpunte wat hy in besonder beklemtoon het was die gebrek aan "sportartse" in Suid-Afrika (Smit,

1969b:107). Ten spyte van hierdie betoog van Smit kon die Vereniging niks doen ten opsigte van die opleiding van sportgeneeshere in Suid-Afrika nie.

Smit se versiendheid in verband met die opleiding van sportgeneeshere blyk uit die feit dat daar eers in die begin van die jare tagtig in Suid-Afrika 'n begin gemaak is met die opleiding van geneeshere wat in sportbeserings gespesialiseer het.

#### 4.6.2.6 Vakterminologie

Die SAVGLO & O het ernstig oor die saak gevoel dat dieselfde terme in Liggaamlike Opvoedkunde deur alle instansies in Suid-Afrika gebesig moes word. Die publikasie Terme in verband met Liggaamlike Opvoeding sowel as die nasionale leerplanne (kyk die afdeling wat handel oor leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde - 4.3.5), is as basis gebruik om 'n gemeenskaplike gebruik van terme in Suid-Afrika te verseker.

In Julie 1952 het die uitvoerende bestuur van die SAVGLO & O byvoorbeeld die volgende besluite insake die terminologie geneem:

- Die Vereniging sou die Nasionale Adviserende Raad vir Opvoeding Buite Sportverband (NAROBS) met die versoek nader om aan die SAVGLO & O 'n definitiewe opdrag te gee om die bestaande terminologieboek te hersien en te verbeter.

- Die Suid-Afrikaanse Amateur Gimnastiekunie sou deur die Vereniging versoek word om hulle by dieselfde terminologie (volgens die nasionale leerplanne) te bepaal (SAVGLO & O, 1952d).

Smit het laasgenoemde aspek persoonlik hanteer en tydens 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Amateur Gimnastiekunie het hy die Unie versoek om die gimnastiekterme soos deur die NARLO voorgeskryf, te besig. Die saak is gunstig deur die Unie oorweeg (SAVGLO & O, 1952e).

Bogenoemde paragraaf wil veel meer sê as dat Smit as lid van die SAVGLO & O 'n bydrae gelewer het tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde deur te waak oor die korrekte gebruik van die vakterminologie deur alle betrokke instansies in Suid-Afrika. Die navorser wil dit graag beklemtoon dat die feit dat Smit daarin kon slaag om 'n opdrag suksesvol af te handel onder andere daarin gelê het dat hy op 'n wye terrein van die vak beweeg het.

Ten opsigte van genoemde aangeleentheid moet dit gemeld word dat hy insig gehad het in die terminologie wat op daardie stadium in gebruik was aangesien hy medeverantwoordelik was vir die publikasies Terme in verband met Liggaamlike Opvoeding sowel as die nasionale leerplanne. Verder was hy op daardie stadium voorsitter van beide instansies wat by die saak betrokke was naamlik die SAVGLO & O en die SAAGU. Dit is dus wenslik dat die Liggaamlike Opvoedkundige homself nie sal isoleer net ten opsigte van die dissipline self nie, maar dat hy ook betrokke sal wees by verenigings, veral sportverenigings wat verband hou met die vak. Hierdie aspek sal meer breedvoerig behandel word in 'n opvolgende deel in hierdie afdeling naamlik Sportverenigings (kyk 4.6.3).

#### 4.6.2.7 Slotopmerkings

Uit bogenoemde besprekings blyk dit dat Smit 'n besliste bydrae gelewer het om die SAVGLO & O/SAVLOR se belange op verskeie terreine uit te bou. Dat die Vereniging in 1965 besluit het om Smit in te sluit by die 15 persone aan wie spesiale meriete-toekennings gemaak is, was dus eintlik 'n vanselfsprekendheid. Die toekennings is gemaak om hulde te bring "... aan diegene wat hulle sedert die ontstaan van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika onderskei het deur hulle bydraes tot die bevordering van die vak en tot die oogmerke van hoër standaarde van nasionale liggaamlike welstand" (SAVLOR, 1965:14). Smit het hierdie toekenning deur en deur verdien.

### 4.6.3 SPORTVERENIGINGS

Aangesien hierdie studie daarop gerig is om te toon watter bydrae deur Smit, Postma en Smith gelewer is tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en die klem nie op sport val nie, sal Smit se bydrae ten opsigte van sport nie breedvoerig bespreek word nie. Die feit dat sy bydrae in die verband wel bespreek word beteken dat die navorser dit as belangrik ag dat Smit wel by sportverenigings betrokke was omdat hierdie betrokkenheid in 'n sekere mate 'n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Die Liggaamlike Opvoedkundige se betrokkenheid by sportverenigings kan slegs voordeel vir die betrokke sportvereniging inhou omdat die Liggaamlike Opvoedkundige die kennis en ervaring wat hy ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde het, kan toepas in die sportwêreld. Die teenoorgestelde is egter ook van toepassing, naamlik dat die Liggaamlike Opvoedkundige die kennis en ervaring wat hy in die sportwêreld opgedoen het ook toepaslik en nuttig kan terugploeg in sy vak.

Dit is van besondere belang dat die Liggaamlike Opvoedkundige hom nie in sy eie vakwêreld sal isoleer nie maar dat hy ook betrokke sal wees by sportverenigings wat in noue verband met die vak staan. Een van hierdie voordele is dat beter kommunikasie verkry kan word. Hierdie wedersydse kommunikasie word hoofsaaklik verkry deur die persoonlike betrokkenheid van die Liggaamlike Opvoedkundige by albei partye. Benewens die feit dat hierdie wedersydse kommunikasie aanleiding gee tot die uitruil van kennis en ervaring (soos reeds in die vorige paragraaf uiteengesit) het dit ook tot gevolg dat sake van wedersydse belang vinniger en in baie gevalle meer doeltreffend deurgevoer kan word.

Benewens die feit dat Smit verbonde was aan 'n verskeidenheid van sportsoorte aan die Universiteit van Pretoria, was hy ook betrokke by verskeie sportverenigings buite die Universiteit. Sy grootste betrokkenheid was by die volgende sportsoorte waarvan hy in verskillende hoedanighede beurtelings as voorsitter, president en vise-voorsitter opgetree het:

- Die Suid-Afrikaanse Amateur Gimnastiekunie: 1954 - 1964
- Die Noord-Transvaalse Amateur Gimnastiekunie: 1956 - 1972
- Die Suid-Afrikaanse Universiteite Gimnastiekvereniging: 1965 - 1972
- Die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Gimnastiekunie: 1962 - 1964
- Die Noord-Transvaalse Paraplegiese Vereniging: 1963 - 1970

Smit het 'n besondere bydrae in die betrokke sportverenigings self gelewer as gevolg van die entoesiasme en ywer wat hy aan die dag gelê het by die aanpak van 'n saak. Die kennis en ervaring wat hy in die Vereniging kon inploeg kon net die belange van die Vereniging bevorder. Volgens Robertson (1983:3) het "hy daartoe bygedra dat 'dinge' vorentoe gegaan het en nie stilgestaan het nie".

As voorsitter het hy die vermoë gehad om 'n vergadering ordelik te lei en goeie bemiddeling tussen verskillende standpunte te bewerkstellig. Hieroor het Schrecker die volgende geskryf:

> "I served together with Smit on the General Committee of the S.A. Gymnastic Union, of which committee he acted as chairman. As such he exerted a good influence in taking up a moderate standpoint and mediatings between different opinions" (Schrecker, 1983:4).

By bestudering van die aard van die sportsoorte waarby Smit betrokke was is dit interessant om daarop te let dat hy in 'n groter mate betrokke was by gimnastiek. Dit het groot aansluiting gevind by die inhoud van die Nasionale leerplan vir seuns op daardie stadium. (Kyk 2.3). Die verbintenis wat Smit tussen kompetisiegimnastiek in die praktyk en die toepassing daarvan in skoolverband kon bewerkstellig was van groot waarde in beide gimnastiek buite-skoolverband sowel as gimnastiek binne-skoolverband.

#### 4.6.4 SAMEVATTING

Smit se bydrae ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde as gevolg van die diens wat hy in verskeie Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings gelewer het, kan kortliks soos volg saamgevat word.

Hy was in verskeie hoedanighede betrokke by die SAVGLO & O/SAVLOR. Aangesien hierdie Vereniging hom ten doel gestel het om Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen te bevorder, spreek dit vanself dat Smit se betrokkenheid by die uitbou en ontwikkeling van die verskeie terreine van die Vereniging, 'n direkte invloed op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen sou hê. Smit se aandeel in bogenoemde verband was veral op die volgende terreine: die daarstelling van 'n konstitusie vir die Vereniging, die stigting van takke van die Vereniging veral ten opsigte van die Pretoria-tak, positiewe wenke wat hy aan die hand gedoen het ten opsigte van die uitbreiding van die ledetal van die Vereniging, die opleiding van sportgeneeshere asook as die beskerming en bevordering van die vakterminologie op die terreine van beide sport en Liggaamlike Opvoedkunde.

Deur middel van Smit se betrokkenheid by verskeie sportsoorte kon hy die Verenigings van hulp wees as gevolg van sy groot vakkennis en ryke ervaring wat hy onvoorwaardelik na die sportverenigings kon oordra. Hy kon ook oorbruggingswerk doen ten einde beter samewerking tussen die sportverenigings en Liggaamlike Opvoedkundeverenigings te verkry. Laasgenoemde aspek sou die belange van albei partye bevorder.

### 4.7 SAMEVATTING EN EVALUERING

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika moet deurgaans gesien word in die lig van die omstandighede waarin die vak in daardie jare beoefen is. Waar sekere aspekte van die

vak vandag as vanselfsprekend aanvaar word, moes Smit in daardie tyd pionierswerk, vestigingswerk en selfs vegterswerk doen vir die behoud en ontwikkeling van die vak. Dit moet ook in ag geneem word dat daar soveel terreine van die vak was waarop Smit baanbrekers-, vestiging- en uitbouingswerk moes doen dat dit bykans onmoontlik vir hom was om hom net op een terrein alleen toe te spits. Smit het veral op die volgende terreine 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika: die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasie, vestiging en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit van Pretoria, ontwikkeling van die vak deur middel van navorsingswerk en publikasies asook die ontwikkeling van die vak ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings.

Smit se bydrae ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies was in die eerste instansie insette wat hy gelewer het om die vak gevestig te kry in skole en klubs waarby hy betrokke was as onderwyser en organiseerder. In die tweede instansie is opleidingskursusse deur hom geïmplementeer om die nuut-gevestigde vak uit te bou en te laat ontwikkel. In die derde instansie is die vak se ontwikkeling sterk ondersteun deur die doeltreffende administrasie wat deur Smit verskaf is. Ten slotte het Smit 'n reuse aandeel gehad in die samestelling van die nasionale leerplanne wat deur die skole en Liggaamlike Opvoedkundige organisasies dwarsdeur die land gebruik is.

Smit was vir bykans ses-en-twintig jaar in diens van die Universiteit van Pretoria. Gedurende hierdie tydperk het hy 'n besondere bydrae gelewer ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en sport aan die Universiteit en wel op verskillende terreine. Die belangrikste hiervan was die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde, die daarstelling en instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite, die doeltreffende administrasie en organisasie van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en die bevordering van sport in die algemeen aan die Universiteit.

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deur middel van navorsingswerk en publikasies moet gesien word teen die agtergrond waarin Smit moes arbei. As gevolg van die groot werklas wat hy moes dra tydens sy verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement en die Universiteit van Pretoria, het hy weinig tyd tot sy beskikking gehad om aan navorsingswerk en publikasies te wy. Hyself het gepoog om sy vakkennis uit te brei deur middel van literatuurnavorsing, studiereise en die bywoning van kongresse in Liggaamlike Opvoedkunde. Sy bydrae tot die uitbouing van navorsingswerk ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika behels die voltooiing van 'n paar navorsingsprojekte sowel as die verskafting van leiding aan nagraadse studente ten opsigte van hul eie navorsing.

Smit se bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika deur middel van publikasies kan soos volg saamgevat word:

1. Die omvang van sy publikasies was beperk tot 'n paar publikasies in boekvorm (in welke geval hy meestal in samewerking met ander outeurs gewerk het) en 'n hele aantal artikels in tydskrifte waarvan Liggaamsopvoeding en Vigor die belangrikste was.
2. Die verskeidenheid van onderwerpe waaroor hy geskryf het, getuig van sy akademiese beweeglikheid op verskeie terreine van sy vak.
3. Sy publikasies was hoofsaaklik praktykgerig en kon baie nuttig deur vakkundiges gebruik word.
4. Die gehalte van sy publikasies was hoogstaande en het getuig van deeglikheid en afgerondheid.

Smit se bydrae ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde as gevolg van die feit dat hy op verskeie Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings diens gelewer het kan kortliks soos volg saamgevat word. As gevolg van sy betrokkenheid by die SAVGLO & O/SAVLOR het hy veral 'n bydrae ten opsigte van die volgende sake rakende die Vereniging gelewer: die daarstelling van 'n konstitusie vir die Vereniging, die stigting van takke, veral die Pretoriatak van die Vereniging, die positiewe wenke wat hy aan die hand gedoen het ten opsigte van die uitbreiding van die ledetal van die Vereniging, die

opleiding van sportgeneeshere sowel as die beskerming en bevordering van die vakterminologie. As gevolg van sy betrokkenheid by verskeie sportsoorte kon hy die sportverenigings van hulp wees deur middel van sy groot vakkennis en ryke ervaring wat oor 'n wye veld gestrek het. Hy kon ook oorbruggingswerk doen ten einde beter samewerking tussen die sportverenigings en Liggaamlike Opvoedkundeverenigings te verkry. Hierdie aspek sou die belange van albei partye beskerm.

Die sukses wat Smit behaal het in sy pogings om Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te vestig en uit te bou kan grootliks toegeskryf word aan die entoesiasme en ywer waarmee hy dit wat hy aangepak het (en dit was baie) deurgevoer het. As onderwyser is daar die volgende oor hom gesê:

> "He came to us with a reputation for enthusiasm and energy in everything pertaining to school work, which has been well maintained during his stay here .... He has the ability of infusing into his classes an interest in, and enthusiasm for the work" (Anderson, 1936:1).

As organiseerder vir Liggaamlike Opvoedkunde het sy entoesiasme en ywer geensins afgeneem nie. Gedurende hierdie tydperk het C. M. Smuts die volgende aan Smit geskryf:

> "I am so glad to hear your enthusiasm hasn't cooled off - in fact, if anything, you sound more keen than ever before. Well, it's comforting to hear that such enthusiasm has had its reward" (Smuts, 1945:1).

As Professor van die Departement en Direkteur van die Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, het die Universiteit hom met sy aftrede bedank vir die "ywerige wyse" waarop hy sy pligte vervul het (UP, 1973b:1). Met sy afsterwe in 1978 het die Rektor van die Universiteit in 'n brief van medelye onder andere die volgende aan mev. D. Smit geskryf:

"Ons herinner prof. Smit nog altyd vir sy opgewektheid, sy entoesiasme en sy humorsin. Dit sal ons altyd onthou" (UP, 1978:1).

Vakkundiges in Suid-Afrika stem heelhartig met hierdie woorde van die Rektor van die Universiteit van Pretoria saam.



DAVID PETRUS JACOBUS SMIT